DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

6 Oktober1989 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



'n Bantu van 'n ander kleur - 12 &13

# Broeders en ANC gee pas aan vir FW

Elsabé Wessels

**DIE ontmoeting in London tussen invloedryke lede van die Afrikaner-Broederbond en die African National Congress bring die regering en dié verbode organisasie nog 'n stap nader aan die onderhandelingstafel.**

"Daar is geen twyfel nie dat ons posisie deur een van die lede van die afvaardiging aan die FW de Klerk-regering oorgedra sal word," het 'n ANC-woordvoerder na afloop van die ontmoeting aan Vrye Weekblad gesê.

*Hoog op die agenda van die Londen-gesprek was die ANC se voorstelle vir 'n vreedsame skikking wat onlangs deur die Organisasie vir Eenheid in Afrika en die Onverbonde Lande aanvaar is; die organisasie se beleidstuk oor grondwetlike riglyne; en president De Klerk se Vyfpuntplan.*

Dit is insiggewend dat die ANC se kroonprins en super-diplomaat, Thabo Mbeki, onmiddellik ná die Londen-gesprek Washington toe gevlieg het vir 'n ontmoeting met die Amerikaanse onder-minister van buitelandse sake belas met Afrika, Herman Cohen.

Net die volgende dag het Cohen sy belangrike beleidstandpunt oor Suid-Afrika gestel waarin Pretoria nege maande tyd gegun word om daadwerklik na onderhandeling en hervorming te beweeg.

Volgens ANC-bronne verwelkom Cohen die ANC se voorstelle vir onderhandeling en 'n vreedsame skikking.

Dit is nie net die Amerikaanse druk op Pretoria wat toeneem nie. Die gissings dat die regering die ANC-leiersfiguur Walter Sisulu binne enkele dae gaan vrylaat "om die water vir Mandela te toets" en om aan die Britse premier, Margaret Thatcher, ammunisie te gee vóór die Statebondskonferensie op 17 Oktober, het juis gister 'n hoogtepunt bereik.

Professors Willem de Klerk, Willie Esterhuyse en Sampie Terreblanche, wat in hul "private hoedanigheid" die Londen-konferensie bygewoon het, wou by hul terugkeer nie kommentaar oor die inhoud van die gesprek lewer nie.

Die ander gespreksgenoot, die redakteur van Die Burger, Ebbe Dommisse, is nog in die buiteland.

Hoewel nie een van die afgevaardigdes 'n regeringsposisie beklee nie, is De Klerk, Esterhuyse en Dommisse se invloed in NP-kringe onbetwisbaar.

Die onttrekking van die rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof Mike de Vries, op die vooraand van die ontmoeting is 'n refleksie van hoe sensitief die regering en die establishment kontak met die ANC beskou.

Dit was nie De Klerk en Esterhuyse se eerste ontmoeting met die ANC nie, en die leier van die Broederbond, Pieter de Lange, het self al sulke gesprekke gevoer. Dit is egter in groot geheimhouding gedoen.


De Vries, wat in die verlede studente-kontak met die ANC probeer keer het, is 'n direkteur van Nasionale Pers, wie se koerante veral in die verkiesing sterk propaganda teen die ANC geskryf het.

Die De Klerk-regering staar egter toenemende druk in die gesig om tasbare bewyse van hervorming aan die internasionale gemeenskap te gee.

Die verwagte vrylating van die bejaarde ANC-leiers Walter Sisulu en Oscar Mpheta word nou as die eerste stap gesien om internasionale druk voor die aanvang van die Statebondskonferensie in Maleisië in Oktober te verlig.

Die ANC se Harare-verklaring oor onderhandeling geniet tans wye steun in die internasionale gemeenskap en politieke waarnemers voel dat hulle tans voor-

*Vervolg op bladsy 2*



**Die man in die middel - die ANC se superdiplomaat, Thabo Mbeki**

# Sportbom bars by SAUK

Jacques Pauw

'N BOM het in die Raad van die SAUK ontplof nadat dit bekend geword het dat die korporasie nou tot R1,25 miljoen betaal om 'n enkele bokstoernooi uit te saai. Die Raad het nou ingegryp om te verhoed dat die sportoorlog tussen M-Net en die SAUK die televisiekyker verdere miljoene rande uit die sak jaag.

Intussen is daar bittere ongelukkigheid binne die SAUK omdat die regering glo sou toelaat dat M-Net met hom meeding vir die uitsaaireg op van die mees gesogte sporttoernooie ter wêreld. Die SAUK glo dat M-Net sy lisensievoorwaardes verbreek.

Intussen kan die besorgdheid van die Raad van die SAUK oor die buitensporige bedrae geld wat betaal word om uitsaairegte van veral bokstoernooie te koop, die wêreldtitelgeveg van die swaargewigbokser Pierre Coetzer volgende maand kelder.

'n Bron na aan die Raad vertel aan Vrye Weekblad dat dit veral die sopraan en raadslid Mimi Coertse was wat uiters ontsteld was oor die R1,25 miljoen wat die SAUK betaal het vir die uitsaairegte van verlede maand se toernooi in Puerto Rico toe Coetzer die Amerikaner Bob Hitz binne twee rondes uitgeslaan het.

Lede op die Raad meen dat hulle mislei is oor die bedrag wat die SAUK vir die geveg moes betaal omdat hulle onder die indruk was dat die korporasie 'n borg vir die toernooi sou kry, wat nie die geval was nie.

'n Bedrag van tot R2 miljoen word nou genoem om die regte vir Coetzer se wêreldtitelgeveg aanstaande maand teen die Italianer Francesco Damiani te koop. Indien die Raad sou weier om só 'n bedrag goed te keur en die SAUK weer nie 'n borg kan kry nie, is die geveg moontlik van die baan.

Personeel van TopSport verwag dat dié direktoraat, wat een van Riaan Eksteen se projekte was, binnekort afgeskaf gaan word en by 'n bestaande afdeling ingedeel gaan word.

Die gevoel op die Raad én binne die SAUK is dat daar tans te veel sport uitgesaai word. Swak beheermaatreëls word ook as rede aangevoer waarom die direktoraat moet verdwyn.

Vrye Weekblad verneem dat benewens die bedrae vir boksgevegte, die Raad ook bekommerd is oor die miljoene rande wat die SAUK aan die SA Rugbyraad en die Nasionale Sokkerliga vir uitsaairegte betaal.


Die bedrag wat aan die SA Rugbyraad vir uitsaairegte betaal word, is nie bekend nie, maar dit beloop miljoene rande. Die feit dat M-Net ook nou Curriebekerwedstryde uitsaai,

*Vervolg op bladsy 2*

Danie en Frankie speel voetjie-voetjie - 8

*Vervolg van bladsy 1*

# Broeders en ANC



Sample Terreblanche

loop wat onderhandelingsinisiatief betref.

* In sy toespraak waarin die Amerikaanse beleid teenoor Suid-Afrika uiteen gesit is, sê Cohen dat Amerika verbind is tot die beëindiging van apartheid, en tot fundamentele politieke verandering in Suid-Afrika, die uitbreiding van hulp aan swart Suid-Afrikaners en nouere kontak met Kongreslede om 'n eenvormige standpunt oor Suid-Afrika te bevorder.

Cohen steun die eise vir klimaatskepping wat deur die ANC en die breë demokratiese beweging gestel word, naamlik die vrylating van politieke gevangenes, die opheffing van die noodtoestand en die wettiging van verbode politieke organisasies. Hy het die beëindiging van geweld aan weerskante beklemtoon.

Die aanmoediging van dialoog tussen die regering en erkende swart leiers is die belangrikste stap op die onderhandelingspad, sê Cohen.

*Vervolg van bladsy 1*

# SAUK-sportbom

beteken dat uitsaairegte geweldig duur geword het.

Die Raad het ook onlangs sy kommer uitgespreek oor 'n reeks programme wat die SAUK moes maak om die honderdjarige viering van Suid-Afrikaanse krieket te herdenk.

Hoewel Krieketsage binnekort vertoon gaan word, is dit net mooi 'n jaar te laat, want die eeufeesviering was verlede jaar! 'n Borgskap van R300 000 is nou in die gedrang.

Volgens die lisensievoorwaardes van M-Net mag hy vir sportuitsendings beding wat nie tradisioneel deur die SAUK vertoon word nie. Nogtans het dié betaalkanaal vanjaar internasionale sportfeeste soos die Amerikaanse Ope tennis- en gholftoernooie, die FA Cup Final en die Vyfnasiereeks uitgesaai.

M-Net het glo ook baie sterk meegeding om die uitsaairegte van die Benson en Hedges-krieketaandreeks te verkry.

In die SAUK word nou gevra: Is die regering nie besig om M-Net ten koste van die SAUK te bevoordeel nie?

Die boksoorlog het begin toe M-Net die regte op al Brian Mitchell en Johnny du Plooy se gevegte verkry het. Die SAUK het teruggekap en Coetzer kontraktueel aan hom verbind.

Waar die SAUK aanvanklik sowat R100 000 betaal het om Coetzer se gevegte uit te saai, het die prys nou tot meer as R1 miljoen gestyg. Sy promotors, M+R-promosies, wil glo digby R2 miljoen vir Coetzer se wêreldtitelgeveg hê.

Vrye Weekblad verneem dat die SAUK selfs vir sogenaamde "township-toernooie" nou tussen R15 000 en R40 000 betaal. Promotors is bewus van die astronomiese bedrae geld en elkeen stoot nou die prys op.

Intussen is daar al hoe meer voorstanders in die SAUK van die gedagte van 'n enkele, gedekodeerde sportkanaal wat deur die korporasie en M-Net bestuur sal word.

Die gedagte is dat die SAUK se televisiekanale steeds sport sal uitsaai, maar dat 'n gedeelte van die SAUK geprivatiseer word om vir die sportkanaal voorsiening te maak.

* Vrye Weekblad het nie vandeesweek die SAUK vir kommentaar genader nie. Dit volg ná 'n reeks artikels wat onlangs in Vrye Weekblad verskyn het oor wanbestuur en korrupsie binne die departement opvoedkundige programme van die SAUK.

Tydens die reeks het Vrye Weekblad die SAUK telkens om kommentaar genader. Die eerste keer het die SAUK met 'n interdik gedreig. Kort hierna het die bestuurder van korporatiewe dienste, Willie Visagie, gesê dat die SAUK nie bereid is om langer kommentaar aan Vrye Weekblad te lewer oor bespiegelinge rakende "suiwer interne aangeleenthede" nie.

Die hoof van opvoedkundige programme, dr Pieter Erasmus, is na Vrye Weekblad se beriggewing aangekla en word tans deur die SAUK verhoor.

# Die laksman was weer besig dié week

**Jacques Pauw**

NA vier maande waartydens die laksman van die die Sentrale Gevangenis in Pretoria ledig rondgehang het, is vyf mense die afgelope agt dae tereggestel.

Die nuwe vlaag van teregstellings kom as 'n groot teleurstelling vir voorstanders van die afskaffing van die doodstraf nadat hulle gehoop het dat 'n de facto-moratorium in werking is omdat niemand tussen 19 Julie en 29 September vanjaar opgehang is nie.

Daar was die afgelope maande verskeie uitsprake uit regeringsgeledere wat daarop dui dat 'n hervorming van Suid-Afrika se strafstelsel wat doodstraf in gevalle van moord sonder versagtende omstandighede verpligtend maak, in sig is.

Die jongste teregstelling volg ook op 'n reeks betogings wat verlede week in Suid-Afrika en in die buiteland teen teregstellings in Suid-Afrika gehou is.

Buitelandse regerings en die Verenigde Volke het verlede week 'n versoekskrif aan die regerings van onder meer Suid-Afrika, China en Iran oorhandig en gevra vir 'n beëindiging van teregstellings.

Voorstanders van afskaffing was ook vol hoop dat die nuwe regering van staatspresident FW de Klerk in sy skepping van 'n atmosfeer waarbinne versoening kan plaasvind, opnuut na die doodstraf sal kyk.

Ondanks die nuwe teregstellings is daar nogtans vanjaar veel minder mense opgehang as in die oorstemmende tyd verlede jaar en meer veroordeeldes begenadig as wat gehang is.

Volgens die organisasie Regslui vir Menseregte is 41 mense tot dusver vanjaar tereggestel terwyl 53 begenadig is.

Een van die veroordeeldes wie se vonnis vandeesweek ter elfder ure uitgestel is nadat nuwe getuienis aangebied is, is die verkragter Leon Faasen, wat vroeg verlede jaar ter dood veroordeel is nadat hy 'n swartvrou gruwelik vermink en wreedaardig verkrag het.

Die doodsvonnis van twee broers, Phillip en Petrus Shibande is ook vandeesweek ter syde gestel.

'n Woordvoerder van Regslui vir Menseregte sê hy is uiters ontsteld oor die nuwe vlaag van teregstellings en dat die tydelike opskorting bloot 'n politieke maneuver van die regering voor die verkiesings was.

# Gebruik dié leë skole, sê Chikane

DIE Suid-Afrikaanse Raad van Kerke sal die regering se diskriminerende apartheidswette uitdaag en dit oorweeg om leë of halfleë blanke skole te beset as dié skole nie volgende jaar vir alle rasse oopgestel word nie, het eerw Frank Chikane, hoofsekretaris van die SARK, Woensdag in Kaapstad op 'n kongres oor die onderwyskrisis gesê.

"Wanneer die skole in Januarie heropen, moet ons 'n beroep op alle Suid-Afrikaners doen om hul kinders na die naaste skool te bring om dit vir die gemeenskap toe te eien en dit te de-segregeer," het Chikane gesê.

Chikane het gesê gebeure oor die laaste tien jaar het hom daarvan oortuig dat die regering se onderwysbeleid gefaal het.

"Ek is daarvan oortuig dat ons nie meer die toekoms van ons kinders in die hande van die regering kan laat nie. Ons besef dat die regering hoofsaaklik die belange van die blanke minderheid, wat hom verkies het, beskerm.

"Die regering bestee tans vyf keer meer aan 'n blanke leerling as aan 'n swart leerling. Die onderwyser-leerling-verhouding vir swartmense is 1:40 terwyl dié van blankes 1:16 is. In Soweto alleen kan meer as 13 000 leerlinge nie toegang tot skole verkry nie."

# Pacificos se oliespoor word langer

DIE woeste storm wat die lekkende Cipriotiese olietenkskip, Pacificos, Woensdagaand aan die kus by Oos-Londen getref het, het die gat aan die bakboord waardeur olieslik lek, verder vergroot.

Tonne olie het reeds in die see gestort.

'n Woordvoerder vir Pentow Marine in Kaapstad, kapt Dai Davies, sê dat 'n inspeksievlug deur die besoedelingspatrollievliegtuig, Kuswag 7, gisteroggend vasgestel het dat die skade aan die 268 000-ton skip vererger het.

Die stormagtige toestande maak dit ontmoontlik om te sien hoeveel die 15 meter gat aan die romp vergroot het.

Davies sê dat 'n ses meter deining dit onmoontlik sal maak vir die duikers wat gistermiddag per helikopter aan boord van die tenkskip gegaan het om inspeksie van die skade te doen.

Hy sê die vliegtuig het 'n 27 kilometer lange slikstert agter Pacificos op sy verkenningsvlug gesien.

Twee besoedelingsproeibote was op die toneel, maar dit was nie nodig om die slik te sproei nie omdat die rowwe toestande die olie opgebreek het.

Davies sê die bergingsboot, die Wolraad Woltemade, het die skip gistermiddag bereik.

Onderhandelings met die eienaars oor 'n bergingskontrak is aan die gang.

Die Pacificos lê nou 100 kilometer van die kus af. - Sapa

# Mynbase vier alleen fees

**Anton Steenkamp**

VIR swart mynwerkers beteken die honderdjarige bestaansjaar van die Kamer van Mynwese bloot die herdenking van miljoene mense wat onder die grond gesterf het om 'n klein blanke minderheid van miljoenêrs nog ryker te maak, het die National Union of Mineworkers (NUM) gister in 'n verklaring gesê.

"Duisende rande is al op 'n advertensieveldtog gespandeer om die veronderstelde ekonomiese wonder van die Kamer van Mynwese te loof," sê NUM. "Maar vroër vanjaar het die Kamer geweier om mynwerkers se lone te verhoog omdat hulle gesê het hulle kan dit nie bekostig nie."

NUM beweer in die verklaring dat lone vir swart mynwerkers nog steeds heeltemal onvoldoende is. Swart mynwerkers verdien gemiddeld R500 'n maand, terwyl hul blanke eweknieë gemiddeld R3 000 verdien.

Die Universiteit van Port Elizabeth stel die minimum maandelikse oorlewingsloon vir Johannesburg op R831.

NUM beweer ook dat mynwerkers onder haglike omstandighede in kampongs moet woon sonder dat hulle 'n gesinslewe kan geniet, en dat hulle deur die "paramilitêre magte" op die myne onderdruk word.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 2151. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die blad word gedruk deur Caxton Bpk van Commandoweg, Industria.

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# DP-leierskapstryd is op 'n spits

**Elsabé Wessels**

DIE beëindiging van die Demokratiese Party se buiteparlementêre program en 'n staking van Afrikanersteun is besware wat dié week geopper is in die bittere leierskapstryd op die vooraand van die Demokratiese Party se eerste kongres môre in Durban.

Ander beleidsake is die laaste twee weke opsy geskuif terwyl daar openlik standpunt ingeneem is en oor en weer gekoukus is oor die geskilpunt oor die beëindiging van die troika ten gunste van 'n enkele leier.


In dié stadium is dit omtrent 'n uitgemaakte saak dat dr Zach de Beer met die kroon sal wegloop indien een leier aangewys word. Nie Wynand Malan of dr Denis Worrall geniet dieselfde gekonsoli-deerde steun nie.

Die aanwys van 'n enkele leier, by name De Beer, geniet steun onder voormalige PFP-lede, terwyl die Malan/Worrall-faksies hul agter 'n voortgesette troika skaar.


In kritiek teen De Beer as enkele leier beweer partybronne dat , hoewel hy oor die persoonlike hoedanighede beskik, sy agtergrond nie bevorderlik is vir die ontwikkeling van steun onder swart geledere of Afrikaners nie.

As 'n voormalige direkteur van Anglo American - wie se huidige direkteur, Gavin Relly, FW de Klerk openlik steun - en sy verhouding met die konserwatiewe oud-PFP garde, sal De Beer nie maklik vertroue by swartmense inboesem nie, word beweer.


Daar word gemeen dat 'n daadwerklike poging aangewend sal moet word om bande met die breë demokratiese beweging te herstel nadat verhoudings ernstig vertroebel is deur die deelname van die DP - ondanks die uitgesproke afkeer van swart leiers - aan die Huis van Afgevaardiges.



Dr Denis Worrall



Dr Zach de Beer



Wynand Malan

Indien die DP nie dié "tweede been" ontwikkel nie, sal een van dié party se belangrikste doelstellings deur die mat val en sal die DP tot wit politiek beperk word.

Hoewel die DP beperkte Afrikanersteun in die verkiesing kon werf, is party-organiseerders in hoofsaaklik Afrikaanssprekende gebiede daarvan oortuig dat leierskap onder De Beer nie die uitbreiding van steun in dié gebiede sal bevorder nie. Daar word gevrees dat die PFP-beeld van die party historiese vooroordele sal aanwakker. In die meeste Afrikaanse kiesafdelings is Malan die gunsteling.

Die aanwys van 'n enkele leier het die party twee keer reeds in 'n binnekringkrisis gedompel - voor die stigting van die party en voor die verkiesing.

Elke keer het die nasionale raad egter besluit om die saak uit te stel om 'n skeuring te voorkom.

Die nuutverkose LP vir Houghton, Tony Leon, het verlede week 'n openbare veldtog ten gunste van Zach de Beer begin. In 'n meningstuk in Business Day het Leon 'n vurige pleidooi ten gunste van een leier gelewer. Volgens Leon is drie leiers duur en bemoeilik dit administrasie.

Jan Momberg, LP vir Simonstad en 'n "Worrall-man", het hom net so openlik ten gunste van 'n voortgesette troika uitgespreek met dié argument dat die party nog in wording is en dat die kies van een leier tot verbrokkeling in party-geledere kan lei.

# R1 biljoen vir lae-koste behuising

**Manie Eagar**

IN 'n ongeëwenaarde befondsingsaksie het die Stedelike Stigting Westerse lande, internasionale maatskappye en die Suid-Afrikaanse private sektor betrek om R1 biljoen aan huislenings aan die lae-inkomstegroepe te bied.

Die befondsing stel lenings beskibaar aan tienduisende mense in die lae-inkomstegroep wat tot nou toe geen toegang tot huisfinansiering uit die private sektor kon kry nie.

Daar word beraam dat 40 000 nuwe huise vir ongeveer 250 000 mense op dié wyse gefinansier kan word.

'n Verdere R2 biljoen is deur bougenootskappe en banke opsygesit. Die vraag is in watter mate die bounywerheid dié groot vraag na goedkoop behuising kan akkommodeer.

Die inisiatief is gesamentlik ontwikkel deur die Verbandleningsassosiasie en die Korttermyn-versekeringsnywerheid, het die president, Harry Oppenheimer, en Jan Steyn, voorsitter van die Stedelike Stigting, in Londen aangekondig. Die befondsing word gesteun deur die Britse, Duitse en Switserse regerings; die multi-nasionale groepe BP, Caltex, Japan se Suid-Afrika Fonds en Toyota; en talle vooraanstaande Suid-Afrikaanse sake-ondernemings.

Steyn het beklemtoon dat die inisiatief gesien moet word as 'n baie belangrike stap om armer mense toegang tot lae-koste behuising te gee. Daar word bereken dat soveel as 800 000 gesinne gestriem word deur die tekort aan finansiering vanuit die private sektor. Winsgewendheid is onaanvaarbaar laag en die risikofaktor is te hoog.

Deur die befondsing kan die bestaande leningsvlak van R35 000 tot R12 500 verminder word. Dit sal dramaties groter aantalle swart gesinne in 'n posisie plaas om lenings te verkry vir die aankoop van nuwe huise.

Die Stedelike Stigting verwag om binnekort 'n verdere deurbraak te maak om beskutting aan diegene te bied wat selfs nie 'n huis van R12 500 kan bekostig nie. Die hoofdoelwit is om toegang te bied tot ontwikkelde persele in krot- en informele vrywoningsgebiede.

Verdere staatsubsidies sal gerig word aan hierdie verarmde deel van die bevolking.

Dit sal hulle toelaat om ontwikkelde land te verkry en permanente behuising stapsgewyse te bekom.

"Een van my grootste bekommernisse was die feit dat slegs 10 persent van swart gesinne in staat was om normale huislenings van R35 000 en meer te bekostig.

"Die oorgrote meerderheid het huise nodig wat minder as R30 000 kos. Ons glo dat die Lenigingsfonds soveel as 30 persent van swart gesinne nou met finansiering kan help. Dit sal hulle toelaat om deel te neem aan die huismark in die private sektor," sê Steyn.

Die minimum-versekeringspremium vir 'n huis en standplaas ter waarde van R25 000 sal R375 vir 'n eenmalige vyfjaar-premie bedrae.

Indien kopers nie die vereiste 20 persent deposito kan betaal nie, kan hulle 'n tweede versekeringspolis as kollateraal gebruik om hulle deposito na soveel as 5 persent te verminder.

'n Behuisingspakket van R25 000 sal 'n eenmalige versekeringspremie van ongeveer R280 bedra.

Dié premiums kan selfs in die leningsbedrag verskuil word.

Hierdie premiewaardes bedrae slegs 50 tot 60 persent van dié wat van toepassing is op lenings in die huismark vir hoër inkomstegroepe, danksy die befondsing.

# Die Batswana gaan stem

**GABORONE - 'n Totaal van 364 458 Batswana gaan môre stembus toe in dié land se sesde algemene verkiesing sedert die voor-onafhanklikheidsverkiesing in 1965.**

**Botswana is een van 8 Afrikastate met 'n veelparty-stelsel. Die ander 44 is òf eenpartystate (31) òf militêre regerings (13).**

**Van die nege swart Suider-Afrikaanse state is Botswana die enigste met meer as een politieke party.**

**Die land het op 30 September 1966 onafhanklik van Britse koloniale bestuur geword. Hul eerste president was sir Seretse Khama wat ook die eerste leier van die regerende Botswana Democratic Party (BDP) tot en met sy dood in 1980 was.**

**Dié party het goed gevaar in al die verkiesings en het met die vorige verkiesing in 1984 oortuigend 28 uit die 34 parlementêre setels ingepalm.**

**Hoewel waarnemers glo dat die BDP maklik gaan wen, kan hulle redelik sterk teenstand van die Botswana National Front in die stede verwag.**

**Die stabiele politieke toestand in die land en die jare van eenheid en vrede tel in pres Quett Masire se guns en dit sal weer eens die deurslag vir sy BDP by die stembus gee. - ANO**



Jan Steyn

# 'n Liedjie vir die Tier

**Charles Leonard**

AMICHAND "DIE TIER" RAJBANSI gaan mense binnekort laat dans.

Sy vrou Ashadevi se bewonderende gil "He is my hero!", wat op verkiesingsaand oor televisie uitgesaai is nadat dié Bengaalse tier sy terugkeer tot die politiek gemaak het, het 'n musikant van Laudium eers laat kraai van plesier en toe laat besluit om 'n musikale "huldeblyk" vir hom te skryf.

Die sanger/komponis van die groep Laser Combo, Krishna Naidoo, soek nou 'n borg om "The Tiger Is Back" te kan opneem.

"Toe ek Rajbansi op die kassie sien, kon ek nie my lag hou nie. Hy is 'n tier en hoort in die arena," sê Naidoo. Volgens Naidoo het die liedjie "'n lekker moderne disko-ritme met 'n sanger wat 'rap' in die voorgrond. Die agtergrondsangers gaan 'The tiger is back' neurie, terwyl iemand, waarskynlik 'n vrou, sal gil 'He is my hero'.

"Die liedjie gaan in Rajbansi se aksent gesing word."

Rajbansi verskyn dié maand in die hof op bedrogaanklagte.

# Honderd mense sterf in Natal-slagting

Charles Leonard

DIE townships van Natal het dié week gebloei toe 'n honderd mense in politieke geweld tussen Inkatha en die UDF/Cosatu dood is.

Talle is beseer en huise is verwoes in die jongste vlaag van geweld wat dié provinsie die afgelope paar dae teister. Die hernieude geweld volg op die jongste poging tot vrede wat wéér in duie gestort het.

Die skokkende dodesyfers is Woensdag by 'n nuuskonferensie in Johannesburg deur 'n woordvoerder van Cosatu, Alec Erwin, bekend gemaak.

Verlede naweek het Inkatha se Sentrale Komitee in Ulundi besluit om na twee jaar van talle mislukte vredespogings in dié konflikgebiede, 'n moratorium op vredesamesprekings met die UDF en Cosatu te plaas. Dit sal geld totdat sekerheid verkry is dat samesprekings sal werk, het die Zoeloebeweging besluit.

Waarnemers glo dat die opwelling van geweld 'n regstreekse gevolg van die impasse is.

John Jeffreys, 'n prokureur van Pietermaritzburg, is nóú betrokke by slagoffers van die geweld. Hy sê dat elke keer wanneer die vredesamesprekings op 'n dooiepunt uitloop, Inkatha se aanvalle op lede van die UDF en Cosatu duidelik toeneem.

'n Akademikus van die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg, John Aitchison, sê in Junie vanjaar, toe die kanse op vrede goed gelyk en die strydende partye gesels het, was die sterftesyfer die helfte minder as die gemiddelde 50 per maand.

Die meeste aanvalle het in townships soos Mpumalanga, Mpophomeni, Nxamalala, Taylor's Halt en Imbali in die Natalse middellande plaasgevind. By Cato Ridge en Camperdown het ook talle mense gesterf. Daar word beweer dat Inkatha busse vol ondersteuners na Mpophomeni, naby Howick, aanry om te help met aanvalle op nie-Inkathalede.

Jeffreys sê dat die aanvalle, anders as gewoonlik, nie net meer gedurende naweke plaasvind nie, maar ook gedurende die week voortduur. In al die gevalle word in verklarings beweer dat die polisie die geweld sien gebeur maar niks daaraan doen nie, sê Jeffreys. Slagoffers kla ook dat nie ordentlik ondersoek na Inkathamisdade ingestel word nie.

Pierre Cronjé, die DP-LP vir Greytown wat deel is van die geteisterde gebiede, sê dat hy "met (sy) eie oë" gesien het hoe die polisie toekyk terwyl Inkatha-vigilantes hul teenstanders aanval.



Pierre Cronjé

Sy party het reeds talle kere gevra dat onafhanklike regterlike kommissies van ondersoek na die konflik ingestel word. Daar het tot nou toe nog niks van gekom nie.

Cronjé sê dat hulle 'n afsonderlike kommissie gaan aanvra na die gebeure in Richmond verlede Dinsdag toe 'n 16-jarige meisie dood en twee ander beseer is na 'n optog in dié Natalse dorpie.

Cosatu en UDF meen egter dat die vredesproses plaaslik moet voortduur al is dit sonder Inkatha. Murphy Morobe van die UDF sê dat hulle 'n wyer groep mense wat in vrede belangstel, gaan probeer betrek. "Kerke en besighede, en steun vir plaaslike inisiatiewe is die pad wat gevolg gaan word," sê hy.

Intussen duur die menseslagting onverpoosd voort.

* Pierre Cronjé en drie ander DP-LP's gaan Maandag die situasie in Natal met senior lede van die Suid-Afrikaanse Polisie bespreek.

Cronjé, Rob Haswell, Mike Tarr en Wessel Nel het die ontmoeting aangevra nadat hulle verskeie konflikgebiede besoek het.

# Sluipmoord-aanvalle duur voort

Anton Steenkamp

'N OUD-AANGEHOUDENE en ingeperkte van Alexandra, Buti van der Merwe, is verlede Vrydagaand op pad huis toe deur onbekende mans geskiet.

Van der Merwe, wat vir die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke werk, is in 'n kritieke toestand in die hospitaal. Hy het vyf skietwonde opgedoen, waarvan twee in die maag.

Die SARK het die aanval in 'n verklaring veroordeel en gesê dit lyk na nog 'n poging om aktiviste wat hulle teen apartheid uitspreek, stil te maak.

Volgens die SARK word sluipmoordenaars se werk makliker gemaak deurdat baie aktiviste se inperkbevele hulle verplig om op sekere tye van die dag by vasgestelde plekke aan te meld.

* Nosipho Kulati van ANA berig dat 'n skolier van Grahamstad in sy slaapkamer deur 'n onbekende sluipmoordenaar doodgeskiet is.

Sakhiwo Manyathi, 20, se lyk is op sy bed onder die komberse deur sy pa gevind.

Manyati se pa het gesê hulle het die oggend voor die moord 'n tekening van 'n man wat iemand skiet, op die grond voor die huis gekry. Hy weet egter nie wat die motief vir die moord kon wees nie.

Die skakeloffisier van die polisie in die Oos-Kaap, kapt Bill Dennis, sê hulle kon nog nie vasstel met wat se kaliber wapen Manyathi geskiet is nie. 'n Moorddossier is geopen.

# Akademici skepties oor De Klerk en hervorming

Jurie van der Walt

MOSKOU - Twee Suid-Afrikaanse akademici het dié week aan Russiese amptenare en politici gesê staatspresident FW de Klerk het sowat ses maande tyd om 'n hervormingsplan wat apartheid sal afskaf, uit te werk en te implementeer.

Die twee was egter skepties oor De Klerk se vermoë om sulke ingrypende hervormings te implementeer.

Prof André Odendaal van die Universiteit van Wes-Kaapland en prof John Barrat, direkteur van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede, het die opmerkings in Moskou gemaak aan die einde van 'n tiendaagse besoek aan die Sowjet-Unie as gaste van die Sowjet-Afro-Asiatiese Solidariteitskomitee.

Barrat het aan Sowjet-joernaliste gesê die volgende vier tot ses maande sal vir Suid-Afrika van deurslaggewende belang wees, want "dit sal dan duidelik word of die regering van plan is om die bewind te verander en met onderhandelinge te begin".

Barrat het bygevoeg: "Onderhandeling is nie iets wat geheel en al van die wil van pres De Klerk en sy kabinet afhang nie. Hulle sal deur toenemende binne- en buitelandse druk tot onderhandeling gedwing word.

"Daar is 'n neiging in die rigting van 'n konsolidering van die swart opposisie. Nog 'n belangrike faktor van die druk op die regering is die veranderende betalingsvoorwaardes van Westerse skuld, wat volgende jaar beslis afgehandel moet word."

Hy het gesê as 'n skikking binne die volgende paar jaar bereik kan word, kan Suid-Afrika 'n demokratiese land word.


As geen ooreenkoms egter bereik word nie, sal die land in chaos gedompel word.

"Terwyl hulle weifel tussen die hoofsaaklik swart opposisie en wit konserwatiewes, wat groot steun in die verkiesing gekry het, kan die regering dit nie waag om ingrypende stappe te doen nie. En hoe langer die toestand voortduur, hoe plofbaarder word die situasie," het Barrat gesê.

Hy meen egter dat daar nog hoop is, in die lig van die grondwetlike beloftes wat De Klerk in sy verkiesingsveldtog gemaak het en sy beloftes om 'n onderhandelingsproses aan die gang te sit.

Odendaal het bygevoeg dat die Suid-Afrikaanse regering in 'n krisissituasie is.

Die noodtoestand kon nie daarin slaag om die groeiende versetveldtog te stuit nie, politieke onstabiliteit het 'n negatiewe uitwerking op die ekonomie, en stygende pryse maak die bevolking senu-agtig, het Odendaal gesê. - ANO.



**NEGENTIEN Suid-Afrikaanse soldate het in die veldslae van 1975 en 1976 naamloos, identiteitloos en vaderlandloos as huursoldate saam met Unita teen die Angolese regering begin veg. Kort hierna is die destydse Eerste Minister, John Vorster, oorreed dat dit in Suid-Afrika se belang sal wees om op groot skaal by Unita se stryd betrokke te raak en Suid-Afrika is in 'n byna volskaalse oorlog gedompel toe 35 eenhede van die Weermag oor die grens gestuur is. Dit was eers nadat dit duidelik geword het dat die Amerikaners nie die verenigde front gaan steun nie, dat Suid-Afrika gedeeltelik onttrek het. Hierdie feite en ander word vertel in 'n boek wat die Weermag pas vrygestel het wat die verhaal vertel van sy inval in Angola in die middel sewentigs. Die boek is geskryf deur prof FJ du Toit Spies, wat die boek in opdrag van die Weermag geskryf het. Volgens Spies het Unita reeds vroeg in 1975 sy eerste besending wapens, ammunisie en geld van Suid-Afrika ontvang. Wapens is deur die veiligheidsmagte op 'n klandestiene manier in Parys, Frankryk aangekoop en aan Unita oorhandig. Die boek vertel ook van Unita se magte wat met die eerste groot veldslag teen die Angolese die hasepad gekies het en hoe die Suid-Afrikaanse magte alleen hul pad moes uitveg.**

VWB?

Wat is VWB?

# Wisselvallige polisie-optrede kwel waarnemers

Elsabé Wessels

UITERS wisselvallige polisie-optrede teen die versetveldtog van die breë demokratiese beweging dui op 'n onwilligheid van die regering om eenvormige optrede op die polisie af te dwing, sê politieke waarnemers.

Terwyl straatoptogte en strandprotes op sekere plekke toegelaat word, word daar klaarblyklik sonder enige verduideliking "soos wilde honde" onder protesteerders ingeklim. Dit is duidelik dat polisie-eenhede sonder eenvormige instruksies van bo optree, sê Mark Philips, 'n navorser by die Instituut vir Beleidstudies.

Dié standpunt is Dinsdagaand deur die kommissaris van polisie, genl Hennie de Witt, bevestig toe hy op Netwerk gesê het dat hy nie van hoofkantoor af kan bepaal hoe daar deur bevelvoerders in die veld opgetree moet word nie.

Sowat 231 mense is tans landwyd in aanhouding, sê die Menseregtekommisie. Sowat 53, onder andere nege kinders onder die ouderdom van 17 jaar, word sedert die verkiesing op 6 September aangehou, sê die kommissie.

Cosatu sê 23 van hul lede is in September in aanhouding geneem. Sowat 30 Cosatu-byeenkomste is ook in dié tydperk verbied of deur polisie-optrede ontwrig. Volgens Jay Naidoo, sekretaris-generaal van Cosatu, is algemene onderdrukking aan die toeneem.

Phillips sê die geweldvrye karakter van die versetveldtog, wat dié week sy derde maand ingegaan het, is bewys deur die massa-straatoptogte landwyd waaraan meer as 100 000 mense op gedissiplineerde wyse deelgeneem het.

Die versetveldtog wat op 2 Augustus met die "oopstel" van hospitale begin het, het intussen uitgebrei na die ignorering van apartheid by strande, swembaddens, busse en ander openbare geriewe.

Die hoogtepunt van die twee maande oue veldtog is die deelname van meer as 'n 100 000 mense in straatoptogte sedert die eerste massaoptog op 13 September in Kaapstad. "Ons gebruik die strate as ons stembus," was die kommentaar van 'n woordvoerder van die breë demokratiese beweging. Hy het daarop gewys dat die grootste optogte vreedsaam en gedissiplineerd was.

'n Verdere oorwinning oor apartheid was die oopstelling van Johannesburg se openbare geriewe deur die NP-beheerde munisipaliteit.

Volgens 'n ampsdraer van Cosatu en woordvoerder van die breë demokratiese beweging, Sydney Mufamadi, slaag die versetveldtog in sy doel om aan die wêreld te bewys dat apartheid in Suid-Afrika nie dood is nie.

Te midde van gerugte van onderhandeling en die steun wat dit onder die internasionale gemeenskap geniet, was dit nodig om te bewys dat die klimaat vir onderhandeling in Suid-Afrika nog nie geskep is nie.

"Onderhandlinge kan nie in 'n apartheidsklimaat geskied nie. Daar moet konkrete verandering kom," sê Mufamadi.

Volgens Mufamadi het die versetveldtog ook brutale polisie-optrede onder die vergrootglaas geplaas. Die openbare weersin in polisie-optrede by strande en straatoptogte was 'n bewys van die ware toedrag van sake, sê Mufamadi.

Buiten die simboliese betekenis van die geweldvrye protesaksies, bewys die veldtog dat die regering steeds bereid is om apartheid met die hulp van polisie-optrede te handhaaf, sê Mufamadi.

Die feit dat die veldtog kon plaasvind, ongeag heersende diskriminerende veiligheidswetgewing en 'n drie jaar oue voortgesette noodtoestand dien as bewys dat selfs oordrewe onderdrukking nie genoeg is om ontevredenheid in die kiem te smoor nie, sê Mufamadi.

Volgens Mufamadi het die veldtog teen die Wet op Arbeidsverhoudinge daarin geslaag om Cosatu en Nactu om gemeenskaplike doelstellings te verenig.

Die herbou van strukture om die breedste moontlike front teen apartheid te skep, is 'n belangrike doelstelling van die veldtog, sê Mufamadi.




**Straatoptog in Durban - 'n bewys van die geweldlose karakter van die versetveldtog** ***(Foto: Rafs Mayet - Afrapix)***

# Oop en toe: die wedloop vir Girls' High en Berea

**Anton Steenkamp**

DIE Johannesburg High School for Girls se bestuurskomitee ondersoek die moontlikheid om aansoek te doen dat Berea, die woongebied waarin die skool geleë is, as 'n vryevestigingsgebied verklaar word waarin die skool dan veelrassige status kan kry. Dié moontlikheid word as die mees werkbare beskou van die drie opsies wat deur die minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad), Piet Clase, aan hulle voorgelê het.

Die bestuursraad het verlede Donderdag in samesprekings met Clase gesê hulle sal graag wil sien dat die skool vir alle rasse oopgestel en as staatskool behou word, om te verhoed dat die skool aan die einde van die jaar moet sluit omdat die blanke leerlingtal te laag is.

Clase het egter die regering se beleid van aparte skole vir verskillende rasse herbevestig en drie alternatiewe opsies aan die bestuursraad gestel.

Die eerste opsie is dat die skool in 'n privaatskool omskep word. Sharon Bond, die voorsitter van die Save Our School Committee (SOS), het egter aangedui dat dit teenproduktief sou wees, omdat die leerlinge in dié omgewing juis nie die noodwendig hoë skoolfonds van 'n private skool kan bekostig nie. Die tweede alternatief is om die skool beskikbaar te stel aan 'n ander departement wat verantwoordelik is vir onderwys - maar dit sou beteken dat die skool steeds vir gebruik van een rassegroep afgebaken is.

Clase het die bestuursraad meegedeel dat "die beginsel van vrye assosiasie soos dit in vryevestigingsgebiede toegepas sal word, heel waarskynlik in dié gebiede die stigting van veelvolkige skole vir diegene wat dit verkies, moontlik sal maak".

Bond het daarop gewys dat Portugese, Griekse, Joodse, Engelse en Afrikaanse kinders reeds die skool bywoon, en dat hulle juis wil sien dat die skool op 'n algehele nie-rassige grondslag bedryf moet word.

Die bestuursraad is in die proses om verdere vrae aan die minister voor te berei, wat vandag aan hom gestuur sal word.

Hulle wil onder meer duidelikheid kry oor die verklaring van 'n vryevestigingsgebied, waarna hulle sal besluit of hulle 'n aansoek in die verband tot die Vryevestigingsraad sal rig.

Bond het aan Vrye Weekblad gesê sy vind dit jammer dat die bestuursraad nou oor 'n politieke aangeleentheid moet besluit, terwyl hulle bloot bekommerd is oor die beskikbaarheid van onderwys aan die kinders in die omgewing en die voortbestaan van die skool.

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke

Verenigde Volke se dag van solidariteit met Suid-Afrikaanse politieke gevangenes

11 Oktober 1989

Dienooreenkomstig die Verenigde Volke se verklaring van 1976 doen die kerke in Suid-Afrika 'n beroep op die Suid-Afrikaanse regering om:

1. Alle politieke gevangenes onvoorwaardelik vry te laat.
2. Krygsgevangene-status aan alle Suid-Afrikaners wat by die nasionale vryheidstryd betrokke is te vergun en om die Geneefse protokol van 1977 te onderteken.
3. Die doodstraf in sy geheel af te skaf.

'n Saamtrek uit samehorigheid met politieke gevangenes word op 10 Oktober om 12 vm by die Blommesaal, Wits-universiteit gehou.

*'Onthou die mense in die gevangenis asof jy self in die gevangenis is' Hebreërs 13:3*

Operation Hunger FR 01 100430005

Eerste Nasionale Bank


Eerste vir jou.

# GOUDSTORMLOOP 7

## KRY 'N SORGSERTIFIKAAT NOU!

DEFINITIEWE PRYSGELD

SLEGS 3 WEKE OOR



## en (indien u wil) neem deel in die GOUDSTORMLOOP

*'n Miljoen wag om gewen te word en nog baie meer*

1ste PRYS R1 000 000 • 2de PRYS R100 000 • 3de PRYS R50 000
4de PRYS R10 000 • 12 PRYSE R5 000 • 100 PRYSE R1 000 • 100 PRYSE R500
• **Belangrik** 30% van totale kaartjieverkope indien die mikpunt nie bereik word nie
• **Reëls** verskyn op die keersy van elke sorgsertifikaat
INSKRYWINGS VERVAL: 21 ste OKTOBER 1989
OPENBARE TREKKING VIR 16 FINALISTE: 21ste NOVEMBER 1989
FINALISTE KOMPETISIE:25th NOVEMBER 1989 (EERSTE NASIONALE BANK 300 000 PERDEWEDREN TE TURFFONTEIN)

**STUUR ASSEBLIEF U DONASIE NA OPERASIE HONGER, POSBUS 31547, BRAAMFONTEIN 2017.**
**STUUR ASSEBLIEF NET GEKRUISDE TJEKS EN POSORDERS OF VUL DIE KREDIETKAART GEDEELTE OP HIERDIE VORM IN.**

VOORLETTER

VAN

ADRES

POSKODE

TEL NR.

TEL KODE

MERK ASSEBLIEF MET 'N (X) IN DIE VAKKIE OF U WIL DEELNEEM AAN GOUDSTORMLOOP 7. JA NEE

STUUR ASSEBLIEF ___ SERTIFIKATE TEEN R10,00 ELK OF R90 VIR 10

STUUR ASSEBLIEF ___ BOEKE VAN 10 SORGSERTIFIKATE TEEN R90 PER BOEK

OM DEEL TE NEEM IN GOUD STORMLOOP 7 ANTWOORD ASSEBLIEF HIERONDER.
MERK DIE KORREKTE ANTWOORD MET 'N "X"

1. HOE OU SAL OPERASIE HONGER IN 1990 WEES?

1000 | 100 | 10

2. WATTER RIVIER SKEI SUID-AFRIKA AND ZIMBABWE?

VAAL | LIMPOPO | FISH

3. WAT IS DIE NAAM VAN EERSTE NASIONALE BANK SE OUTOMATIESE TELLERS?

BOB | BARRY | JIMMY

DEBITEER ASSEBLIEF MY VISA/MASTERCHARGE/DINERS/AMERICAN EXPRESS


KREDIETKAART MET DIE WAARDE VAN R ........................

KREDIETKAART NR.

HANDTEKENING ........................ VERVAL DATUM ........................

VW

# *Hóékom vloei die bloed steeds in Natal?*



Een van die 2 000 slagoffers van die Natalse geweld *(Foto: Cedric Nunn - Afrapix)*

**Suid-Afrika se tuinprovinsie, Natal, is in 'n staat van oorlog. In die afgelope twee jaar is amper 2 000 mense dood en ongeveer 30 000 huise verwoes in bloedige politieke geweld tussen faksies van Inkatha en die UDF/Cosatu. Al is die mense tot die dood toe moeg vir die menseslagting - wat deel geword het van hul daaglikse bestaan in die townships - het die jongste poging tot vrede tussen die strydendes wéér in duie gestort. CHARLES LEONARD stel ondersoek in**

KLEINLIKE politiek en 'n bittere magstryd tussen Inkatha en die UDF/Cosatu het die vredesproses waarna mense in Natal so lank reeds smag, gekelder en September op 'n bloedige noot laat eindig, en Oktober nog bloediger laat begin.

In 'n tyd waar die leiers van die strydende partye in onderhandelings om die vredestafel moet sit, het die UDF en Inkatha mekaar beskuldig van vervalsing van dokumente, beledigende aanmerkings en onbeantwoorde briewe.

Intussen is die enigste verloorders in die magstryd die inwoners van Pietermaritzburg, Durban en die strook tussen dié twee stede.

By 'n nuuskonferensie dié week het Cosatu en die UDF by monde van Jay Naidoo, Murphy Morobe en Alec Erwin die Zoeloe-beweging daarvan beskuldig dat hulle reeds drie geskrewe vredesooreenkomste - wat onderteken is by gesamentlike vergaderings van die drie organisasies - verbreek het.

Verlede naweek het Inkatha by 'n vergadering van sy Sentrale Komitee besluit dat alle vergaderings met die UDF/Cosatu iets van die verlede is - dit is in belang van die voorgestelde vergadering van die drie organisasies en die ANC se presidente in Londen, sê Inkatha.

Die besluit lui dat geen verdere samesprekings sal plaasvind totdat nie hulle seker is dat dit sal werk.

Nog besluite wat die Sentrale Komitee tot dié stap laat oorgaan het, is 'n eis dat die president van die ANC, Oliver Tambo, 'n brief van Buthelezi oor die presidente-konferensie moet beantwoord.

Daar is egter nog nie op die formaat van die vergadering besluit nie. Die Nasionale Uitvoerende Komitee van die ANC het reeds aangedui dat die ontmoeting hul goedkeuring wegdra op grond van die besluite wat die UDF, Cosatu en Inkatha daaroor gemaak het, het Morobe gesê.

Inkatha wil nou 'n nuwe en onbekende organisasie, die Natalstreek van die Pan-Africanist Congress (PAC) in ballingskap, ingesluit in die samesprekings hê.

Dit is blykbaar 'n splinterorganisasie van die PAC, maar Erwin, wat lank reeds in Natal werksaam is, sê hy weet nie van hul bestaan nie.

'n Naamlose dokument, waarvan die UDF en Cosatu hulle gedistansieer het, wat neerhalend oor Buthelezi en die vredespoging is, is nog 'n rede vir Inkatha se ontrekking aan die vredesamesprekings.



Thabo Mbeki van die ANC het na bewering in Junie vanjaar in Kopenhagen neerhalende opmerkings oor die Inkatha-leier gemaak en daar word geëis dat dit onvoorwaardelik teruggetrek word.

Inkatha voel ook baie ongelukkig oor die grootte van die afvaardigings na die konferensie en dring aan dat Cosatu, die UDF en die ANC as een organisasie gesien word.

In plaas daarvan dat die organisasies 10 lede elk stuur, eis hulle dat daar 20 vir die ANC/UDF/Cosatu en 20 vir Inkatha teenwoordig is.

Laastens pla dit Inkatha dat die UDF en Cosatu optogte gereël het sonder om met hulle daaroor te beraadslaag.

Nadat die vredesduif vir die soveelste maal in sy kou toegesluit is, het die geweld weer ernstig begin opvlam. Townships wat in die verlede onder geweld gely het, het weer gesmeul toe ondersteuners van die strydende faksies mekaar weer die stryd aangesê het.

Die geweld het egter na "nuwe" townships uitgebrei. Nog meer mense is gedood, nog meer is vermink en verwond, talle is vreesbevange haweloos gelaat en nog meer het die getalle van die politieke vlugtelinge laat aangroei.

Weer eens is die beskuldigings oor en weer geslinger. Niemand wou die sondebok wees nie.

In onderhoude met Vrye Weekblad en in studiestukke het 'n kenner oor die geweld in Natal, John Aitchison, gesê dat oorloggeskiedkundiges se groot oordeel van wie die eerste skoot geskiet het nie die antwoorde gaan gee nie. 'n Mens gaan net verder en verder teruggaan en steeds bly wonder.

Aitchison, van die Universiteit van Natal in Pietermartizburg, het veral gekonsentreer op die konflik in die omgewing van die Natalse hoofstad.

Toe die res van Suid-Afrika se townships in 1976 gebrand het in die grootste vlae van geweldpleging wat die land nóg ervaar het, was Natal vreedsaam.

Die reaksie op die Vaaldriehoek-opstand in 1984 teen huurverhogings en regeringsingestelde plaaslike owerhede was ook beperk. In Sobantu het die gemeenskapsraad bedank en in Ashdown het pogings om 'n raad tot stand te bring, misluk, omdat net een kandidaat gevind kon word. 'n Oorsaak vir dié klaarblyklike "stabiliteit" was omdat "civics" nog nie ontwikkel was nie.

In 1984 het verskeie jeugorganisasies in dié gebied hulle by die UDF aangesluit.

In die middel van 1985 is die nuutgestigte civic in Imbali kort in sy spore gestop toe hul leier, Robert Duma, onder ernstige intimidasie deurgeloop het en sy huis met petrolbomme bestook is.

In dieselfde jaar is Uwusa, die vakbondvleuel van Inkatha gestig, en konflik tussen hulle en Cosatu het onafwendbaar geword. Die eerste vonke het gespat toe die hele swart werkersmag van BTR Sarmcol in Howick na 'n staking afgedank is.

Die daaropvolgende wegbly-aksie en verbruikersboikot is sterk deur Inkatha teengestaan. Die konflik het breekpunt bereik toe Inkatha in Desember 1986 'n groep van hul lede na die aanliggende Mpophomeni-township met busse aangery het en drie Cosatu-lede vermoor is.

Die uitslag van die nadoodse ondersoek het gevind dat nege Inkatha-lede verantwoordelik vir die moorde was - daar is tot vandag toe nog nie teen hulle opgetree nie.

Dit is slegs een voorbeeld van talle wat vandag algemeen voorkom, blyk uit Aitchison se verslag.

Van toe af het die geweld en gepaardgaande sterftes geleidelik begin toeneem. In die tydperk tussen Maart en Augustus 1987 het die moorde met 'n gemiddeld van 13 per maand gestyg.

Aan die einde van 1987 het die geweld skerp gestyg. Die UDF en Cosatu het al hoe meer beskuldigings en bewyse van die polisie wat tersluiks en openlik met Inkatha saamwerk, gemaak.

Pierre Cronjé, die DP-LP vir Greytown, het aan Vrye Weekblad gesê dat hy persoonlik "met my eie oë" gesien het hoe die polisie dié rolle gespeel het.

Aitchison, en 'n dossier wat aan die begin van die jaar deur 'n regsfirma in Pietermaritzburg opgestel is, het talle beëdigde voorbeelde daarvan.

Volgens Aitchinson is samewerking in effek amptelik deur die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, by 'n polisie-seremonie in Pietermaritzburg in Februarie 1988 goedgekeur. Hy het dit herhaal met sy ystervuis-toespraak in die parlement in April vanjaar.

Aitchison glo dat net die staat werklik baat uit die geweld. Dit is goedkoop; dit hou Inkatha besig; en dit hou die druk van die staat af.

"Inkatha put nie werklik voordeel op die lange duur hieruit nie," sê hy.

"Hulle doen dit waarskynlik nou om politieke punte te maak deur as sterk en onafhanklik uit die stryd te tree. Hulle is blykbaar bang dat indien hulle 'n ooreenkoms met die ANC aangaan, hulle as verloorder uit die stryd gaan tree."

Cronjé glo dat dit in werklikheid 'n stryd tussen die tradisionele etniese stamstelsels en demokratisering is. Hulle kan nie versoen word deur mekaar uit te wis nie, sê hy.

Die oplossing vir die beëindiging van die voortgesette geweld lê nie in politieke eenheid nie.

Dit lê wel in die uitwerk van die reëls van die politieke spel sodat geweld nie die een of die ander bevoordeel nie.

"Baie belangrik," sê hy, "is dat die staat sal besef sy absolute rol is om geweld te beëindig en nié om sy huidige politieke rol te speel nie."

Intussen het daar gister en die voorafgaande dae nog tientalle mense in Suid-Afrika se eie burgeroorlog in die heuwels van Natal in geweldpleging gesterf.

# Kyk wie speel nou voetjie-voetjie!

Jacques Pauw

IN 'n week van roeringe rondom onderhandelings tussen die regering en die ANC, het die Administrateur van Transvaal sy voete onder dieselfde tafel as die leierskap van die breë demokratiese beweging ingeskuif en met indringende onderhandelings begin om die probleme van Soweto op te los.

In 'n merkwaardige ontmoeting tussen Danie Hough en die Soweto People's Delegation (SPD), onder leiding van aartsbiskop Desmond Tutu, het die Administrateur die belangrikheid van dié swart leiers erken en hom verbind tot verdere gesprekke en onderhandelings.

Die ontmoeting tussen Hough en die SPD is vandeesweek wyd gesien as 'n erkenning deur die regering dat die opheffing van swart gemeenskappe en die oplossing van probleme op plaaslike vlak onmoontlik is sonder die samewerking van leiers van die UDF, Cosatu en die breë demokratiese beweging.

Op dieselfde dag waarop Staatspresident FW de Klerk gesprekvoering tussen 'n afvaardiging van Broederbondlede en die ANC veroordeel het, het Hough, een van die owerheid se hoogste ampsdraers, met daardie mense onderhandel wat al so dikwels deur die regering as die binnelandse leiers van die ANC gebrandmerk is.

Saam met Tutu was onder andere die sekretaris-generaal van die SA Raad van Kerke, eerw Frank Chikane, die sekretaris-generaal van die National Union of Mineworkers, Cyril Ramaphosa, Ellen Kuzwayo, prominente gemeenskapsleier van Soweto en suster Bernard Ncube, gemeenskapsleier van die UDF.

Al dié leiers het noue bande met die breë demokratiese beweging, wat deur onder andere die minister van Wet en orde, Adriaan Vlok, as werktuie van die ANC en SA Kommunistiese Party beskuldig is.

Die onderhandelings het gedraai rondom agterstallige huur- en dienstegeld, wat R265 miljoen beloop, die tekort aan behuising en 'n gesamentlike belastinggrondslag vir Johannesburg en Soweto.

Vrye Weekblad verneem dat Hough met die aanvang van die samesprekings dit duidelik aan die SPD gestel het dat hy geen magte het om oor grondwetlike aangeleenthede te gesels nie. Hy het egter die SPD se rol, invloed en geloofwaardigheid in die Soweto-gemeenskap erken.



Eerw Frank Chikane

Vandeesweek se gesprek volg op hoogs geheime politieke onderhandelings wat die afgelope maande tussen hoofbestuurslede van Eskom en die SPD gevoer word in 'n poging om onder meer die wanbetaling van elektrisiteit te beëindig en dienste te verbeter.

Vrye Weekblad het verlede maand oor die samesprekings tussen Eskom en die SPD verslag gedoen en toe reeds berig dat dit 'n nuwe era van onderhandelings op plaaslike vlak kan inlei.

Dit is bekend dat die regering die onderhandelings tussen die SPD en Eskom met groot belangstelling dopgehou het.

Die skielike bereidwilligheid van die regering om te onderhandel is 'n merkwaardige ommeswaai van hul houding vroeër, toe hulle raadslede van die Soweto-Raad ontmoedig het om met die SPD oor agterstallige huurgeld te gesels, sê Khehla Shubane, navorser aan die Sentrum vir Beleidstudies aan Wits.

"Dié week se ontmoeting was geweldig belangrik en 'n deurbraak vir onderhandeling in Suid-Afrika. Ek is seker die regering hou dié samesprekings baie fyn dop as rigtinggewer vir die toekoms," sê Shubane.

Hy sê met vandeesweek se samesprekings het die regering twee dinge erken: dat belangrike vraagstukke nie sonder die samewerking van die breë demokratiese beweging opgelos kan word nie en dat die Soweto-Raad, wat nog altyd voorgehou is as die demokraties-verkose wil van die inwoners, byna geen mag of invloed meer het nie.

Die SPD dikteer die boikot teen huur- en dienstegeld, wat die Soweto-Raad lamgelê en die TPA maandeliks miljoene rand kos. Dit kos die Raad R19 miljoen per maand om Soweto te bestuur en sy skuld van R1 000 miljoen af te betaal.

Weens die huurboikot is die inkomste van die Raad net R3 miljoen per maand.

Hoewel lede van die Raad vandeesweek se gesprek bygewoon het, was hulle heeltemal in die agtergrond.

Die moontlikheid bestaan reeds dat die Raad sy reg om elektrisiteitsgelde in te samel, binnekort aan Eskom gaan afstaan.

Die SPD het vandeesweek aan Hough gesê dat grootskaalse korrupsie, ook binne die Raad, en die manier waarop dienstegeld bereken word, die kern bly waarom die boikot draai.

Die SPD het dit ook duidelik gestel dat die Vaaldriehoek-Soweto-huurboikot, wat nou vyf jaar oud is en aan die begin tot grootskaalse onrus en geweld gelei het, vir ewig kan voortduur tensy die regering indringende stappe doen.



Danie Hough

"Indien die regering die boikot in Soweto kan beëindig, behoort oplossings vir ander townships en gebiede vinnig te volg," sê Shubane.

Hy voorsien die totstandkoming van 'n reeks komitees tussen die TPA, die Raad en die SPD om na oplossings vir die probleem te soek. Die regering sal probeer voorgee dat die komitees onafhanklik funksioneer en nie aan hulle gekoppel is nie, meen Shubane.

Hough het na die samesprekings gesê hy is bereid om met enigiemand te praat wat bereid is om die probleme van Soweto vreedsaam op te los. Hy het die SPD as "saakmakend" beskryf en nog ontmoetings in die vooruitsig gestel.

Chikane sê die gesprek het bewys dat probleme opgelos kan word deur met mekaar te gesels. Hy sê die gebeure van 1986 (grootskaalse geweld en die afkondiging van die noodtoestand) vermy kon gewees het as die regering tóé bereid was om hulle te ontmoet.

"Ek hoop hierdie is 'n aanduiding van 'n verandering in die houding oor hoe probleme opgelos moet word," het Chikane gesê.


KAMERAAD HOOFMAN DALINYEBO SABATA

JOU HERBEGRAFNIS IS 'N OORWINNING VIR DIE STRYD



JOU ONWRIKBARE GEES EN DIé VAN KAMERAAD HOOFMAN ALBERT LUTHULI SAL VOORTGAAN OM DIE BEVRYDINGSTRYD AAN TE DRYF

RUS IN VREDE!

GEPLAAS DEUR DIE MANDELA-VELDTOG, JORISSENSTRAAT 37, BRAAMFONTEIN.

# Wysiging aan dié wet 'n terugwaartse stap

**Werkers regoor die land het die afgelope twee weke geweier om oortyd te werk en blanke sake-ondernemings geboikot in protes teen die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, wat in September verlede jaar van krag geword het. Wat is die besware teen die wysigings?**
**ANTON STEENKAMP verduidelik**

DIE wysigings wat in 1988 aan die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV) aangebring is, word allerweë as 'n terugwaartse stap beskou deur regsgeleerdes, vakbondleiers en selfs sommige werkgewers.

Veral vakbonde voel dat hul magte aansienlik ingekort is deur die wysigings en dat die wetgewer daarop uit was om werkgewers te bevoordeel. Regsgeleerdes wys ook daarop dat sommige van die wysigings indruis teen die beginsels van kollektiewe bedinging in die arbeidsveld.

Soos onder die ou WAV, word plaaswerkers, huiswerkers en staatsamptenare nog steeds van beskerming onder arbeidswetgewing uitgesluit. Die 1988-wysigings is aangeneem sonder dat ander belanghebbendes, veral die demokratiese vakbonde, ooit geraadpleeg is.

Een van die grootste besware teen die gewysigde WAV is die nuwe artikel 79(2), wat bepaal dat enige vakbond wat aan 'n onwettige staking deelneem, deliktueel aanspreeklik is vir skadevergoeding teenoor die werkgewer. Enige lid, ampsdraer of beampte van 'n vakbond word volgens die artikel geag namens die vakbond te gehandel het, tensy die teendeel bewys word.

Selfs Bobby Godsell, direkteur van Anglo American en voorsitter van die werkgewersorganisasie Saccola, sê daar is breë konsensus dat dit (art 79) nie gewerk het nie, en die Nasionale Mannekragkommissie is besig om die wysiging van die artikel te ondersoek. Vakbonde is veral ongelukkig oor die nuwe bepaling omdat die 1988-wysigings die reg om wettig te staak erg aan bande lê.

Onder die ou WAV was die nywerheidshof geneig om aan wettige stakers beskerming te verleen, sê Renée Roux in die jongste uitgawe van die South African Labour Bulletin. As onderhandelinge uitgeput is en 'n redelik eenvoudige prosedure onder die Wet gevolg is, sou 'n werkgewer nie sonder meer stakende werkers afdank nie. Roux betoog dat dit tot gevolg gehad het dat beide partye onderhandelinge ernstig opgeneem het en hul bes probeer het om geskille te besleg. Werkers het net in uiterste gevalle oorgegaan tot onwettige stakings.

Onder die nuwe definisie kan die Nywerheidshof beslis dat 'n staking 'n "onbillike arbeidspraktyk" is, terwyl 'n wettige staking of uitsluiting onder die ou WAV uitdruklik uitgesluit is van die definisie van 'n "onbillike arbeidspraktyk".

Dit het tot gevolg dat die Nywerheidshof nou kan inmeng met die meriete van kollektiewe bedinging en nywerheidsaksie kan stopsit, selfs al is die korrekte prosedure onder die Wet gevolg om 'n wettige staking uit te roep.

Sekondêre stakings, byvoorbeeld simpatie-stakings, word ook uitdruklik onder die nuwe WAV verbied, selfs al vind dit binne dieselfde nywerheid plaas. Ook ander bepalings onder die nuwe "onbillike arbeidspraktyk"-definisie is deur vakbonde vir kritiek uitgesonder.

Die ontslag van 'n werknemer binne die eerste ses maande van sy diens word nie meer geag 'n onbillike arbeidspraktyk te wees nie, mits die regte prosedure gevolg word.

Die sogenaamde "last-in-first-out" of LIFO-beginsel word nie meer erken ten opsigte van afdankings in die geval van verskraling ("retrenchment") nie. Boikotte en wegbly-aksies kan ook nou onder die algemene definisie van "onbillike arbeidspraktyk" ingereken word, en die definisie is só wyd dat dit selfs 'n kantienboikot kan insluit!

Paragraaf (j) van die definisie is klaarblyklik daarop gerig om minderheidsvakbonde te beskerm. Barney Jordaan, dosent in arbeidsreg aan die Universiteit van Stellenbosch, wys daarop dat, as dié paragraaf saam met artikel 4(4)(c) van die WAV gelees word, dit ook beskerming verleen aan rassistiese vakbonde, soos die geval was vóór prof Nic Wiehahn se hervormings van die arbeidswetgewing in 1979.

'n Onlangse uitspraak van die Nywerheidshof in Natal Baking Industrial Union teen Baker's Bread Cereals en Fawu bevestig die omvangryke aard van dié bepaling.

Die hof het bevind dat 'n meerderheidstelsel van verteenwoordiging strydig kan wees met dié bepaling as nie-vakbondlede, of lede van 'n ander vakbond, betrek word by 'n bedingingstruktuur wat deur 'n meerderheidsvakbond verteenwoordig word. Dit het tot gevolg gehad dat 'n groepie van 96 Indiërdrywers uit 'n werksmag van 700 nou ook verteenwoordiging moet hê naas Fawu, wat die stelsel van kollektiewe bedinging erg bemoeilik.

Die nuwe bedingingsprosedures wat die WAV neerlê, is na die mening van vakbonde en regsgeleerdes onnodig tegnies en moeisaam. Nicholas Marais wys in 'n nuwe boek, Die Onbillike Arbeidsparaktyk in die SA Reg, daarop dat die bedingingsprosedure in die geval van 'n dispuut nou nege stappe behels!

Volgens Roux in die SA Labour Bulletin het dit daartoe gelei dat werkers in sommige gevalle daarvan afsien om van versoeningsprosedures gebruik te maak. Die streng tydsbeperkings wat daargestel word om 'n dispuut na 'n Nywerheidsraad of versoeningsraad te verwys, kan daartoe lei dat die partye hul reg tot toegang tot die hof, of die reg om wettig te staak, kan verbeur.

Die WAV bepaal dat 'n dispuut binne 90 dae verwys moet word. In een geval is 'n aansoek van Sactwu in 'n dispuut met Eurospray, Trading and Plant Components van die hand gewys omdat dit laat was: hulle het aanvaar dat 90 dae as drie maande beskou word, terwyl Mei 31 dae het. Hul aansoek is toe die een-en-negentigste dag ingedien en is afgekeur.

Die wysigings van die WAV laat weinig aansporing vir vakbonde, en tot 'n mindere mate ook werkgewers, om die bepalings van die Wet te volg om geskille deur kollektiewe bedinging te besleg.

Die enigste "aansporing" is negatief - die skadevergoedingsbepaling van artikel 79 en die strafregtelike implikasies van onwettige optrede.

Artikel 79 se bepalings het juis tot gevolg dat vakbonde hul hande was van onwettige stakings of ander optrede, met die gevolg dat werkgewers dan met 'n amorfe massa onverteenwoordigde werkers moet probeer onderhandel - 'n situasie wat indruis teen die basiese beginsels van kollektiewe bedinging (wat die verklaarde oogmerk van die WAV is). Jordaan meen dit sou beter wees om groter beskerming aan wettige stakings te verleen, en dit ook spesifiek onder die definisie van "onbillike arbeidspraktyk" uit te sluit, soos onder die ou WAV die geval was.

Die wetgewing laat groter inmenging deur 'n buite-instansie, die Nywerheidshof, in die meriete van veral ekonomiese geskille toe.

Die poging om onbillike arbeidspraktyke te kodifiseer, kan lei tot starheid op 'n terrein waar soepelheid juis die wagwoord moet wees.

Die eertydse minister van Mannekrag het tydens die parlementêre debat oor die WAV te kenne gegee dat die wetgewing beoog om onwettige stakings aan bande te lê. Die effek van die WAV is egter dat wettige stakings en uitsluitings ook nou as onbillik beskou kan word.


Party werkgewers, soos Pepsi, Kellogs en Mercedes, asook die plaaslike maatskappy Dorbyl, het reeds met die vakbonde wat in hul nywerhede verteenwoordig word ooreengekom om die WAV te omseil deur "uit te kontrakteer".

Dié maatskappye het private ooreenkomste met die vakbonde gesluit wat alternatiewe prosedures vir arbitrasie neerlê en die reg om te staak erken.

Vakbondorganisasies eis egter steeds dat die Wet self verander moet word om by aanvaarde beginsels van arbeidsverhoudinge in te pas.

Die eise van die vakbonde word soos volg saamgevat in die jongste uitgawe van die SA Labour Bulletin:

* Die reg om te staak, insluitende simpatie-stakings;
* Die reg tot werksekerheid en billike verskralingsprosedures;
* Die reg van alle werkers, insluitende plaaswerkers, huiswerkers, staatsamptenare en werkers in die tuislande om onder dieselfde arbeidswetgewing te val;
* Die reg van alle werkers om by die vakbond van hul keuse aan te sluit;
* Die plig van werkgewers om verteenwoordigende vakbonde te erken en met hulle te onderhandel;
* Die reg van werkers om geraadpleeg te word by die formulering van 'n nuwe WAV.




**Actwusa-lede betoog teen die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge** ***(Foto: Afrapix)***


## HIER KOM VWB!

VWB staan nie vir die Vrye Weerstandsbeweging nie. Ook nie vir Vryers Wil Baklei, Vyf Wilde Boere of Volkswagen Beperk nie.

VWB staan vir Vrye Weekblad Boeke/Books, 'n opwindende nuwe tydskrif oor boeke en skrywers met 'n unieke karakter wat volgende week saam met Vrye Weekblad verskyn.

Hoekom uniek?

Omdat dit drietalig is: Afrikaans, Engels en Hollands.

Omdat dit nie net boekresensies is nie. Daar is byvoorbeeld ongepubliseerde kortverhale (James Whyle, Lettie Viljoen) en poësie (Breyten Breytenbach, Marlene van Niekerk).

Daar is 'n onderhoud met die enigmatiese literêre reus van Koffiefontein, Etienne Leroux.

Dan Roodt (lanklaas van hom gehoor, né?) skryf uit Parys; die ANC se Vernon February skryf uit Amsterdam; en Antjie Krog skryf oor kinderboeke.

Daar is resensies van boeke oor die ekologie, gesondheid, rockmusiek, sake en finansies, arbeidsreg en Namibia.

Daar is essays oor die Afrikaanse letterkunde van die Wes-Kaap en kontemporêre Suid-Afrikaanse poësie.

En nog baie ander artikels en resensies. Geskryf deur van die beste skrywerstalent in die land, geredigeer deur die skrywers Koos Prinsloo en Ryk Hattingh, en stylvol aangebied.

Die tydskrif verskyn as bylae tot Vrye Weekblad op 13 Oktober. Saam met die koerant is die tydskrif gratis, maar ná 13 Oktober word dit afsonderlik as 'n tydskrif in boekwinkels verkoop.

Dit beteken jy sal moet spring, want die oplaag is beperk. En as jy dit nou misloop, sal jy drie maande moet wag vir die volgende VWB.

Ons stel voor jy tree so gou moontlik met Karien Norval in verbinding om seker te maak jy kry jou afskrif van wat sekerlik Afrikana gaan word. Haar telefoonnommer is (011) 836 2151, haar adres is Posbus 42637, Fordsburg 2033, en haar telefaksnommer is (011) 838 5901.

***Moenie dit misloop nie!***

# BEVRY DIE DEMOKRATIESE PROSES

**Shell doen 'n dringende beroep op die regering om:**

1. **Die Noodtoestand te beëindig**
2. **Alle politieke leiers vry te laat en inperkings op te hef**
3. **Beperkings op demokratiese organisasies te skrap**
4. **Vryheid van spraak te bevorder en aan te moedig**

# Mogopa se mense haal weer asem

Charles Leonard

OU kromrug ooms en tantes van Mogopa het Maandag openlik van vreugde gehuil op die trappe van die Hooggeregshof in Pretoria.

Hulle het pas gehoor dat hul regsverteenwoordiger, adv Jules Browde, reg tot appèl gekry het teen hul uitsettingsbevel wat in Mei vanjaar deur regter Van der Merwe aan die staat toegestaan is.

Dieselfde regter het nie net aan dié mense reg tot appèl toegestaan nie, maar ook die staat se teen-eis van die hand gewys. Is die teen-eis toegestaan, sou dit beteken dat die Mogopas op grond van die oorspronklike hofbevel uitgesit kon word.

Op die oomblik kamp 50 ou mense by Mogopa. Het die Hooggeregshof die staat se eis toegestaan, sou dit die vyfde skuif vir die mense wees sedert hul gedwonge verskuiwing in Februarie 1984.

Hulle was die laaste "swart kol"-plaasgemeenskap wat ingevolge die regering se beleid van gedwonge verskuiwings verwyder is. Die gewelddadigheid van die verskuiwing, en hul volgehoue teenstand, het wye steun en publisiteit geniet. As gevolg daarvan het die staat bes gegee oor ander hangende verskuiwings.

Hul verskuiwing in 1984 van die grond naby Ventersdorp in die Wes-Transvaal is eindelik deur die Appèlhof as onwettig verklaar.

Die plaas Zwartrand is in 1916 deur die Mogopas se voorouers gekoop, en die plaas Hartbeesfontein in 1931.

Die eerste Appèlhofbeslissing in 1985 - 'n jaar nadat hulle na Pachsdraai naby Groot-Marico en Onderstepoort naby Rustenburg verskuif is - het egter nie tóé veel vir die Mogopa-mense gehelp nie, want die staat het intussen hul grond onteien.

Daar het toe ook trane gevloei, maar dít was van bitterheid en frustrasie. Ondanks die hofbevel en die kwytskelding van hul bure, het die staat aanhoudend die Mogopa-mense die reg ontneem om na hul land terug te keer.

Die tragiese gebeure van die afgelope vyf jaar wil dit laat lyk asof die staat 'n volgehoue vendetta teen dié gemeenskap voer.

Hul grond is intussen deur die Departement van Landbou en Watervoorsiening aan die landbou-unies van Koster en Ventersdorp as weiveld uitgehuur.



Die Mogopa-mense buite die Hooggeregshof *(Foto: Gill de Vlieg - Afrapix)*

In 1988 het Gerrit Viljoen, toe minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, met groot gebaar ingestem dat 'n paar van die mense na Zwartrand terugkeer om hul voorvaders se grafte op te knap.

Die staat het in Mei vanjaar 'n aansoek voor die Pretoriase Hooggeregshof gebring dat die vyftig mense wat nog op hul geboortegrond is, verwyder moet word. Die aansoek is toegestaan.

Maandag is appèl toegestaan.

Browde, wat namens die Mogopamense optree, het betoog dat die onteiening onwettig was omdat dit nie vir openbare gebruik toegewys is soos voorgeskryf deur die Onteieningswet van 1975 nie. Hy het ook gesê dat die toewysing nie ter goeder trou nie en met 'n kwade motief gemaak is.

## Suid-Afrika se leiers (5): JP de Lange

Anton Steenkamp

JAN PIETER DE LANGE, die voorsitter van die Afrikaner-Broederbond, is op 27 Februarie 1926 op Fort Beaufort in Oos-Kaapland gebore.

Hy het op Aberdeen en Elliot skoolgegaan en daarna aan die Universiteit van Pretoria sy BA-graad en die Transvaalse Onderwysdiploma verwerf. Hy het later nog 'n BA-graad en die Hoër Onderwysdiploma (met lof) deur Unisa voltooi, en die graad B Ed aan die Randse Afrikaanse Universiteit verwerf.

Hy het as onderwyser vinnig opgang gemaak en is op vroeë ouderdom as vise-hoof en waarnemende hoof aan verskeie skole aangestel, en het ook by die Potchefstroomse Onderwyskollege klasgegee.

Nadat hy 'n tyd lank as navorser by die Transvaalse Onderwysburo gewerk het, is De Lange as viserektor van die Goudstadse Onderwyskollege aangestel. 'n Paar jaar later is hy bevorder tot rektor van die Potchefstroomse Onderwyskollege.

In 1970 het De Lange 'n professoraat in Didaktiese Opvoedkunde aan RAU aanvaar en 'n termyn as dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde gedien. In 1979 is hy aangestel as rektor van die universiteit - 'n pos waartoe hy in 1983 weer verkies is en waarin hy gedien het totdat hy in 1987 die amp neergelê het om hom op klimaatskepping vir onderhandeling oor rassegrense heen te beywer.

De Lange is in 1980 aangewys as die voorsitter van 'n kommissie van ondersoek na die onderwyskrisis in Suid-Afrika. Die kommissie se aanbevelings het één ministerie vir onderwys en die outonome reg van universiteite en technikons om studente van alle rasse toe te laat, ingesluit.In die loop van die kommissie se bedrywighede het De Lange persoonlik die studenteleiers van die 1980/81-boikotte te woord gestaan om die oorsake van hul griewe te ondersoek. Prof de Lange is in Junie 1983 aangewys as voorsitter van die Afrikaner-Broederbond.

Sedertdien het hy hom uitgespreek teen Afrikaner-eksklusivisme en ten gunste van daadwerklike hervorming, en in 1987 het hy sy amp as rektor van RAU neergelê om hom voltyds op klimaatskepping vir onderhandeling en die fasilitering van gesprekvoering toe te lê. Ander Rade waarop hy gedien het of nog steeds dien, is onder meer dié van die Windhoekse Onderwyskollege, die Goudstadse Onderwyskollege, Vista-universiteit, die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, die Komitee van Universiteitshoofde, Nasionale Pers en Santambank. Prof de Lange en sy vrou, Christine, het drie dogters.


# DIE DAVID WEBSTER-VERENIGING

**Dr David Webster is op 1 Mei 1989 buite sy huis in Troyeville, Johannesburg in 'n sluipmoordaanval dood. Hy was 'n toegewyde kampvegter teen onderdrukking in Suid-Afrika, en het hoofsaaklik deur sy werk die slagoffers van aanhouding sonder verhoor en hul families bygestaan. Hy het ook 'n energieke bydrae gelewer tot ander gemeenskaps- en kultuurbedrywighede waarin hy aktief betrokke was. Die David Webster-trust, wat na sy dood gestig is, het nou die David Webster-vereniging geloods om deelname in dit wat vir David belangrik was, uit te brei.**

Die doelwit van die vereniging sluit in:

*** Om persone wat ingevolge die Suid-Afrikaanse noodmaatreëls aangehou of ingeperk word se omstandighede, én dié van hul gesinne, te verbeter;**

*** Om musikante wat nie finansieël sterk is nie, en wat moontlik musiek kan maak en/of produseer wat sal bydrae tot die ontwikkeling van 'n progressiewe Suid-Afrikaanse kultuur, te ondersteun;**

*** Om die gemeenskap van Kosibaai te ondersteun in hulle stryd om in dié gebied te bly woon;**

**U word uitgenooi om 'n lid van die David Webster-vereniging te word deur:**

*** 'n Aftrekorder van R25 per maand**


**OF**

*** 'n jaarlikse inskrywing van R300**

*** Alle inskrywings sal skriftelik erken word.**

*** Lede sal 'n jaarverslag én 'n verslag van die finansiële verklarings van die vereniging ontvang.**

*** Fondse sal deur die trustees van die David Webster-trust beheer word.**



Naam: ______

Adres: ______

Stuur die voltooide vorm tesame met 'n aftrekorder of tjek ter waarde van R300 aan:

Die David Webster-vereniging, Posbus 32707, Braamfontein 2017, Suid-Afrika.

Aftrekorder-instruksie

Ek/Ons magtig hierdeur die aftrek van R25 per maand van my rekening

beginnende vanaf ______dag van ______ 198 ______

Besonderhede van rekening: Naam: ______ Bank: ______

Taknommer: ______ Rekeningnommer: ______ Transmissie/Tjekrekening

Handtekening: ______

# 'n Tuislandleier staan op: 'Die dae van lippediens is verby'



Genl Bantu Holomisa *(Foto: Eric Miller - Afrapix)*

**Elsabé Wessels**

**DIE 34-jarige Transkeise leier wat op 32-jarige ouderdom deur 'n militêre staatsgreep in Transkei aan gewind gekom het, het verlede naweek geskiedenis gemaak toe hy saam met leiers van die breë demokratiese beweging 'n verhoog gedeel en hom by die beginsels van die ANC geskaar het.**

**Generaal Bantu Holomisa, wat twee jaar gelede die korrupte Matanzima-bewind in 'n suksesvolle staatsgreep omvergewerp het, het onder die luide toejuiging van 'n skare van 40 000 sterk by die herbegrafnis van die banneling-stamhoof en ANC-leier, Sabata Dalindyebo, 'n verenigde Suid-Afrika in die vooruitsig gestel - "maar nie onder 'n De Klerk-bewind nie".**

**Die standpunt van die jong militêre leier kan verreikende gevolge vir Suid-Afrika se tuislandbeleid inhou. Die eerste openlike verset teen die regering se tuisland-stelsel kan in die Transkei posvat. Transkei met sy drie miljoen inwoners was in 1976 die eerste tuisland om onafhanklikheid te aanvaar.**

**Die vertoon van ANC-vlae, die sing van strydliedere en ANC-slagspreuke was 'n openlike triomf vir die ANC wat onder die Matanzima-bewind tot vyand verklaar is. Die teenwoordigheid van die ANC, die UDF en Cosatu het met Holomisa se goedkeuring geskied.**

**In Augustus vanjaar het Holomisa toegelaat dat sy broer, Pathekile Holomisa, as 'n uitvoerende bestuurslid van Contralesa gesprekke met die ANC in London gaan voer. Tydens die begrafnis het Pathekile, geklee in ANC-kleure, 'n boodskap van die ANC voorgelees.**

**Holomisa, wat onlangs in die geheim kontak gehad het met die ANC-leier, Oliver Tambo, het tydens die seremonie gesê dat indien dit die wens van die inwoners van die Transkei is, hy 'n referendum oor herinlywing by Suid-Afrika sal uitroep.**

**Holomisa het na afloop van die seremonie aan joernaliste gesê dat sy regering se politieke ideologie afhanklik is van die wense van die inwoners van Transkei.**

**"Daar is 'n algemene besef dat die argitekte van Verwoerdiaanse apartheid verkeerd was. Daar is nou sprake van onderhandelinge om swart mense in 'n grondwetlike bedeling in Suid-Afrika in te sluit en ek glo dat my mense by hierdie proses ingesluit wil wees. Ons het openlik aan Pretoria gesê dat ons dae van lippediens verby is," het Holomisa in 'n onderhoud met Gavin Bell van die Londense Times gesê.**

**Die Transkei het reeds die eerste stap in 'n onderhandelingsproses geneem deurdat die Transkeise president, Tutor Ndamase, die leiers van die ander tuislande (onafhanklik en selfregerende state) na 'n spitsberaad genooi het om gesamentlike aksie te bespreek. Met die uitsondering van die hoofminister van KwaZulu, Mangosuthu Buthelezi, word die uitnodigings gunstig oorweeg, het Holomisa gesê.**

**Wat die opheffing van Transkei se onafhanklike status betref, het Holomisa gesê dat hy dit nie op sy eie kan doen nie, maar dat hy die steun van die tuisland se inwoners moet verkry.**

**Tydens die onderhoud het Holomisa gesê dat hy nouer samewerking met die ANC in die vooruitsig stel. Hy het hom egter van die ANC se gewapende stryd gedistansieer en gesê dat dit onwaarskynlik sal wees dat hy die ANC se militêre vleuel 'n basis in die land sal gee. "Wapens moet die laaste uitweg wees," het hy gesê.**

**"Ons slagspreuk is aksie, maar deur dialoog. Ons wil hê dat albei kante bymekaar moet kom om sinvol gesprek te voer. Indien die regering weier om te onderhandel met die ANC, wanneer sal die konflik einde kry," het Holomisa gevra.**

**Volgens waarnemers het Holomisa reeds die ANC in die Transkei "gewettig" deurdat verskeie vlae van die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party met sy goedkeuring by die begrafnis gewapper het.**

**Oor inlywing by Suid-Afrika het Holomisa aan die Johannesburgse joernalis Mono Badela gesê dat inlywing sal nie onder die De Klerk-bewind geskiet nie. "Dit sal selfmoord wees," het hy gesê.**

**"Ek glo dat ek dieselfde taal as die ANC praat. Transkei moet sy strategie hersien. Matanzima het nie die mandaat van die mense gehad toe hy onafhanklikhied aanvaar het nie," het Holomisa gesê.**

**Volgens Holomisa kyk sy regering op die oomblik na die ANC se "Harare-verklaring" wat onlangs deur die frontliniestate en die Organisasie vir Eenheid in Afrika (OEA) aanvaar is.**

**Volgens Holomisa bestaan daar geen ooreenkoms tussen die Transkei en die Suid-Afrikaanse regering buiten dat Suid-Afrika nie militêr vanuit die tuisland binnegeval mag word nie.**

# Verwoerd se groot droom is aan die verbrokkel...

**Die militêre leier van die Transkei, generaal Bantu Holomisa, het verlede naweek in 'n opspraakwekkende aankondiging die herinlywing van Transkei by 'n verenigde Suid-Afrika in die vooruitsig gestel. ELSABé WESSELS ondersoek die verbrokkeling van "groot apartheid"**

HENDRIK VERWOERD se tuislanddroom het dié naweek 'n verdere knou gekry met 'n voorgestelde referendum wat Transkei weer deel van Suid-Afrika kan maak.

Onder toejuiging van 40 000 roubeklaers by 'n tradisionele begrafnis het Transkei se militêre leier, die jeugdige genl Bantu Holomisa, die hervestiging van 'n verenigde Suid-Afrika, gestroop van Verwoerdiaanse apartheid, nuwe stukrag gegee.

Met sy opspraakwekkende aankondiging dat hy graag die inwoners van die Transkei die geleentheid wil gee om oor die herstel van hul Suid-Afrikaanse burgerskap te stem, het Holomisa waarskynlik 'n sneeubal aan die rol gesit.

Dit is die eerste keer dat 'n tuislandleier die voortbestaan van die Nasionale Party se tuisland-ideologie, wat Suid-Afrika se swart bevolking op 13 persent van die land se geografiese gebied wou vestig, onomwonde in die openbaar bevraagteken.

Die begrafnis van 'n uitgesproke teenstander van die tuisland-beleid, hoofman Sabata Dalindyebo, het 'n dramatiese verenigde optrede van anti-apartheidleiers vanuit Suid-Afrika en tradisionele stamleiers tot gevolg gehad.

Holomisa het verder gegaan as om apartheid te veroordeel. Hy het twee weke gelede self met die ANC in Londen gaan gesels.

Die ANC se teenstand teen die tuislandbeleid is welbekend.

Holomisa se kontak met Oliver Tambo is egter dié week as verskoning gebruik deur die hoofminister van KwaZulu, Mangosuthu Buthelezi, toe hy 'n uitnodigng na 'n spitsberaad van leiers van onafhanklike en selfregerende state wat deur die Transkeiese president, hoofman Tutor Ndamase, byeengeroep is, van die hand gewys het. Volgens Buthelezi moet Holomisa 'n duidelike standpunt oor sy verwerping van die "onafhanklikheid" van die Transkei inneem.

'n Uitgesproke teenstander van die tuislandstelsel, die hoofminister van KaNgwane, Enos Mabuza, het Holomisa se voorstel vir 'n referendum as 'n belangrike politieke aankondiging beskryf. Nie een van Suid-Afrika se ses selfregerende state (KaNgwane, KwaNdebele, Gazankulu, Lebowa, KwaZulu en QwaQwa) is tans bereid om onafhanklikheid te aanvaar nie.

Holomisa se standpunt het egter geen steun van mede-tuislandleiers ontlok nie. Woordvoerders van die Ciskei, Bophuthatswana en Venda het hulle dié week van Holomisa gedistansieer en gesê dat hul nie hul onafhanklikheid sal prysgee nie.

"Ondanks wat in Suid-Afrika gebeur, sal Bophuthatswana sy onafhanklikheid behou," het 'n woordvoerder namens president Lucas Mangope gesê.

Volgens 'n woordvoerder van die Ciskeise president, Lennox Sebe, het die Ciskei sy referendum vóór onafhanklikheid gehou en is die meerderheid van Ciskeise inwoners ten gunste van onafhanklikheid. Volgens die woordvoerder is die Ciskei die enigste tuisland wat sy inwoners se wense in 'n referendum getoets het voordat onafhanklikheid aangeneem is en word herinlywing nie oorweeg nie.



Lucas Mangope *(Foto: Paul Weinberg - Afrapix)*

Die wegknaag aan die basis van afsonderlike ontwikkeling skep 'n grondwetlike krisis vir die regering wat nog steeds nie 'n aanvaarbare staatkundige struktuur in die vooruitsig gestel het nie.

Dr Fanie Cloete, wat betrokke was in "onderhandelinge" namens die regering voordat hy vroeër vanjaar "ontslaan" is weens die verlies van sy "veiligheidsklaring", het Holomisa se aankondiging as belangrik beskryf en gesê dat dit die eerste poging is om tuisland-onafhanklikheid ongedaan te maak. "Die omkeer van onafhanklikheid was nog nooit regtig op die agenda nie," sê Cloete, tans 'n navorser aan die Instituut vir Beleidstudies.

Die volgehoue weiering van die regering om legitieme swart leiers by die staatkundige proses te betrek, gee steeds aanleiding tot 'n skaakmatposisie.

Die daarstelling van 'n Nasionale Raad is verlede jaar reeds doodgebore nadat selfregerende leiers, op 'n enkele uitsondering na, deelname verwerp het. Hulle het streng voorwaardes vir deelname gestel waaraan die regering nog nie voldoen het nie, naamlik die vrylating van politieke gevangenes, die wettiging van verbode politieke organisasies en ander eise.

Die Nasionale Raad-gedagte het 'n nuwe baadjie gekry met die voorgestelde Groot Indaba, wat eers deur PW Botha aangekondig is en deur pres FW de Klerk tot nuwe status verhef is.

Oor deelname aan De Klerk se voorgestelde Groot Indaba het Mabuza gesê dat die politieke mandaat van die leiers van die selfregerende state eers bepaal sal moet word. Hy het daarop gewys dat indien enige van die leiers as 'n hoofminister 'n posisie op so 'n Groot Indaba beklee, hy as 'n verteenwoordiger van 'n regeringstruktuur beskou sal word. Hy sou slegs met 'n mandaat van 'n bepaalde politieke setel deelname oorweeg, sê Mabuza.

Die eise vir deelname wat deur die ANC, UDF, Cosatu en ander leidende versetgroepe gestel word, word ook deur Mabuza onderskryf. "Solank politieke organisasies soos die ANC verbied word, politieke leiers aangehou word en die noodtoestand heers, is deelname onmoontlik," sê Mabuza.

Mabuza huldig lank reeds die standpunt dat "marionetstrukture wat nie erkende leiers insluit nie en op koöptering staatmaak" niks kan vermag nie.

Die regering se voorgestelde Nasionale Forum, wat in Mei vanjaar deur 500 verteenwoordigers van swart munisipaliteite bygewoon is, is ook aan 't verbrokkel. Binne ses weke na Heunis se stigting van die forum, het 'n groot aantal van die stadsrade hulself onttrek.

Nie die Groot Indaba of die Nasionale Forum kan De Klerk uit dié staatkundige skaakmaatposisie red nie.

Die onaanvaarbaarheid van die beleid word verder beklemtoon deur die volgehoue weiering van die selfregerende gebiede om onafhanklikheid te aanvaar.

In 'n verdere verset teen die uitbuiting van etniese afsonderlikheid vorm stamleiers die afgelope tyd ook 'n verenigde front teen pogings van die regering om tradisionele gemeenskappe tot onafhanklikheid te lei.

Die Congress of Traditional Leaders of South Africa (Contralesa) het in Augustus sy posisie tydens 'n beraad met die ANC-leierskap in Lusaka gekonsolideer. Volgens Contralesa het tradisionele leiers die kern van die ANC met sy stigting in 1912 gevorm.

Die president van Contralesa, hoofman Mhlabunzima Mapumulo, wat ook tydens die herbegrafnis opgetree het, het die tuislandbeleid as 'n "uitbuiting van tradisionele leiers deur die instrumente van onderdrukking" beskryf. "Die swakkeres het slagoffers van die stelsel geword," het hy gesê.

Hoewel die stelsel van stamleierskap enkele jare gelede nog deur die ANC onder verdenking geplaas is, steun die kongres van tradisionele leiers die politieke doelstellings van die ANC en die breë demokratiese beweging. Hierdie posisie is sedert die stigting van Contralesa in 1987 gekonsolideer.

Prins Klaas Makosana van die Mabhokokoningshuis het Contralesa in 1987 gestig nadat hy uit aanhouding weens sy verset teen tuislandstrukture in KwNdebele vrygelaat is. Holomisa se broer, Pathekile Holomisa, is op die uitvoerende bestuur van Contralesa.

Daar word geglo dat die stamhoofde 'n belangrike rol in die uitbreiding van die versetfront kan speel weens die belangrike invloed wat hul nog in landelike gebiede het.

Contralesa beywer hulle veral vir die beëindiging van gedwonge verskuiwings en voortgesette konsolidering van tuislandgebiede, wat tot vandag toe die lewe van swart Suid-Afrikaners ontwrig deur massa-verskuiwings van gemeenskappe en die inlyf van dié gemeenskappe, ondanks hul teenstand, by tuislande. Hulle beywer hulle ook teen oordrewe stamgebondenheid en etnisiteit wat die laaste paar jaar tot ernstige geweld in Natal aanleiding gee. Hulle is regstreeks betrokke by die huidige vredesgeprekke.

In KwaZulu is hoofminister Mangosuthu Buthelezi gekant teen Contralesa. Volgens Mapumulo dreig Buthelezi om op te tree teen hoofmanne wat hul by Contralesa skaar. Een hoofman, Elfas Molefe, is reeds deur die Ulundi-owerheid geskors op grond daarvan dat hy die Zoeloe-volk verdeel, beweer Mapumulo. Mangope is ook gekant teen Contralesa en beskryf die organisasie as die "baba van die ANC", sê Mapumulo.

# Die Temboes se 'Comrade King' is eindelik tuis

**Jeremy Hollmann**

**Koning Sabata Dalindyebo, die Temboes se "Comrade King", is verlede Sondag by Bumbane, naby Umtata, herbegrawe. Volgens JEREMY HOLLMAN het dié geleentheid 'n nuwe era in versetpolitiek in die Transkei aangekondig**

TERWYL aasvoëls bokant die Groot Plek van die Temboes gedraai het, het vroue op die grond klein ANC-vlaggies verkoop en marshalls in kakieklere water aan die dors skare gegee. Die skare by Bumbane, naby Umtata, was daar vir die herbegrafnis van koning Sabata Dalindyebo, die voormalige opperhoof van die Temboes en held van die vryheidstryd.

Die "Comrade King", soos een plakkaat hom beskryf het, is in 1980 as leier van die Temboes onttroon - die gevolg van dekades van tweespalt tussen hom en sy jonger broer, Kaizer Dallwonga Matanzima.

In die laat vyftigerjare, as gevolg van die onafhanklikheidsgedagte, het die Temboes in twee geskeur. Dit het Matanzima - 'n relatief onbelangrike hoofman - in staat gestel om in 1966 die opperhoof van die afgestigde Temboes te word. Tien jaar later het "KD" Transkei na "onafhanklikheid" gelei.

Sabata, 'n uitgesproke teenstander van die tuislandbeleid én van die hoofmanne wat dit ondersteun, is in 1979 deur die Transkeise veiligheidspolisie in hegtenis geneem omdat hy mense aangemoedig het om hul paspoorte aan die regering terug te gee. Hy is daaraan skuldig bevind dat hy die "die waardigheid van die staatspresident (Matanzima) aangetas het" en tot 18-maande tronkstraf of 'n boete van R700 gevonnis. Hy is kort daarna deur Matanzima van sy posisie as opperhoof onthef op grond van "ongedissiplineerde gedrag" en sy beweerde ANC-lidmaatskap.

As gevolg van die vernedering om deur 'n junior hoofman onthef te word en uit vrees vir sy veiligheid het Sabata uit die Transkei verdwyn en 'n paar maande later sy opwagting in Lusaka gemaak. Hy het by die ANC aangesluit.

Hy is in April 1986 in Zambië dood. Omdat hy nooit sy ontheffing as hoofman van die Temboes as geldig beskou het nie, het hy een van sy seuns, Buyelekhaya, wat letterlik "gaan huis toe" beteken, as opvolger aangewys.

Uit vrees vir die moontlike ondersteuning wat sy begrafnis mag geniet, het die Transkeise owerhede streng beperkings op dié plegtigheid geplaas. Die beperkings is deur die Hooggeregshof ongeldig verklaar en die Dalindyebofamilie het toesig en beheer oor die liggaam gekry en die begrafnis is uitgestel.

In reaksie teen die bevel, het Matanzima na bewering die liggaam uit die lykshuis gesteel en sonder enige seremonie in 'n gewone graf begrawe.

Legendes het rondom die manier waarop Sabata begrawe is, ontstaan: die gras wou glo nooit op die graf groei nie en daar word geglo dat hy eers in die kop geskiet en toe geboei is voordat hy begrawe is. Onder genl Holomisa se administrasie het die Transkeise Hooggeregshof die Temboe-stam vergunning verleen om Sabata se liggaam op te grawe en 'n nadoodse ondersoek is voor die herbegrafnis gedoen.

Na berig word, is daar nie aan die lyk gepeuter nie, maar was die kis nie ordentlik verseël nie. Volgens een van die sprekers het die herbegrafnis, wat verlede Sondag gehou is, meer beteken vir die duisende wat dit bygewoon het as die donker skadu wat oor die Dalindyebofamilie gehang het. Die byeenkoms het 'n oorwinning oor die "verdeel en heers"-beleid van dié tuisland verteenwoordig: bekende tuislandpersoonlikhede, Bantu Holomisa en die Transkeise Staatspresident, Tutor Ndamase, het die verhoog met Winnie Mandela (Sabata se niggie) en verteenwoordigers van die UDF, die breë demokratiese beweging, Cosatu, Sayco, Cosas en die Congress for Traditional Leaders of Southern Africa (Contralesa) gedeel.

Toesprake oor strategie is met poësie van die Amabongi (lofdigters) en toesprake van die verskillende hoofmanne afgewissel. Selfs die 26-jarige Buyelekhaya, wat uit vrees vir sy veiligheid nie na sy vaderland kon terugkeer en sy posisie as hoofman kon inneem nie, het die land binnegekom en sy vader se graf besoek nadat die skare reeds die graf verlaat het.

Die toesprake by die begrafnis is deur twee temas gekenmerk. Een was dat die instelling van die hoofmanskap deur die progressiewe beweging in die vryheidstryd gebruik moet word. In sy toespraak het die seremoniemeester, eerw Xundu, gesê: "Ons begrawe nie vir Sabata net omdat hy die koning van die Temboes was nie. Ons begrawe Sabata omdat hy hom met die stryd van die mense van Suid-Afrika vereenselwig het."

Ander het daarop gewys dat dit niks nuuts vir hoofmanne is om in die stryd betrokke te raak nie - hoofman Albert Luthuli was een van die stigterslede van die ANC in 1912. Hoofmanne het egter oor die jare van hulle mense "vervreem" geraak en het òf die pad byster geraak, òf by die onderdrukkers aangesluit, òf op die draad gaan sit.

Ander sprekers het hoofmanne aangemoedig om by Contralesa, wat gestig is om die "waardigheid en respek van die hoofmanne te herstel", aan te sluit. "Contralesa is 'n wapen teen De Klerk - sluit daarby aan as jy nie aan die verkeerde kant van die draad betrap wil word nie." Die ander tema was dat dié tuislandleiers wat in 'n progressiewe rigting beweeg, ondersteun moet word. 'n Spreker "namens die jeug" het gesê: "Ons moet van die veranderings kennis neem sonder om ons ontevredenheid met die 'bantustans' te verloor. Comrades in die Transkei moet probeer om te verenig en met die goeie wense van Bantu Holomisa bevryde gebiede vorm. Moenie tyd mors nie, spits julle toe op die spoed waarmee Bantu ook probeer om die omstandighede te skep. Bantu is nie 'n man wat aangejaag moet word nie, maar hy is 'n man met wie julle moet verenig. Julle moet strukture vorm wat probeer om hom op 'n daaglikse basis raad te gee, want die mag is in julle hande."

Hy het dit gekwalifiseer deur te sê: "Ons ondersteuning aan sekere mense in die bantustans beteken nie dat ons dié stelsel ondersteun nie. Apartheid sal slegs vernietig word as die tuislande vernietig is."

Die begrafnis het ook die kwessie oor wáár die jong Holomisa hom in verhouding met Suid-Afrika en die ANC bevind, aangespreek. Baie groepe gaan Holomisa fyn dophou om te sien in watter rigting hy gaan beweeg.

Holomisa, die leier van die Militêre Raad wat in 1988 die bewind in die Transkei oorgeneem het, is self die seun van 'n hoofman. Dit was hy wat die vraagstuk van die Temboeleierskap - teen die Matanzimas se wense - na die Hooggeregshof verwys het.

In sy toespraak het hy die mense vir hulle goeie gedrag bedank en gesê dat swartmense dikwels as "ongedissiplineerd" getipeer word, maar dat dié byeenkoms die teendeel bewys het. Hy het gesê dat hoewel die weermag die mag oorgeneem het sonder om die mense te raadpleeg, daar binnekort 'n referendum gehou sal word waartydens die mense vir eens en altyd oor die Transkei se toekoms kan besluit.

'n Paar dae ná die begrafnis het die generaal gesê dat hy "geen reaksie" van Suid-Afrika verwag het oor die teenwoordigheid van ANC- en SAKP-vlae by die begrafnis nie. "Die kwessie van vlae in Suid-Afrika is nie 'n vraagstuk nie - die argitekte van apartheid slaan nie meer mense oor vlae nie."


Op die vraag oor hoe hy voel oor Contralesa se beroep dat hoofmanne in die stryd betrokke moet raak, het hy gesê dat die begrafnis ongetwyfeld 'n groot impak op die lidmaatskap van die organisasie, waarvan sy broer die ondervoorsitter is, sal hê. Die luim by die begrafnis was dié van blydskap, woede en verwagting.

Mense het anti-Matanzima-slagspreuke geskree en Holomisa geloof. Met verwysing na gebeure in Namibia, het een spreker gesê: "Wat besig is om in die noorde te gebeur, is net 'n voorskou. Ons sal ons eie vryheid bewillig, niemand sal dit vir ons gee nie. Ons het met die stryd voortgegaan tot 'n punt waar ons onregeerbaar is."

Teen laatmiddag is Sabata se liggaam na die begraafplaas vir hoofmanne geneem waar hy hoort. Kort daarna het die eerste reën in 'n lang tyd op dié land, waarna hy uiteindelik teruggekeer het, uitgesak.



Die Temboes se 'Comrade King' word herbegrawe *(Foto: Benny Gool - Afrapix)*



# 1. HOE OM 'N HUIS TE KOOP EN GELD DAARUIT TE MAAK

# 2. NEDGROEI DIE EERSTE HUISLENING WAT AAN 'N EFFEKTE-TRUST GEKOPPEL IS

# 3. (HOEKOM HET NIEMAND VANTEVORE DAARAAN GEDINK NIE?)

HUISKOOP IS NIE 'N MANIER OM GOU GELD TE MAAK NIE. MAAR MET NEDGROEI IS DIT 'N ANDER SAAK OP LANG TERMYN, WANT NEDGROEI BIED 'N UNIEKE GELEENTHEID OM TWEE INFLASIE-VLIEË MET EEN KLAP TE SLAAN — 'N KANS WAT GEEN ANDER BANK OF BOUVERENIGING JOU GEE NIE.

NEDGROEI STEL JOU IN STAAT OM 'N AANSIENLIKE EFFEKTETRUST-PORTEFEULJE OP TE BOU TERWYL JY JOU HUISLENING AFBETAAL. WANT ANDERS AS DIE GEWONE HUISVERBAND — WAT GEREELDE MAANDELIKSE TERUGBETALINGS IN EEN REKENING VEREIS — BEHELS NEDGROEI TWEE AFSONDERLIKE REKENINGS.

DIE EERSTE GEBRUIK DEEL VAN JOU TERUGBETALINGS OM DIE RENTE OP JOU LENING TE DELG. DIE TWEEDE REKENING IS JOU BELEGGING IN DIE UAL-EFFEKTETRUST. (VIR DIE 12-JAARTYDPERK GEËINDIG 30 JUNIE 1989 HET 'N BELEGGING IN UAL-EFFEKTETRUST, WAARVAN DIE INKOMSTE HERBELÊ IS, 'N SAAMGESTELDE JAARLIKSE OPBRENGS VAN 28,15% GETOON*.)

DUS, AS JY NOU 'N NEDGROEI-HUISLENING VAN R100 000 OOR 25 JAAR AANGAAN, KAN JY AAN DIE EINDE VAN DIE TYDPERK NIE NET DIE OORSPRONKLIKE LENING AFBETAAL NIE, MAAR OOK 'N KAPITAALBELEGGING VAN R728 000 OPBOU (GEGROND OP 'N JAARLIKSE SAAMGESTELDE GROEIKOERS VAN 20%).

DIS SO EENVOUDIG.

NEDGROEI ... EENVOUDIG 'N BETER HUISLENING.

ONDERAANDELEWAARDES SKOMMEL IN VERHOUDING TOT DIE MARKWAARDES VAN DIE ONDERLIGGENDE EFFEKTE. DIE VERKOOPPRYS SLUIT 'N MAKSIMUM AANVANGSKOSTE VAN 5% PLUS VERPLIGTE KOSTE IN. DIENSKOSTE VAN 0,5% PJ VAN DIE TRUST SE MARKWAARDE WORD VAN DIE INKOMSTE AFGETREK. DIE BESTUURSMAATSKAPPY ONDERNEEM OM DIE ONDERAANDELE TEEN DIE HEERSENDE PRYS TERUG TE KOOP. GEEN VOORSIENING VIR DIE AMORTISASIE VAN BESTAANDE EFFEKTE WORD NODIG GEAG NIE.

**BRON: UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, NAGRAADSE BESTUURSKOOL, EFFEKTETRUSTOPNAME.*

*Euplectes orix orix (Linnaeus), 1758.* Rooivink.

**NEDBANK-NEDGROEI**

As jy ernstig is oor 'n beter huislening

NEDBANK 'n Afdeling van NedPerm Bank Bpk Geregistreerde Bank (Reg No 51/00009/06)

STAMM • MILLER & ASSOCIATES 961

**GESTEELDE APPELS**
*Deur Joan Hambidge*
*HAUM-literêr. R16,95 + AVB*

# 'Gesteelde appels' - herdigting van andermans gedigte


**Deur Helize van Vuuren**

"ALLES van waarde is weerloos" het 'n gepynigde graffitiskrywer onlangs in Amsterdam op 'n Keizergracht-muur geskilder. 'n Reël uit 'n gedig van Lucebert, maar dit weet min verbygangers, en illustreer nou net wat Hambidge wil beklemtoon as sy vir Harold Bloom in 'n motto aanhaal:

*But poetic influence need not make poets less original; as often it makes*
*them more original, though not therefore*
*necessarily better (...)* - *The Anxiety of influence*, p. 7

Oorspronklikheid is ook nie alles nie. Dit is so. Maar na die herhaalde lees van "Gesteelde appels" ('n verwikkelde bundel met appels wat ryp, vrot, skif, "gefnuik" is, en ook die appels van Sappho, Herakles se strydappel (?), die verbode vrug in die Paradys, en die digter se eie "appel-van-my-oog"), bly hierdie leser sit met dieselfde ongelukkige gevoel as die middernagtelike muurskilder in Amsterdam. Want die "Gesteelde appels" van die titel dui op Hambidge se herdigting van andermans gedigte: parodieë soos in "Die wêreld is ons woning nie./ Die merk ek aan ons gedigte:..." of "Ballade van die digters van weleer". Meestal is die tema gedigte, digters, kritici se kommentaar op gedigte, of die digaksie. 'n Deurlopende tegniek is 'n spel met bekende titels ("Ter wille van die edel vrug", "Bitterbessie dagbreek", "Nagwandeling") enkel reëls of idees (Opperman se "kuns is boos!" in "Malum/malus"). Maar selde lewer die spel iets opwindends op: die modelle klink te sterk deur, "oorheers" die parodieë.

Die digter tipeer haar sesde bundel vooraf as "'n Ode aan groot vreseboek...". Dié sinspeling op "Groot verseboek" en terselfdertyd die beklemtoning van "'n boek vol vrese", wys op die twee belangrikste aspekte van die bundel: "verse" en "vrese". Daar is 'n doelbewuste konsentrasie op die skryfhandeling en die aard van poësie ("writer's block", die gebrekkige insig van kritici, die lyding van digterwees: "my woordelikse stigmata", p. 55) en in aansluiting hierby die "vrese": 'n psigoanalitiese inslag waarin droom/nagmerrie en die onderbewussyn, waaruit die verse voortkom, sentraal gestel word. Die bundel het hoofsaaklik 'n somber atmosfeer wat wrewel en gefnuiktheid adem. Hierin is die "Ode"-elemente terug te vind: dis 'n moderne klaaglied oor die haglike stand van die Afrikaanse kritiek, die "valse mites van ons tyd" en die gebrekkigheid van die liefde.


Joan Hambidge

Die laaste gedig, "Tuin van aardse luste" (à la W.E.G. Louw volgens die titel, maar Visser se "Rosa rosarum" staan pa vir die vorm), kan as tiperend gelees word. Vergelyk die slotstrofe:

*Kom na my tuin waar swartgalgedagtes*
*daagliks my gedigte in inferno bewaar.*
*Kom proe my onthullings op papier,*
*betower deur digters, poehete, poëtasters:*
*alles, ja alles, word hier ge(open)baar.*

Hierdie bundel is ook verwikkelder as die vorige, "Geslote baan" (1988), omdat dit soos 'n Groot blokkiesraaiselboek van die Afrikaanse poësie saamgestel is. 'n "Refresher's course" in die kanon van Afrikaanse digters: Leipoldt, Visser, Totius, Jonker, Opperman, Van Wyk Louw, Eybers, Rousseau, ensovoorts.

'n Nuutjie in die Hambidge-oevre is haar eerste politieke gedig. (Daar is ook 'n gedig met die titel "Organized violence" maar dit handel oor hoe "roekeloos" die lewe met haar "omgaan".) Leipoldt se "'n Nuwe liefjie op 'n ou deuntjie" is die interteks van Hambidge se politieke gedig, en begin só:

*Siembamba, Siembamba,*
*Mame se kindjie, Siembamba!*
*Vou maar jou handjies saam, my kind:*
*jy wat die alfabet van geweld*
*in die palm van 'n township*
*se hand leer ken; jy wat diensplig*
*doen met die dood in jou stem.*

Die tema is politieke geweld, maar die digter skryf nie 'n versetgedig nie. Sy verwys na alle lede van die samelewing se blootstelling aan geweld, township-bewoner én dienspligtige, en herlei die geweld op die ou einde weer na die poësie: "hierdie land se paradokse/ skep bitter verse uit vrese".

boeke blad

**Onder redaksie van KOOS PRINSLOO**

Naas die gestalteverse in afdeling IV (oor Ingmar Bergman, Elvis Presley, Andy Warhol en Cézanne) is daar ook belydenispoësie, soos in een van die sterkste verse in die bundel, "Writer's block":

*O muses, vergeef tog my verraad:*
*my bandelose spot met self en ander*
*en roekelose geswymel met poësie...*

Daar is sprake in die bundel van 'n mislukte lewe ("Nagwandeling" à la Eybers in "Onderdak") en 'n gevoel van wrewel - sowel oor die mislukking van liefdesverhoudings as oor die kritiek op haar poësie, en allerhande dinge wat "skryn".

Met onomwondenheid herhaal Hambidge die stelling wat al uit haar vorige werk merkbaar geword het: om te lewe is om te dig, en te hérdig en te vérdig. Poësie is lewe...

*Helize van Vuuren doseer Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Natal in Durban.*

# Held en swartskaap van links en regs

**In sy reeks oor wêreldskrywers skryf MARTIN STEGMAN vandag oor die Duitse Nobelpryswenner Heinrich Böll.**

TOE hy een keer oor sy godsdiens uitgevra is, het Heinrich Böll gesê hy is 'n Rooms-Katoliek wat sy gewete laat uitstyg bo dogma. Dié gewete het meegebring dat hy wêreldwyd geprys is as 'n man van integriteit, maar ook dikwels afgekam is as 'n moralis.

Maar Böll se moraliteit het gekom uit 'n besorgdheid oor die lot van mense en oor die toekoms van 'n wêreld. Ná die Tweede Wêreldoorlog wou hy die ruïnes opruim wat nagelaat is deur die fisiese geweld en geestelike aftakeling.

Böll is op 21 Desember 1917 in Keulen gebore en het die grootste deel van sy lewe in dié stad aan die oewers van die Ryn deurgebring. Hy was die jongste van agt kinders.

Reeds op skool het Böll sy eie kop gevolg en hy was een van min uit sy klas wat nie by Hitler se jeugbewegings aangesluit het nie. Later het hy gesê Nazisme kon net in Duitsland ontstaan het. "Die Duitsers word geleer om aan enige reg en orde gehoorsaam te wees - dit was die probleem."

Toe die oorlog uitbreek, is hy front toe gestuur as voetsoldaat. Hy was meestal aan die Russiese Front en is vier keer gewond voordat hy in April 1945 naby sy geboorteplek gevange geneem is. "Ek sal nooit die oomblik vergeet toe die Amerikaners my bevry het nie," het hy dit later opgesom.

Na die oorlog het Böll student geword in Keulen en sy eerste kortverhale begin skryf. Van hulle is in Engels uitgegee as "Children are Civilians too".

Eers moes hy die oorlog verwerk. Sy eerste boeke is verhale oor gewone soldate en junior offisiere. Van meet af aan vaar Böll uitstekend met kortverhale en baie mense meen vandag nog dat sy romans minder geslaagd is. 'n Novelle soos "And Where Were You, Adam?" lees eintlik ook eerder soos ineengeskakelde kortverhale.

In hierdie vroeë werk kan 'n mens sien waarom Böll as een van die baanbrekers van die moderne kortverhaal beskou word. Hy kan 'n karakter se hele aard en agtergrond in 'n paar woorde saamvat en die intrige loop teen 'n pas wat min skrywers van kort prosa hom vandag kan nadoen.

Die styl is romanties en loop soms gevaar om sentimenteel te raak. Daar is in elke verhaal 'n mooi, jong meisie wat verskyn as simbool van hoop en herinner aan "paradise lost". Verder is daar gebeure soos die slot van "And Where Were You, Adam?" waarin die soldaat Feinstein huis toe kom van die slagveld. Hy word op die trappe van sy ouerhuis getref deur 'n verdwaalde Duitse mortier. Die wit vlag wat sy pa ter wille van die aankomende Amerikaners voor die huis gehang het, val bo-oor sy liggaam.

Daar is baie kritiek teen dié soort gegewe in Böll se vroeë boeke. Maar eintlik is dit 'n gepaste kontras met die makabere romantiek waarin die militêre die oorlog geklee het. Verder het hy 'n sin vir humor en satire wat gereeld afwisseling bring.

Böll het egter nie by die oorlog vasgesteek nie, al is hy soms in sy eie land daarvan beskuldig dat hy knaend in die ruïnes gaan rondkrap het. Met die sinlose geweld van die Nazi-era agter die rug, het hy 'n nuwe gevaar sien opduik.

Die oorlog het volgens hom 'n alibi geword. Wanneer God sou vra: "En waar was jy Adam", het die antwoord gekom: "Ek was in die oorlog." Dit het 'n verskoning geword vir die apatie wat Böll onder sy tydgenote begin opmerk het. Die Fasciste was oorwin, maar in hulle plek het 'n nuwe skrikbewind gekom. Die nuwe vyand maak speelgoed van geld, mag, wapentuig, die natuur en die gewone man.

Nadat hy sy oorlog herinneringe uitgeskryf het, het Böll die praatwerk ál meer aan sy karakters oorgelaat. "The Lost Honour of Katharina Blum" het groot opspraak verwek omdat dit die joernalistiek gekritiseer het kort na die Baader-Meinhoff-episode. Böll is juis aangeval omdat hy gesê het sy regering kortwiek persoonlike vryheid in hul stryd teen stedelike terreur.

Die boek se subtitel is: "On violence and where it can lead". Ironies is die geweld nie die moord wat Katharina pleeg nie, maar eerder die emosionele geweld wat haar daartoe gedryf het. Sy word 'n slagoffer van die media, wat omstandighede uitbuit om van haar 'n verdagte te maak. Uiteindelik vermoor sy die joernalis wat van haar 'n uitgeworpene gemaak het. Böll ontmasker in die boek een van die gewildste hedendaagse legendes: "the people's right to know."

Vir Böll was die lewe 'n soort ritueel en hy het dikwels godsdienstige metafore gebruik om dit uit te beeld. In moontlik sy beste boek, "Billiards at Nine Thirty", word die verhaal van drie geslagte van 'n argitek-familie gelyklopend vertel. Namate die verlede onthul word, kry die hede vorm. Die oupa het die kerk ontwerp.

Sy seun moes dit op bevel in die oorlog in die lug in blaas en in die slot kom die kleinseun in opstand teen dié sinlose siklus van opbou, vernietiging en heropbou.

Volgens Böll verval die lewe in só 'n neerdrukkende patroon wanneer die lewensritueel nie meer betekenisvol is nie. Daarom het hy sy tydgenote probeer losskud uit hul apatie en fatalisme.

Ook in dié boek is 'n insiggewende uitspraak deur 'n priesteres wat 'n "Sekte van die Lam" gestig het. Haar aanhangers moet beloof om nooit "die sakrament van die Buffel" te gebruik nie.

Op die oog af is dit 'n taamlike Bybelse verdeling van goed en kwaad en talle kritici het baie daarvan gemaak. Maar só praat die priesteres met die mooi, blonde seun wat sorg vir die kamerdiens in die luukse hotel waar sy bly:

"Why won't you be the Holy Lamb in my new religion? I'll make you great, rich, and they'll fall at your knees in the halls of even smarter hotels than this. Haven't you been here long enough to know their boredom can only be filled with a new religion, and the more stupid a one, the better. Oh, go away, you're too stupid." Dit alles nadat sy die glas "heilige" skaapmelk in die wasbak uitgegooi en eerder 'n konjak geskink het.

In sy laaste roman, "Women in a River Landscape", het Böll vir sy landgenote - en vir die hele "vrye" wêreld - 'n verdoemende getuigskrif nagelaat. Dit handel oor die vroue van bankiers, politici en skakelbeamptes. Die vroue eindig verbitterd en ontnugter in duur huise wanneer hulle nie meer sosiaal bruikbaar is nie.

Die boek het 'n ongewone vorm: dit bestaan net uit dialoog. Ná die wrede aksie van die oorlog het die passiwiteit van woorde gekom. Vir Böll is albei ewe gevaarlik.

Dit lyk inderdaad asof daar van die idealistiese, morele Böll net 'n erg ontnugterde man oorgebly het. Selfs sy gebruiklike jong meisie word baie sinies beskryf: "She could be a student, bank employee, or a shop assistent. She would not appear out of place in any social or professional ambience, not even a reception for church dignitaries".

In die oorlogverhale word Böll se karakters met reëlmaat afgemeet in 'n sinlose stryd. In die tagtigers pleeg hulle selfmoord om te ontkom aan die sinloosheid van 'n rigtinglose bestaan.

Juis omdat hy so aktueel en betrokke geskryf het, was Böll om die beurt held en swartskaap van linkse en regse groepe. Daar was vir elke propagandis 'n kapstok in sy werk om 'n prekie aan op te hang.

In die Weste word hy bestempel as kampvegter teen oorlog en totalitarisme, tot met die kritiek in die Baader-Meinhoff-tyd. Verder is hy opgehemel as oortuigde Christen. Maar toe verlaat hy die Rooms-Katolieke Kerk. Boonop het hy hom daarna by die linkse Groen Party aangesluit en saam betoog teen die Amerikaanse Pershing-missiele in Europa.

Aan die ander kant van die draad is sy aanvalle op kapitalisme en magsbehepte gretiglik verwelkom. Totdat hy begin het om Solzhenitsyn se manuskripte uit Rusland te smokkel.

Maar Böll was te krities om onvoorwaardelik kant te kies. Hy het betoog teen die ontsnaproetes wat geskep en gretiglik gebruik word om aan die werklikheid te ontkom. Die na-oorlogse wêreld het vir hom bestaan uit mense wat verantwoordelikhede en inkeer ontduik deur kits-religieë - "the more stupid a one, the better".

Sy werk is nie oppervlakkige proteskuns wat verouder soos koerant-opskrifte nie. Hy is ook nie 'n moralis wat bloot self 'n nuwe tiran word nie. Hy het vas bly glo in die potensiaal van die mens en gehoop op die verdieping waardeur dit verwesenlik kan word.

Böll is in 1985 oorlede. Hy is in 1972 bekroon met die Nobelprys vir Letterkunde.

# Yskor-aandele: dobbel Suid-Afrika met sy swaarverdiende bates?

SAKEBLAD

Onder redaksie van Manie Eagar

**NA alle waarskynlikheid gaan die stormloop om Yskor-aandele in die hande te kry die destydse goudstormloop oortref.**

**Daar is ontsaglike steun vir Suid-Afrika se eerste grootskaalse privatisering van sy openbare dienste en bates. Volgende in die ry is die Pos- en Telekommunikasiewese, die SA Vervoerdienste, Foskor en Eskom.**

**Voornemende aandeelhouers lek hulle lippe af vir groot spekulasie-winste, wat feitlik deur 'n konserwatief-bepaalde noteringsprys van R2 per aandeel en die reuse-aanvraag verseker is. Miljoene rande is bestee om die aanbod te bemark. In totaal kos die notering meer as R150 miljoen.**

**Hierdie opveiling van die belastingbetaler se bates (die publiek het tot nou toe die stigting en groei deur al die moeilike tye van Yskor gesteun) vind egter onder 'n donker wolk plaas.**

**Soos ontledings reeds aangedui het, sukkel Suid-Afrika om kop bo water te hou met sy negatiewe buitelandse betalingsbalans, swak wisselkoers, dalende goudreserwes en 'n knyptang-aksie van skulddelgings, oorbesteding deur die regering en druk deur anti-apartheidsgroepe om verdere lenings aan Suid-Afrika te kortwiek.**

**'n Lae groeikoers en hoë inflasie laat kleiner beleggers na 'n goeie geldmaakgeleentheid gryp en dit gaan die beurs én die regering se koffers soos 'n kasino se dobbeltafels laat weerklink.**

**Al probleem is dat die totale bedrag van R3 biljoen feitlik direk toegewys gaan word om publieke lenings van R12,7 biljoen te help aflos. Die afbetalings sal deur middel van 'n stabiliseringsfonds gedoen word.**

**Japie Jacobs, adjunk-goewerneur van die Reserwebank, sê dit sal dié bank baie help om skulde af te los in 'n tyd wat dit moeilik is om verdere lenings te bekom of om kapitaal-uitgifte te maak.**

**Altesame 150 miljoen van die 1,85 biljoen aandele sal aan die publiek beskikbaar gestel word en beleggers kan vir 'n minimum van 100 aandele aansoek doen. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 25 Oktober.**

**Daar word verwag dat daar groot institusionele steun vir die aandele sal wees danksy hoë vlakke van likiditeit op die beurs.**

**'n Onlangse verslag toon dat eenheids-, pensioen- en werknemerfondse, versekeringsmaatskappye, die mynsektor en finansieringshuise gemiddeld 87 persent van alle aanbiedings op die beurs opneem.**

**Die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) sal sy aandeel van 16,2 persent in Yskor behou.**

# Swart ekonomiese deelname swaai magsbalans

DIE groeiende geldmag van swartmense swaai die ekonomiese balans van Suid-Afrika in hulle guns. Dit skep 'n goeie basis vir toenemende swart ekonomiese bemagtiging, sê Hohale Mahanyele, bestuurskonsultant en lid van die Ekonomiese Adviesraad, aan Vrye Weekblad.

Dit skep 'n bestuurskrisis vir Suid-Afrika, veral as die land voortgaan om slegs wit bestuur te werf. Witmense maak tans meer as 90 persent van Suid-Afrika se bestuurkorps uit.

Swartmense se inkomstes groei sedert 1973 reeds vinniger as dié van witmense. Volgens toekomsprojeksies word verwag dat die inkomstes van swartmense in die jare 1986 tot 2000 met gemiddeld 50 persent sal styg teenoor slegs 10 persent vir blankes. Besteebare inkomste styg selfs skerper vir swartmense.

Voorts sal swartmense 85 persent van die ekonomies aktiewe bevolking teen die einde van die eeu uitmaak.

Dit word algemeen aanvaar dat 'n groeipeil van minstens 3 persent per jaar gehandhaaf moet word om grootskaalse werkloosheid af te weer.

Mahanyele skat dat daar teen die jaar 2000 minstens 210 000 bykomende bestuurders nodig sal wees, waarvan slegs 40 000 uit wit bestuur sal kom. Alles dui daarop dat swartmense baie vinniger by die bestuurspoel ingetrek moet word, veral in die lig van die feit dat die swart bevolking teen die jaar 2020 meer as 80 persent van die totaal sal uitmaak.

Werksgeleenthede vir meer as 20 miljoen mense sal teen 2020 geskep moet word.

Die verhouding van werkers tot bestuur in Suid-Afrika is 50 teen 1 vergeleke met 12 teen 1 in Japan, 14 teen 1 in Australië en 16 teen 1 in die VSA. Daar word geraam dat die Suid-Afrikaanse verhouding selfs kan versleg tot 76 teen 1 teen die einde van die eeu.

Sommige maatskappye redeneer dat hulle nie meer swartmense in bestuursposte kan aanstel nie as gevolg van hul lae peil van opleiding en beperkte ondervindingsveld, meen Mahanyele. Maar ander bevorder hulle swart werkers tot bestuurposisies omdat hulle 'n nuwe politieke en ekonomiese orde bespeur met 'n regverdiger magsverspreiding.

***'Ekonomiese welvaart gaan om markkragte, nie om rassisme of kapitalisme nie, sê Mahanyele. Suid-Afrika moet die geleenthede benut om dié kragte te ontsluit en genoeg geleenthede vir ekonomiese groei te skep. Geen land het baie ver gekom op politiese standpunte en ideologiese beloftes alleen nie - Rusland en die Oos-Europese lande het dit reeds bewys'***

Die meeste swartmense in bestuursposte, of wat hoop om sulke poste te vul, sê dit is veral rassediskriminasie wat daartoe lei dat hulle onderwaardeer word in hulle bepaalde werks-opset. Swart werknemers word feitlik nooit tot bestuursvlak bevorder nie.

Selfs al het die bevordering van swartmense 'n ekonomiese noodsaaklikheid geword, skop maatskappye nog steeds vas sê Mahanyele.

Die sleutel tot swart ekonomiese bemagtiging moet in basiese oplossings soos onderwys en opleiding en deelname aan die breë ekonomie gesoek word.

Swartmense moet geleenthede deur 'n politieke en ekonomiese magsbasis verkry. Die een volg die ander en ontstaan nie afsonderlik nie.

Bestuur kan hier 'n uiters belangrike rol vervul deur werksgeleenthede te skep en ontwikkelingsteun te bied deur die oordra van vaardighede.

Stapsgewyse sou dit as volg plaasvind: toegang tot die ekonomiese milieu, die ontwikkeling van vaardighede en die skep van 'n netwerk van interaktiewe mensehulpbronne.

Soortgelyk aan 'n politieke agenda vir verandering, moet 'n agenda vir ekonomiese ontwikkeling daargestel word. Die eksterne omgewing moet die proses steun deur sowel aangepaste onderwys- en opleidingstelsels as vakbonddeelname op politieke vlak en in die sakebedryf.

Sakegeleenthede kan nie in 'n negatiewe omgewing benut word nie. Neem byvoorbeeld Namibia waar 'n ekonomiese beleid nog nie eers behoorlik bespreek is nie aangesien die politieke magstryd alles oorheers. Dit gaan tot 'n brandpunt in die land lei indien dit nie vroeg reeds aandag geniet nie.

Ekonomiese welvaart gaan om markkragte, nie om rassisme of kapitalisme nie, sê Mahanyele. Suid-Afrika moet die geleenthede benut om dié kragte te ontsluit en genoeg geleenthede vir ekonomiese groei te skep. Geen land het baie ver gekom op politiese standpunte en ideologiese beloftes alleen nie - Rusland en die Oos-Europese lande het dit reeds bewys, sê hy.

Mense word verryk en geleenthede word geskep deur welvaart. Gewone herverdeling van inkomste maak die toustaan vir meer steun net langer.

Suid-Afrika se bestuur moet deur visie en leierskap die voortou neem en dié leidingsrol moet alle vlakke van die ekonomie en die samelewing beïnvloed.


JODAC

*Johannesburg Democratic Action Committee*

Onderhandelings - waagstuk of kortpad?

**'n Reeks van drie debatte oor onderhandelings vir 'n demokrasie**

***Forum 3:* Wat verander as onderhandelings begin?**

**Paneelbespreking oor meganismes en implikasies**

***11 Oktober 1989 7.30 nm***

**Prof Marinus Wiechers, Universiteit van Suid-Afrika**

**Kobus Jordaan, Demokratiese Party**

**Sydney Mufamadi, Cosatu**

**Plek: Dorothy Suskind-auditorium,**

**John Moffat-gebou(langs die swembad),**

**Wits-universiteit**


# Kanada bied heenkome aan SA sakemanne

SUID-AFRIKAANSE sakemanne is heel tuis in Kanada.

Oor die jare heen, maar veral sedert die onluste van 1976, het meer as 30 000 Suid-Afrikaners hulle in en rondom Toronto in Kanada gevestig. Duisende ander is na Vancouver en die weskusstede. Talle vul vandag top-poste in groot maatskappye.

Hoewel die Kanadese regering sterk standpunt teen apartheid ingeneem het, doen hulle niks om die toestroming te beheer nie. Suid-Afrikaanse sakemanne word veral gelok - en talle beklee senior posisies - deur sakepraktyke in Kanada soos BMW en Volkswagen, Corona-korporasie, Scotia-McLeod en Merrill Lynch Kanada.

Die Kanadese media het ook talle joernaliste en skrywers uit Suid-Afrika bygekry. Verlede week het die Kanadese regering egter onder druk toegegee en 'n Suid-Afrikaanse joernalis, wat 'n pos as die finansiële redakteur van die Vancouver Sun aangebied is, 'n visum geweier.

Die Suid-Afrikaners daar meen Kanada - danksy 'n Britse tradisie eerder as die oorheersing van die Amerikaanse markte - bied die ideale omstandighede vir sakemanne wat hulself wil vestig.

"Ons kan makliker hier aanpas as in Amerika. Die kultuur hier is nader aan dié van Brittanje as die Amerikaanse model," sê Lewis Rose, die uitvoerende finansiële beampte van Maple Leaf Mills.

Alan Burns, 'n Suid-Afrikaans-gebore personeelwerwer vir Kincaid in Toronto, glo Suid-Afrikaners pas makliker in Kanada aan en vind die VSA 'n bietjie oorweldigend.

"Suid-Afrikaners is meer gedissiplineerd en spandeer meer tyd aan werk as ontspanning. Kanada is minder sosialisties as Suid-Afrika en die ondernemingsgees word sterker aangewakker," meen Charlie Moses, senior vise-president van Nesbitt Thomson.

# Mudge: 'Ek het nie verloor nie'



**Max du Preez**

AL dink hy nie sy party gaan die onafhanklikheidsverkiesing wen nie, glo Dirk Mudge nie hy het as politikus verloor nie.

"Ek het my rol gespeel. Na 28 taai jare in die politiek kan ek sê ek het gehelp om my land tot hier te kry. My land se mense is nou reg vir onafhanklikheid, en ek kan sê ek het heelwat gedoen om dit te bewerkstellig. Dan het ek mos nie verloor nie."

Mudge, wat op 61 nog die energie het van 'n mens die helfte van sy ouderdom, het veral die laaste dekade daagliks kwaai van links en regs deurgeloop. Eers nou in die maande en weke voor die VV-verkiesing begin al hoe meer mense besef dat hy eintlik een van die mees onderskatte politici in Afrika is.

Byna eiehandig het hy die konflik tussen wit en swart in Namibia in 'n groot mate opgebreek en die stryd van een oor ras na een oor ideologie verander. "Ons is nou by die punt waar die ekonomiese stelsel en die demokrasie die kwessies is, en nie velkleur nie."

Hy sê dat dit weens die DTA se rol die laaste dekade was dat die Swapo-leier, Sam Nujoma, nie kon bekostig om met 'n revolusionêre boodskap huis toe te kom nie, maar versoening tussen wit en swart moes predik.

Die laaste tien jaar was hy primêr die leier wat apartheid ongedaan gemaak het.

Daarvoor is hy destyds deur baie blankes in Namibia verguis, en selfs Pretoria het hom sedert die stigting van die DTA dikwels in die rug gesteek.

"Ons het baie swartmense by die landsregering en die ekonomie betrokke gekry. Dit het stabiliteit gebring. Nou kan ons sonder vrees onafhanklik word.

"In 1979 (net ná die aanvaarding van Resolusie 435) was die tyd nie reg vir onafhanklikheid nie. Suid-Afrika was nie reg daarvoor nie, en die blankes van Suidwes was nie reg nie. As jy tien jaar gelede net van onafhanklikheid gepraat het, het die witmense gehol. Hier word ons nou onafhanklik, en daar is geen wit eksodus nie. Ek en die DTA het dit reggekry. Ewe belangrik, Swapo is weens dieselfde werk wat ons gedoen het vandag nie die organisasie wat hy tien jaar gelede was nie."

Maar Mudge erken self dat hy 'n duur prys betaal het vir sy samewerking met Suid-Afrika, en sy deelname aan verskeie "tussentydse" regerings. Dit het die DTA baie aan geloofwaardigheid gekos.

"Maar dit was die prys wat ons vir vordering moes betaal. Daardie regerings het baie vir die land se ontwikkeling beteken en konsessies van Suid-Afrika afgedwing. En as ek moet kies tussen vordering vir my mense en politieke gewildheid, moet ek vordering kies."

Die alliansiepolitiek, die middeweg moes hy volg, glo Mudge. "As ek oor die middelgrond heen my by Swapo gevoeg het, het ek miskien 'n Anton Lubowski geword, en was ons miskien nou nog in 'n oorlog gewikkel pleks van gereed maak vir onafhanklikheid."

Tog is daar 'n sweempie bitterheid te bespeur wanneer hy praat oor die Suid-Afrikaanse Weermag en die departement van Buitelandse Sake se optrede en inmenging met die DTA.

Dit is geen geheim nie dat byvoorbeeld die Ovambo-leier Peter Kalangula se bedanking uit die DTA grootliks deur amptenare van Buitelandse Sake en die weermag bewerkstellig is.

Pessimisties is hy glad nie. "Ek glo aan die demokrasie, en my landgenote glo daaraan. Die hele wêreld hou ons dop, en sal 'n nuwe regering dophou. Daar is soveel lande wat emosioneel verbind is tot 'n suksesvolle proses hier. En onthou, daar is 'n groot klomp binnelandse kontrole ook. Die DTA self is nog 'n helse faktor - Swapo kan ons nie wegwens nie."

'n Lid van 'n Swapo-kabinet sal hy nooit word nie, sê Mudge beslis. "Tensy ek as DTA-leier daar kan sit. Anders is ek 'n gevangene van Swapo, en sal ek my eie partygenote in die steek laat."

Eendag rig iemand (Swapo?) dalk nog 'n standbeeld vir Dirk Mudge op. Al gaan sy party oor 'n maand tweede kom.

# Wit en swart Namibiane sien die toekoms heel anders

**Max du Preez**

Daar is geweldige wye gapings tussen die denkpatrone van wit en swart Namibiane - maar tog ook 'n sekere basiese vertroue van albei kante dat dit goed sal gaan ná onafhanklikheid.

Dr Heribert Weilandt van die Arnold Bergstraesser Instituut van Freiburg het in Junie 'n wye meningsopname onder Namibiane gedoen en pas sy bevindinge bekend gemaak.

Weilandt het bevind dat Swapo 'n weghol-oorwinning van meer as twee derdes in die verkiesing van 7 November kan behaal.

Maar dié bevinding word wyd verwerp weens die ondervragingsmetodes wat gebruik is - die vraelys het byvoorbeeld gegaan oor "steun" en nie vir wie mense gaan stem nie - en weens bevindinge soos dat Swapo verreweg die meeste steun in Caprivi het - iets waarop Swapo self nie eens aanspraak maak nie.

Boonop is die opname gemaak voor die gemoedere gaande gemaak is deur Swapo se "spioen-drama" wat die organisasie heelwat steun buite die Ovambo-sprekende dele kan kos.

Maar Weilandt se vrae oor politieke houdings is veel interessanter, en waarskynlik weens die aard daarvan meer betroubaar.

Hier is 'n klompie voorbeelde:

Blankes (78 persent) verwag probleme tussen swart groepe ná onafhanklikheid, terwyl net 21 persent swartmense dink dit is waarskynlik.

Die meeste blankes, 63 persent, verwag probleme tussen wit en swart, en net 44 persent swartmense verwag dit.

'n Verrassende 63 persent swart respondente sê hulle verkies een groot politieke party wat almal omvat en geen opposisiepartye nie.

Daarenteen glo 83 persent blankes in 'n veelpartystelsel waarvolgens almal in die regering deel (swart 20 persent).

Wit en swart voel ook glad nie dieselfde oor skole nie.

Die meeste (66 persent) blankes glo in aparte skole vir alle groepe (swart 11 persent), 25 persent blankes glo hulle behoort die reg tot private skole te hê (swart 5 persent), terwyl 84 persent swartmense glo daar moet geen aparte skole vir groepe wees nie (wit 10 persent).

'n Oorweldigende 91 persent swart Namibiane glo rasseverhoudinge gaan ná onafhanklikheid beter wees, en 68 persent blankes.

Die meeste swartmense (82 persent) wil 'n een mens, een stemstelsel hê sonder spesiale voorregte vir blankes (blankes 18 persent), 7 persent swartes wil afsonderlike setels vir blankes hê (wit 22 persent), 10 persent swartes glo daar moet 'n waarborg wees dat mense deur blankes verkies in die kabinet opgeneem word (blankes 38 persent), en net 1 persent swartmense glo blankes moet 'n vetoreg op wetgewing hê, terwyl 23 persent blankes dit wil sien.

Vrese vir die ekonomie is redelik beperk. Die meeste ondervraagdes (swart 82 persent, wit 67 persent) glo dat die sakegemeenskap bevredigend sal voortgaan.

Swart Namibiane is ook nie deur die bank ten gunste van nasionalisering nie.

Op 'n vraag watter besighede deur die staat oorgeneem moet word, het 29 persent swartmense gesê geen, 22 persent het gesê buitelandse maatskappye, 14 persent banke, 40 persent Suid-Afrikaanse maatskappye, 15 persent afdelingswinkels, 35 persent grootvervaardigers, 37 persent groot plase waarop nie geboer word nie, en 12 persent groot plase waarop geboer word.

Die meeste blankes (58 persent) het gesê daar moet geen nasionalisering wees nie, maar 30 persent het gesê groot plase waarop nie geboer word nie, moet oorgeneem word.

Die meeste mense (swart 53 persent, wit 77 persent) glo intelligente mense sal ryker word in 'n onafhanklike Namibia.

Die meeste (swart 58 persent, wit 76 persent) glo ook dat die nuwe regering 'n verstandige houding jeens Suid-Afrika sal hê.

In antwoord op die vraag wat die verhouding tussen 'n onafhanklike Namibia en Suid-Afrika moet wees, het 11 persent swartmense gesê alle bande moet verbreek word (blankes 1 persent), 40 persent het gesê die twee lande moet spesiale, noue bande hê (wit 79 persent) en 49 persent het gesê die bande moet dieselfde wees as tussen Namibia en ander Afrikastate (wit 20 persent).

Die meeste swartmense (62 persent) glo Namibia gaan ná 'n paar jaar van onafhanklikheid ryker wees (wit 35 persent), terwyl 9 persent dink die land gaan armer wees (wit 35 persent) en 30 persent dink dit gaan dieselfde bly (wit 29 persent).

Die meeste blankes (72 persent) glo hul kinders gaan nie dieselfde lewenstandaard geniet nie (swart 23 persent), maar die meeste mense is dit eens dat die nuwe regering regverdig sal wees wanneer staatsdiensposte uitgedeel word (swart 73 persent, wit 66 persent).

Altesame 91 persent swart respondente sê kritiek op die nuwe regering moet in die belang van eenheid beheer word. Net 34 persent blankes stem daarmee saam.

Maar die meeste (swart 80 persent, wit 85 persent) glo die koerante moet vry wees om die regering te kritiseer. Die mense is gevra watter soort leier hulle glo Namibia nou nodig het.

'n Derde van die swart respondente het gesê hulle soek 'n magtige militêre held (wit 8 persent), 45 persent swartmense en 85 persent blankes glo dit moet 'n goed-opgeleide man wees wat goed sal regeer maar nie noodwendig 'n held is nie. (Die moontlikheid van 'n vrou is nie eens genoem nie.)


**IDASA - PRETORIA**

**SIT 'N BIETJIE GROEN IN JOU POLITIEK**

***Die ekologiese debat is vinnig besig om ook in Suid-Afrika 'n belangrike issue te word.***

**Op 1 November 1989 kom die Wes-Duitse Groenes se Parlementêre Verteenwoordiger oor Afrika-sake op 'n Idasa Pretoria platform praat oor:**


**'The Ecological Transformation of Society'**

**Vir uitnodigings kontak Lou-Marie, André of Paul by:**

**(012) 3422335/6**

**Omdat toegang beperk is, kan net die eerste 150 respondente ongelukkig geakkomodeer word.**

# Dié leuens vertroebel onderhandelings




LEUENS is altyd gevaarlik. Maar die gevaarlikste is dié leuens wat ons vir onsself vertel. En die grootste gevaar lê daarin dat ons die leuens selfs begin glo.

In die arbeidsveld het al drie hoofspelers - staat, vakbonde en werkgewers - by tye besef dat hulle verkeerd was, en moes hulle onder die oortuiging van redenasie van mening verander. Wat nie altyd besef word nie, is dat dit nooit 'n teken van swakheid is om dit te doen nie, maar eerder van sterkte.

Die enigste manier om volwassenheid te bereik, om as persoon te groei, is om bereid te wees om weg te beweeg van verkeerde sienswyses en besluite.

En as dit 'n geliefkoosde idee is waaraan ons veral geheg geraak het, kan dit groot vooruitgang beteken om dit te laat vaar.

In fabrieke, winkels en kantore deur die land, word daar daagliks miljoene besluite deur bestuurders en werkers geneem, besluite wat dikwels die lewens van groot dele van ons bevolking raak. Persone wat dié besluite neem, moet volgens hul eie mening alternatiewe keuses opweeg, en beoordeel.

Dit is in orde, mits daar in gedagte gehou word dat sulke beoordelings nie onfeilbaar is nie. Opinies verander, en behoort te verander, net die waarheid is permanent.

Dit is dus verblydend dat dit tekens op 'n makrovlak is dat sienswyses en beleid in amptelike kringe in heroorweging geneem word.

Die moontlikheid dat Johannesburg Girls High nie sal sluit nie, is bemoedigend. 'n Onnodige tragedie word vermy, en terselfdertyd word daar 'n geleentheid vir broodnodige baanbrekerswerk in ons samelewing geskep.

Dit kan aanleiding gee tot 'n meer algemene terugkeer na normaliteit. Die besluit van die Johannesburgse stadsraad om parke, busse en swembaddens vir die stad se hele bevolking oop te stel, is 'n verdere bemoedigende voorbeeld van die dinamiese tye waarin ons leef.

Daar kan twee oorwegende redes vir hierdie tipe verandering en vooruitgang wees: druk wat deur groepe uitgeoefen word, en die besef dat 'n opinie waarop besluite gegrond was, verkeerd is. Dikwels is daar 'n noue verband tussen die twee.

Om terug te keer na arbeidsverhoudinge, kan ons almal in hierdie dinamiese klimaat van hervorming en verandering voordeel put as ons in bestuurskringe begin kyk na die leuens, of fabels, wat die rondtes doen. Ek gaan slegs 'n paar bespreek.

Die eerste leuen is: "As die vakbond dit wil hê, moet dit verkeerd of onwenslik wees." 'n Paar jaar gelede het werkers op 'n nasionale skaal beswaar begin aanteken teen die manier waarop pensioenfondse op hulle afgedwing was. Hulle het 'n lang lys van goed gemotiveerde besware teen die manier wat die fondse hulle raak, ingedien. Baie bestuurders het vasgeklou aan die idee dat werkers nie die fondse verstaan nie.

'n Vooraanstaande vakbondleier in Oos-Kaapland, Thomazile Gqweta, het geantwoord: "We understand it; we don't like it!"

Eers nadat stakings op 'n groot skaal die ekonomie skade gedoen het, het bestuur na die vakbonde begin luister. Vandag word dit algemeen aanvaar in baie bestuurskringe en feitlik alle versekeringsgroepe wat met die administrasie van pensioen- en bystandfondse te doen het, dat baie van die argumente geregverdig was.

Orals word die reëls van fondse aangepas om die persone wat daardeur geraak word, tegemoet te kom.

Toe die vakbonde vanaf die eerste konsepwysigings die onbillike artikel 79(2) van die Wet op Arbeidsverhoudinge gekritiseer het, het werkgewers die houding ingeneem dat hulle die klousule moes behou omdat die vakbonde dit wou afskaf. (Dit is die klousule wat aan werkgewers die reg gee om skadevergoeding by vakbonde te eis, en wat boonop 'n onus op die beskuldigde vakbond plaas om self te bewys dat hy onskuldig is - iets wat teenstrydig met 'n grondliggende beginsel van ons reg is.)

. Nadat werkgewers duur moes betaal om te leer dat die klousule teenstrydig is met die onderhandelde oplossing van geskille, is hulle nou eers bereid om dit af te skaf.

Die nut van die klousule word nou ook in hoë kringe van die Departement van Mannekrag betwyfel. Hoekom skaf ons dit nie af nie? Partykeer kan 'n eis van die vakbonde regverdig wees!

Die tweede leuen is dat daar in onderhandelings altyd na wenwen oplossings gestrewe moet word.

Die geheel kan slegs die wenner wees wanneer die deelnemende partye bereid is om na kompromie-oplossings te strewe. Dit is 'n voorvereiste vir onderhandeling te goeder trou dat die partye bereid moet wees om 'n kompromie aan te gaan. Slegs op dié manier kan albei partye op die lang termyn wen, veral in onderhandelings tussen bestuur en vakbonde.

Die verhouding tussen werkgewer en werknemers is 'n aanhoudende een, waar geen party kan bekostig om korttermynwinste ten koste van die ander te geniet nie.

Dan is daar die leuen dat jy in onderhandelings die ander party altyd moet laat veg en wag voordat daar ooreengekom word, selfs waar 'n onmiddellike skikking voor die hand lê. Die probleem hier is, eerstens, dat geleenthede om die verhouding te versterk en te verbeter, verloor kan word. Tweedens sal mense - soos die voormalige Rhodesiese premier, Ian Smith - kan getuig dat wat jy vandag huiwer om te aanvaar, jy volgende maand nie weer die kans gaan hê nie.

In arbeidsonderhandelings ontstaan daar dikwels geleenthede om onmiddellik in te stem tot die ander party se redelike en goed gemotiveerde eise.

Dan is daar die leuen dat jy dié ander party van stryk bring met skelmstreke. Sommige van hierdie "tegnieke" word selfs in onderhandelingskursusse aanbeveel.

Die ervare onderhandelaar weet dat dit nie net oneerlik is nie, maar ondoeltreffend. Dit geld nog meer in onderhandelings waar daar 'n gevestigde verhouding tussen die partye bestaan.

'n Laaste leuen is die een dat ons die werklikheid kan wegwens, of dat iets sal verdwyn as ons nie daaroor praat nie. Soos die muis in Alice wat verkies om nie oor katte te gesels nie. Die gedagtes wat by die onderhandelingstafel gewissel word, kan soms probleme skep. Maar dit is onmoontlik om probleme op te los sonder om dit openlik en eerlik te bespreek.

Veral waar die partye sterk uiteenlopende menings het, is dit nodig dat elk sy eie sienswyse moet verduidelik en probeer regverdig, maar ook dat daar na die ander party se redenasie geluister moet word.


Daar is byvoorbeeld die probleem met openbare vakansiedae. Die behoeftes van die meerderheid van die bevolking word by die bepaling hiervan glad nie in ag geneem nie. Die afgelope paar jare het dit herhaaldelik wye ontevredenheid meegebring.

Maar as ons nie 'n nuwe probleem wil skep terwyl ons 'n ander uit die weg ruim nie, is dit noodsaaklik dat ons die werklike belange en waardes ook van blanke werknemers, én hul vrese en gevoelens, moet aanspreek.

Ons kan dit nie doen sonder ope samespreking en onderhandeling tussen alle betrokke partye nie.

Ons moet in sowel die werkplek as in die breë samelewing onthou dat onderhandeling te doen het met wat is reg, nie wie is reg nie.

# Drietalige woordeboek slaan die asem weg




Unokhthitshi uyaziqoba iikomotyi zam.

Scenario's oor die toekoms van Suid-Afrika is deesdae vyf vir 'n oulap en seminare hieroor laat al wat konferensiesentrum is naweek na naweek volloop soos warmwaterbronne tydens 'n langnaweek.

'n Sentrale tema wat gedurig opduik, is persepsies en vooroordele wat in die Suid-Afrikaanse gemeenskap bestaan, en hoe hulle in ons apartheidsamelewing dinge bly bestendig.

Unokhthitshi uyaziqoba iikomotyi zam.

Rassistiese grappe is daar 'n skoolvoorbeeld van. Skynbaar onskuldig word hulle vertel, en 'n mens verkwalik as jy daarop reageer.

Maar terwyl ons nog in 'n land lewe waar mense se basiese regte hulle misgun word op grond van velkleur en voorkoms, kan hulle nie vergelyk word met Noord-Europeërs se grappies oor die Portugese of dié van die Engelse oor die Iere nie.

As 'n mens oor vooroordele begin praat, kom taal natuurlik dadelik ter sprake. Afrikaanssprekendes kén daarvan uit die geskiedenisboeke. Die oudste geslag kan nog getuig van plekke waar hulle in die openbaar verneder is omdat hulle Afrikaans gepraat het.

Kapenaars in hulle middeljare sal onthou hoe daardie lekkerste van taalgebruikers in die laat vyftigerjare die rug op Afrikaans begin keer het. Die jonges, weer, weet dat die land in 1976 uitgebars het in 'n gewelddadige verwerping van die "taal van die verdrukker".

Taal is 'n emosionele onderwerp. Daarom moet mens bedag wees hoe dit saamgesels in ons persepsies van ander mense.

Unokhthitshi uyaziqoba iikomotyi zam.

Woordeboeke verraai nogal heelwat oor 'n taal se persepsies en vooroordele, soos Afrikaanssprekendes sedert 'n jaar of vier gelede agtergekom het. Toe het daar 'n gesprek begin oor die "suiwering" van voorgeskrewe boeke: die verwydering van pejoratiewe terme en beskrywings.

Woordeboekmakers het onmiddellik in die vuurlinie beland.

Moet nuwe woordeboeke nog ou en uitgediende begrippe en vooroordele bestendig deur hulle op te neem? Koerante het uitvoerig daaroor geskryf, en in Vrye Weekblad het die redakteur nog minder as 'n jaar gelede 'n volle blad hieraan afgestaan.

Unokhthitshi uyaziqoba iikomotyi zam.

Pas is nuus uitgereik oor 'n splinternuwe drietalige woordeboek wat by die Universiteit van Fort Hare verskyn. Sedert 1915 was daar geen nuwe standaardwoordeboek in Xhosa nie en daarom het 'n span die afgelope twee dekades gewerk aan 'n omvattende woordeboek, wat nie alleen die eietydse gebruik van Xhosa sou opteken nie, maar wat as drietalige woordeboek ook die taal in gesprek met Afrikaans en Engels sou plaas.

Die woordeboek verskyn in drie dele van 850 bladsye elk. 'n Omvangryke werk in alle opsigte. (Een van die heerlike eienaardighede van dié woordeboek is dat die laaste deel eerste verskyn! Natuurlik omdat Q-Z in Xhosa swaar dra.)

By 'n bekendstellingsbrief oor hierdie besondere gebeurtenis word daar 'n fotokopie van 'n tipiese bladsy uit die nuwe woordeboek ingesluit. Dan weet 'n mens dat die hoofredakteur, prof H Pahl, en sy span deksels hard gewerk het. Hoe vang 'n mens ooit al die subtiliteite van taal in so 'n woordeboek vas?

Dan slaan my asem weg: daar staan dit: Unokhthitshi uyaziqoba iikomotyi zam.

In 'n woordeboek wat aan die einde van 1989 verskyn en kom uit 'n taalgemeenskap wat selfstandig en trots is, staan daar hierdie voorbeeldsin wat jare en jare en geslagte en geslagte blanke vooroordeel en onderliggende rassisme saamdra. En dan wonder jy wat alles nog in die bykans 2 700 bladsye gaan opduik.

"unokhthitshi uyaziqoba iikomotyi zam: the domestic servant is very rough with my crockery: die bediende werk baie onverskillig met my breekgoed."

Vrye Weekblad

# Tuislande

Die aankondiging deur die militêre regeerder van Transkei dat 'n referendum gehou gaan word om te hoor of die mense van dié tuisland weer by Suid-Afrika ingelyf wil word, is te verwelkom.

Dit is net die regering in Pretoria en stamgebonde elemente in van dié tuislande wat glo dié gebiede is nie volwaardig deel van Suid-Afrika nie.

Soos ons nou van klein apartheid ontslae raak, behoort ons groot apartheid ook aan te pak.

Ons glo die tuislande, "onafhanklik" of nie, is deel van een Suid-Afrika. Ons kan net hoop dat die Sebe's en Mangope's ook tot hul sinne sal kom en die valse vertoon sal staak.

Tuislande maak geen politieke of ekonomiese sin nie.

## Die DP-kongres

Ons wens die Demokratiese Party sterkte toe met hul eerste kongres wat dié naweek in Durban gehou word.

Ons hoop dit sal duidelik op die kongres uitkom dat dié party nou baie meer aktief sal moet word in wat ons as hul enigste taak sien: die slaan van brûe tussen die parlementêre en buite-parlementêre politiek; die inbring van die politiek van die massas na die wit praathuis in Kaapstad.

Die nuwe, losser atmosfeer wat deur die verskuiwing in Tuynhuis meegebring is, moet deeglik benut word. Die tyd vir openlike skakeling met die breë demokratiese beweging, die African National Congress en ander groepe het nou aangebreek.

Ons hoop nie te veel emosie en energie gaan gemors word op die kwessie van wie die DP moet lei nie.

Dit lyk vir ons of dit heeltemal sin maak dat met die troika van De Beer, Malan en Worrall voortgegaan word.

Elkeen van dié drie het tog maar 'n eie "constituency", en sover voel al drie dié (nogal uiteenlopende) groepe hulle heel tuis binne die DP.

Die DP het onder die troika uitstekend gevaar. Waarom nou daaraan karring?

## Praat met die ANC

Die besoek van 'n groep vooraanstaande Afrikaanssprekende meningsvormers aan Londen vir 'n gesprek met die ANC is 'n positiewe verwikkeling.

Ons kan net hoop dat dit nie die laaste besoek van dié aard is nie.

Miskien is dié besoek 'n les vir die Broederbond: 'n mens kan deesdae maar in die openbaar met die ANC praat. Dis net die militante ver-regses wat nog dink jy is 'n verraaier.

Om die waarheid te sê, dit is belangrik dat daar nou in die openbaar, en nie in die geheim nie, gesprekke gevoer word.

Ons hoop ook die FW de Klerk-regering luister onbevange na die verslae wat die naweek se gesprekvoerders vir hulle teruggebring het.


# Só sê hulle:

**"Apartheid is** in die laaste vyf jaar van sy tragiese en perverse bestaan." - Jan Steyn, voorsitter van die Stedelike Stigting.

**"Die grondslag** van ons regstelsel maak juis nie voldoende voorsiening daarvoor dat Luk 6:31 nagekom word nie. Daardie selfde regstelsel het gelei tot die gedwonge verskuiwing van sowat 3,5 miljoen gekleurdes in Suid-Afrika (sg oorskotmense in blanke gebiede), 17 miljoen pasboek-oortredings sedert die begin van die eeu, gedwonge klassifikasie van mense volgens arbitrêre kriteria rakende velkleur en die krul van binnebeenhare, polisie moes die nog 'warm' kooigoed van moontlike oortreders van art 16 van die Ontugwet deursoek, ensovoorts." - Prof AJ Venter van die Departement Politieke Studies, RAU.

**"In Kaapstad** ry ons al lankal saam bus." - Patrick Cloete, bruin operasanger wat verbied is om op 'n "blanke" bus in Roodepoort te ry.

**"Soos ek** vir my kinders van Jan van Riebeeck vertel het, vertel ek hulle nou ook van luitenant Rockman." - Gareth Mars, 'n inwoner van Mitchell's Plain, in die verhoor van twee polisie-offisiere.




## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

# Aanvalle op NG Kerk onbillik

**Gerrit Brand van Pretoria skryf:**

As gereelde leser van Vrye Weekblad het ek met groot ongelukkigheid Brolloks se aanvalle op die NG Kerk in die uitgawe van 22 September gelees.

Soos baie ander maak hy die fout om die Kerkbode as kerkbeleid te beskou. In werklikheid word die Kerkbode deur 'n konserwatiewe groep in die NG Kerk beheer.

Verskeie predikante skryf persoonlike menings daarin, onder andere dr Willem Nicol wat al in dié tydskrif die regering oor hulle gewelddadigheid gekritiseer het. Slegs stukke wat deur die algemene sinode goedgekeur is, kan as amptelike NG Kerkbeleid beskou word.

'n Voorbeeld hiervan is die kerk se verklaring dat apartheid 'n sonde is, en hulle eerlike belydenis van skuld ten opsigte van hul rol in die totstandkoming daarvan.

Die aanval op prof Johan Heyns is ook onbillik. Hy was saam met Biskop Tutu by samesprekinge met min Vlok, wat tot die vrylating van honderde politieke gevangenes gelei het, betrokke. Hy het ook onlangs in die Kaap 'n baie belangrike versoeningsrol ten opsigte van die wettiging van vreedsame protesoptogte gespeel.

Hierdie is alles feite wat die bevooroordeelde lefties gerieflikheidshalwe ignoreer. Daar is baie sake waaroor ek ook met die NG Kerk verskil. So glo ek dat die kerk aktief by die struggle betrokke moet raak en ook dat die drie NG Kerke verening moet word. Dit is egter kinderagtig en uiters oordrewe om na die NG Kerk as "die NP in gebed" te verwys.

## Bevry die mense

**Eleanor Punkay van Chicago skryf aan Adriaan Vlok:**

I write to express my concern at reports of arrests of church workers and others in the nominally independant "homeland" of Venda in late July and early August 1989.

A number of members of the Northern Transvaal Ecumenical Confessing Fellowship are reported to have been arrested. They include Lutheran pastors Rev OT Malindi, Rev MP Phosiwa, Rev N Rannzwa and Rev William Sihlangu, as well as church workers and member JG Lidovho, Christopher T Luvhani, MP Mphaphuli, Solomon Tshitangano, Tshifhiwa Maumela, Edward Malindi, Aifheli Mukwevho, Patson Mukwevho, Tshilidzi Mmbadi, David Nphigalale, Bethuel Mulaudzi, Phanuel Mutobvu, David Netshivhale, Michael Nevari, George Phadagi, Robert T Ratshitanga, Charles M Tshitangano and Frederick T Dau. I respectfully ask for reasons for their detention and details of their whereabouts.

MP Mphamuli is reportedly suffering from stomach complaints. Rev N Rannzwa, Rev OT Malindif and Tshifiwa Maumela have been seen in hospitals after their arrests.

I am concerned about the state of their health, and respectfully seek assurances that they, and all others named above, are not being subjected to torture or ill-treatment while in security police custody.

I also, with respect, urge that they be granted immediate access to legal counsel, to visits from their families and to independant medical treatment. I also, still with respect, call for their immediate and unconditional release if they are not to be brought to trial promptly and fairly on recognizably criminal charges.

Thank you, Your Excellency, for taking the time to read my letter. I appeal to your compassion on behalf of the above-named detainees, and I eagerly await your response.

## Gesigte verander

**Observer van Kimberley skryf:**

There are two points I would like to make about your article on Swapo's troubles which you highlight in last week's paper.

Firstly, at least your editor is honest enough to admit that no questions were asked about the death of detainees when they should have been done. There was indeed a conspiracy of silence by academics, journalists, etc of the left when it came to Swapo.

One simply did not criticise a liberation movement. It could do no wrong. Anyone who did raise any questions was immediately labelled as a stooge or reactionary. This did not apply to questions about the detainees only but also the problem of tribalism within Swapo. This brings me to my second point. I doubt whether the stories of death and torture will have an appreciable affect on Swapo's chances of winning the election.

The bulk of Swapo's support is to be found amongst the peasantry of Ovamboland. Anyone who is familiar with peasants, whether from Namibia or Poland or Afghanistan or anywhere else, knows that they are usually ill-educated, reactionary (or at best conservative), ethnocentric (and thus intolerant of outsiders) and have a cruel streak although they can be extremely hospitable and generous to outsiders.

Democracy and human rights are concepts which have little meaning especially with regards to outsiders.

Political tensions in Ovamboland are usually found between chiefs and commoners and between the various Ovambo subgroups (sharply differentiated by dialect) over the questions of land.

The fact that it is mainly Coloureds, Damaras, Hereros and a few intellectuals who are being bumped off, will evoke little sympathy from the masses and will not influence the vote appreciably.

Certainly, the behaviour of Koevoet and the SADF over the years will have effectively delivered up the Ovamboland vote to Swapo.

Unfortunately, once again, it is not possible to discuss these problems openly, which exist although denied, without being labelled or even harassed.

It is sad to think that individuals with these peasant mentalities have managed to gather for themselves power which they are using arbitrarily. The faces may change but the repressive system remains. It all serves to make me uneasy about the future...

*Vervolg op bladsy 22*

# Dié lokaas laat die liefdesvure weer opvlam

Jacqueline Claude

PARYS - Een van die modepers se gunsteling-opskrifte deesdae is "Onderklere is terug". Maar die geskiedenis van dié "onnoembare" kledingstukke bewys dat dit nog nooit weg was nie.

Baie mense vereenselwig verleidelike vroue-onderklere met die vrolike voorkoms van die danseresse by die Moulin Rouge aan die einde van die vorige eeu. Maar 'n Soemeriese reliëf, wat uit die jaar 3 000 vC dateer en by die Louvre uitgestal word, beeld vroue uit in klere wat soos vroue-onderklere lyk.

Die Hetiete het 'n duisend jaar later die voorgangers van kortbroeke en toe later, langbroeke ontwerp.

Romeinse vroue het drie eeue vC die eerste buustelyfies ontwerp - dit was eintlik maar net 'n stuk lap wat ter ondersteuning om die borste gebind is. Die Venusgordel het gevolg - dit was 'n soort korset wat deur die antieke digters "the bait that rekindles the flames of love" genoem is.


Griekse vroue was onbewus van al dié ontwikkelings en het geen ander kledingstukke onder hulle peplosse gedra nie.

Selfs die barbare het 'n bydrae tot die ontwikkeling van onderklere gelewer. Soos Cecil Saint-Laurent dit gestel het: "Die Romeine het hulle broeke onder hulle mantels gedra, en die barbare hulle mantels oor hulle broeke."

Die Venusgordel is deur kniebroeke vervang, wat "subligatus" of "subligaculum" genoem is. Dié, met 'n lap om die borste gedraai, het as swemklere gedien - amper soos vandag se tweestuk-baaikostuums.

Vroue van die meer noordelike streke moes onderklere van growwe, dik materiaal, wat maar baie krapperig moes gewees het, verduur. Die ongemaklike onderklere is in die Middeleeue gedra.

In die 17e eeu het vroue lang onderbroeke begin dra. Dié broeke is in landelike Europa tot en met die aanvang van die Tweede Wêreldoorlog gedra. 'n Vrouliker weergawe van die lang onderbroeke is aan die einde van die vorige eeu deur can-can-danseresse gedra.



Tog wil dit voorkom of daar tydperke in die geskiedenis was toe onderklere heeltemal geïgnoreer is.

Kaal boude was ongetwyfeld "in" tydens Lodewyk XVI se heerskappy. Skrywers van dié tyd kon nie genoeg skryf oor hoe vroue van perde en swaaie afval nie.

Tydens die Franse Revolusie het vroue 'n effens slonserige weergawe van die kniebroek gedra. Tydens die Keiserryk het dit in 'n meer luukse-kledingstuk ontwikkel. Dit is eers op jagtogte en vir perdrydoeleindes gedra en later vir meer spoggerige geleenthede. Dit is met kant om die enkels afgewerk en het "onontbeerlik" geword - onontbeerlik om dít weg te steek wat die hoepelrokke van daardie tyd nie kon wegsteek nie!

Teen die einde van die 19e eeu was 'n trousseau nie volledig sonder die onderbroeke nie. Meer gegoede vroue se onderbroeke is met Engelse borduursel of kant van Valencia versier.

Die kniebroek het geleidelik korter geword - tot die broekies in die twintigerjare van satyn met kantinsetsels gemaak was.

Die versmorende korset van die 19e eeu is deur Coco Chanel met kousbande vervang. Net voor die Tweede Wêreldoorlog het die lyfgordel gewild geraak. Die buustelyf, wat in 1920 ontwerp is, het met die aanvang van die "New Look" in 1947 'n belangriker rol begin speel, net om later deur die feministe van die sestigerjare verbrand te word.

Sykouse is nog 'n groot uitvinding van die sestigerjare. Hoewel sykouse en kousbande ongetwyfeld aantrekliker is (vra enige man), is dit onprakties en ingewikkeld in vergelyking met die gerieflikheid van kousbroekies.

In 1979 het die buustelyf weer mode geword.

Dit wil voorkom of die rietskraal voorkoms van die afgelope twee dekades tog deur 'n vrouliker, ronder voorkoms vervang word. Tot 'n paar jaar gelede moes vroue met groot borste hul bra's deur outydse korsetmakers laat verstel. Vandag is dit nie ongewoon om groottes van tot 42D op winkelrakke te vind nie. En, soos in die vyftigerjare, maak minder vooruitstrewende vroue vandag gebruik van "falsies" om te vergoed waar Moeder Natuur hulle ingedoen het. - AFP

# KLEINADVERTENSIES

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor puiblikasie.

## Persoonlik

Die Vroue teen Verdrukking sê daar is steeds tirannie in die sogenaamde demokrasie

Die Takhare vir Vrede sê genoeg is heeltemal te min

Die Bleskoppe teen Apartheid sê hoe is dit dan dat die Blink Bleskop se boetie oor die water moet gaan om met sy eie mense te praat?

NORMAN Bel asseblief vir Gwynne (011 836-2151) i.v.m vakansieverblyf. Ek het jou nommer verloor

N - Jy lyk beslis nie 4 dae ouer as oom Paul nie. 'n Wonderlike dag, jaar en lewe - B

Baltrina - jy's heeltemal reg, hulle maak hierdie dinge nie meer soos vroeër nie - nou wat nou?

## Werk

*Redaksionele Assistent*

Aansoeke word ingewag vir 'n dinamiese persoon om die redaksie van Vrye Weekblad by te staan met:
*Administrasie*
*Produksiebeplanning*
*Sirkulasiebestuur en promosies*
Salaris onderhandelbaar
Skakel Manie Eager by 836-2151 vir verdere inligting.

Aandag Vroulike Graduandi

Ons soek mense met 'n graad in sosiologie of sielkunde wat in deeltydse in diepte onderhoudvoering vir 'n verbruikers-navorsingsagentskap belang stel.
Skakel 883-4242

## Woonplek

Kamer beskikbaar in huis wat grens aan Westdenedam. Vanaf 1 November. R300 per maand. Kontak Theresa (011) 838-6507(w) of 726-2285(h)

Benodig: Goedkoop vakansieverblyf in of naby Kaapstad gedurende Kersvakansie (een week tot tien dae). Bel Gwynne (011) 836 2151

Benodig: Huis te huur in die omgewing van RAU vanaf Januarie 1990. Verkieslik drie tot vier slaapkamers. Bel Desmond by 782-6001

## Dienste

Kersfeeskantoorpartytjie met 'n verskil

Ons sal alles reël - busvervoer na 'n lieflike landelike kroeg met fantastiese kos, drank, musiek en pryse. Bel Markham (011) 794-1792

Diensplig Adviesdiens.

Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel:
Durban (031) 301 5663 Richard (w),
Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h),
Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm),
Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h),
Oos-Londen (0431) 27713,
Port Elizabeth (041) 56 1483,
Pretoria (012) 320 2230 Alice (w),
Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h)
of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

Spesiale Aanbod:

Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Skakel: (011) 724 0784

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Bel POWA vir verdere inligting (011) 642 4345

## Gebeure

Woensdag 11 Oktober. U word uitgenooi om u wegneemete om 1 nm na die USIS-Ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Johannesburg te bring vir 'n reeks middaguurvideo's oor Amerikaanse Letterkunde. Die tweede video is getiteld Song From the Heart en handel oor die lewe van Edith Wharton

Kuns, die kind en die gestremde

Max Klager, professor van Kuns-onderwys van Heidelberg, Duitsland is 'n bekende kenner op die gebied van kinderkuns en die kuns van liggaamlik en geestelik gestremdes. Hy gaan een openbare lesing oor dié onderwerp aanbied. Dit word aangebied deur die Centre of Continuing Education van Wits. Vir verdere inligting skakel 716-5509/5510

Die Maretha Maartens-klub vergader dié naweek op die agtersitplek van 'n Ford om met die lewe te eksperimenteer

Die Fup-Duck-klub vergader hierdie week, mits die rooiwyn se hart op die regte plek lê.

## Mark

Tropiese Vistenk te Koop. Met alle bybehore. Winskoop teen slegs R100. Skakel Donsie (011) 8362151

JACOB RegoP®

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ....................
Adres: ....................
....................
.................... Poskode: ..........
Telefoon: ....................

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!





Vir R60 (AVB ingesluit) m kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingeluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.

Naam: __________
__________
Adres: __________
__________
__________

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/30

Vrye Weekblad

Kashgar

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juwellersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566

Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan

# Eksodus 'n verleentheid vir Oos-Duitsland

OOS-BERLYN - Wat 'n trotse dag vir die Duitse Demokratiese Republiek moes wees, het dié land se dag van vernedering geword.

Oos-Duitsland is môre (Saterdag) veertig jaar oud.

Die land is in só 'n ernstige verleentheid oor die tienduisende vlugtelinge wat die laaste weke na Wes-Duitsland gevlug het, dat hy Dinsdag die laaste deur vir vlugtelinge gesluit het deur reise deur burgers na Tsjeggo-Slowakye te verbied.

Die vlugteling-probleem, die grootste eksodus sedert die Berlynse muur in 1961 opgerig is, is nie al nie. 'n Nie-amptelike hervormingsbeweging is besig om in die tot hiertoe monolitiese Kommunistiese Party pos te vat.

Politieke en ekonomiese hervorming kan die enigste rede waarom Oos-Duitsland naas Wes-Duitsland bestaan, ondermyn.

Die vlugteling-krisis is lank nie verby nie.

Wes-Duitsland het vroeër dié week sy ambassade in Praag vir Oos-Duitse vlugtelinge gesluit, terwyl 4 000 vlugtelinge - angstig om na die Weste te ontsnap - reeds in die ambassade skuil.

Intussen het Pravda, die Sowjet-Unie se amptelike koerant, Bonn erg gekritiseer oor die uittog na die Weste en dié regering daarvan beskuldig dat sy "uitdagende houding" dreig om sentraal-Europa te destabiliseer.

Die 4 000 vlugtelinge wat die ambassade in Praag volpak, het daarheen gestroom nadat die ongeveer 6 000 Oos-Duitsers wat weke op die ambassade-gronde uitgekamp het, Sondag na 'n nuwe lewe in Wes-Duitsland vertrek het.

In Warskou skuil nog 300 vlugtelinge in skuilplekke in die stad wat geskep is ná die Wes-Duitse ambassade geweier het dat hulle daar tuisgaan.

Wes-Duitse amptenare registreer die vlugtelinge by die skuilplekke wat reeds volgepak staan van Oos-Duitse motors. Daagliks kom daar nog motors aan, met meestal jongmense in, waarvan baie kinders het.

Amper 'n duisend Oos-Duitsers wat in die ambassade in Warskou geskuil het, het Sondag per trein na Wes-Duitsland vertrek.

Die meeste van die nuwe aankomelinge in Warskou het oornag per motor of trein van Oos-Duitsland na Pole gereis.

In Moskou se ergste aanval sedert die vlugteling-krisis begin het, het Pravda Bonn daarvan beskuldig dat hy "normale diplomatieke werkinge" skend deur die Oos-Duitsers in sy ambassades in Praag en Warskou toe te laat.

Die koerant sê Wes-Duitsland se houding kan "alles wat positief is, alles wat al vermag is om verhoudinge tussen die twee Duitslande te verbeter, skend".

Dit het Bonn daarvoor gekritiseer dat hy "inmeng in Oos-Duitsland se binnelandse aangeleenthede", maar Oos-Duitsland op die skouer geklop dat hy alles in sy vermoë doen om die probleem die hoof te bied deur vlugtelinge uit Praag en Warskou toe te laat om met spesiale treine deur Oos-Duitsland na die Weste te reis.

'n Woordvoorder vir Rusland se departement van buitelandse sake, Vadim Perfiliev, was versigtiger in sy kommentaar toe hy gesê het die probleem is wesenlik Oos-Duitsland s'n en moet deur hulle opgelos word.

In Leipzig, in die suide van Oos-Duitsland, het ongeveer 10 000 mense Dinsdag betoog vir vinniger hervormings in dié land.

Ten minste vyf betogers is beseer toe hulle met die polisie slaags geraak het. Gevegte het uitgebreek toe betogers - soms soveel as 20 000 - deur 'n padblokkade wat deur die polisie opgerig is, gebreek het.

Geweld het ook Dinsdag in Praag uitgebreek toe polisie mense wat by blokkades om die Wes-Duitse ambassade versamel het, met knuppels bygedam het.

Die blokkades is later verwyder onder diplomatieke druk van Bonn en ná 'n betoging deur 'n paar honderd Oos-Duitsers, wat toe die ambassade binnegestorm het.

'n Woordvoerder vir Oos-Duitsland se departement van buitelandse sake sê die situasie in Warskou is "benard" en "onvoorspelbaar" en dat samesprekings om 'n oplossing te probeer vind, beoog word.

Wolfgang Vogel, Oos-Duitsland se onderhandelaar vir menseregte, het Maandag gesê dat Oos-Duitsers wat in die ambassades skuil nie gestraf sal word as hulle na hulle huise terugkeer nie, en toegelaat sal word om in 'n later stadium te emigreer. Hy sê ook dat die wagtyd van ses maande wat hy vroeër belowe het, dalk verkort kan word.

Wes-Duitsland se minister van buitelandse sake, Hans-Dietrich Genscher, wat 'n sleutelrol in die vertrek van die vlugtelinge gespeel het, is Saterdag deur duisende Oos-Duitsers by die ambassade in Praag toegejuig toe hy hulle persoonlik meegedeel het dat alles gereël is vir hulle veilige vertrek na die Weste.

Die nuwe krisis het veroorsaak dat Genscher Dinsdag 'n beplande besoek aan Luxemburg moes afstel om 'n vergadering van verskeie Wes-Europese lande se ministers van buitelandse sake by te woon.

Intussen stroom Oos-Duitsers steeds Wes-Duitsland deur Hongarye en Oostenryk binne.

Die polisie in München sê dat nog amper 'n duisend vlugtelinge sedert Maandagoggend in dié stad aangekom het.

'n Totaal van 26 000 vlugtelinge het tot dusver Wes-Duitsland vanaf Hongarye bereik sedert Boedapest op 10 September sy grens met Oostenryk oopgestel het. - AFP

# *Marcos nou 'n 'man van vele deugde'*

MANILA - Ferdinand Marcos se dood omhul nou sy nagedagtenis in 'n sagte sluier.

Die bloedvergieting, tirannie en plundery gedurende sy bewind van 20 jaar, het klaarblyklik nou plek gemaak vir 'n kollektiewe geheueverlies en hy word as 'n man van vrede en vele ander deugde uitgebeeld.

Selfs pres Corazon Aquino, wat hom vroeër as die verpersoonliking van boosheid beskryf het, het 'n soort van huldeblyk aan hom gelewer en ook 'n amptelike tydperk van rou afgekondig.

Maar die verbod om sy oorblyfsels hierheen te bring, bly vir 'n onbepaalde tyd staan.

"Sy bewind het ons land verander. Hóé hy dit verander het, laat ek vir ander en uiteindelik vir die geskiedenis om te beskryf," sê sy.

In die vertoon van simpatie met 'n ou man wat in ballingskap gesterf het, word die probleme wat hy agtergelaat het - korrupsie, skuld, militêre gruweldade, kommunistiese insypeling - nou vergeet en dit lyk of die geskiedenis herskryf word.

Marcos, 72, is verlede Donderdag in 'n hospitaal in Honolulu dood, waar hy sedert Februarie 1986 gewoon het, toe 'n opstand Aquino in bewind geplaas het.

Ondersteuners en selfs eertydse kritici van Marcos, prys hom nou as een van die beste leiers wat die land nog gehad het.

'n Groot deel van die pers, wat amper tot stilswye gedwing is tydens Marcos se bewind deur die toemaak en oorname van koerante en uitsaaigeriewe en die teistering van joernaliste, prys nou sy prestasies en steun 'n begrafnis vir hom op sy tuisdorp.

Tienduisende politieke teenstanders is deur Marcos tronk toe gestuur nadat hy in 1972 krygswet uitgevaardig het. Honderde van hulle is vermoor, of het bloot verdwyn.

"Niemand is nou in die strate om geregtigheid vir die dooies en vermistes te eis nie. Niemand skree vir die terugkeer van die miljoene wat geplunder is nie," skryf die rubriekskrywer Sheilah Coronel in die Manila Times.

"Dit word beskryf as 'n edele uitdrukking van Fillipynse meegevoel. Maar daar is ook iets tragies aan dié vergeetagtigheid. Want as ons vergeet van die gruweldade en oordadighede van die verlede, bestaan daar die gevaar dat ons dit weer kan beleef," sê sy. - AFP

## Henry VIII se liefdesbriewe afgestof

VATIKAAN - 'n Hartstogtelike liefdesbrief wat deur Henry VIII geskryf is aan Anne Boleyn, wie se huwelik met die koning veroorsaak het dat Engeland met die Vatikaan gebreek en die Anglikaanse Kerk gestig het, is dié week aan die Aartsbiskop van Kantelberg, dr Robert Runcie, gewys.

Die brief, wat in 1527 geskryf is, is een van die skatte wat in die Vatikaan se geheime argiewe bewaar word.

"Ek belowe om jou as my enigste minnaar te neem en alle ander te verwerp, ver uit my gedagtes en my hart, en om net jou te dien," het die koning geskryf.

Nog een van die Vatikaan se geskiedkundige dokumente is 'n aansoek deur Engeland se Lords om 'n egskeiding vir Henry sodat hy met Anne kon trou. Toe die pous weier, het die koning die Kerk van Engeland gestig, met homself as die hoof daarvan. - AFP

## Dié week in die nuus

### Suid-Afrika

**Die VSA** gee die nuwe De Klerk-regering nege maande om apartheid af te skaf en met geloofwaardige leiers te begin onderhandel. So nie, sal weer besin word oor die besluit om verdere sanksie-optrede te weerhou. Herman Cohen, assistent-minister van buitelandse sake belas met Afrika, dui aan dat drie stappe van die Suid-Afriakaanse regering verwag word: Voor die einde van die jaar moet politieke gevangenes vrygelaat, beperkinge op politieke organisasies opgehef en uitgewekenes toegelaat word om na Suid-Afrika terug te keer; voor die parlementsitting in Februarie moet begin word met die voorbereiding van wetgewing vir die afskaffing van apartheid; teen die einde van die sitting in Junie aanstaande jaar moet dié wette afgeskaf wees, en dan moet onderhandelinge met geloofwaardige leiers begin.



**Pik Botha**, minister van Buitelandse Sake, sê in reaksie op die beoogde indaba wat vir November in Parys beplan word Suid-Afrikaners sal hul eie probleme oplos en sal dit in Suid-Afrika doen. Volgens berigte sal Suid-Afrikaanse kabinetsministers, Afrikaner-sakelui, kerklui en opposisie-politici, sowel as verteenwoordigers van die ANC, die UDF, Inkatha en die vakbondbeweging na die indaba - wat gereël word deur die menseregtestigting France Liberté onder leiding van Danielle Mitterrand, vrou van die Franse staatshoof - genooi word.

**Luit Gregory Rockman** getuig in die verhoor van twee polisieoffisiere in die Wynbergse streekhof hoe lede van die onluspolisie in Mitchell's Plain "soos wildehonde tussen die skare rondgehardloop en mense voor die voet met knuppels en sambokke aangeval het".

**Annemarie Klopper**, dogter van die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, versuim om op die toneel te bly of die voorval by die naaste polisiekantoor aan te meld nadat sy 'n swartman raakgery het. Volgens kol Vic Heyns, woordvoerder van die polisie se afdeling openbare betrekkinge, is die voorval wel later die aand by 'n ander polisiekantoor aangemeld.

**Die polisie** ondersoek die Sappi-ramp in die Oos-Transvaalse Laeveld wat tonne vis laat vrek het.

**Pres Mario Soares** van Portugal kom in Suid-Afrika aan om sy seun, Joao, in die HF Verwoerd-hospitaal in Pretoria te besoek. Joao het verlede Dinsdag in 'n vliegongeluk by die Unita-hoofkwartier in Suid-Angola ernstige beserings opgedoen.

**Oos-Londen stel** alle geriewe in die stad, insluitende die strande, vir mense van alle rasse oop. Die strande by Gordonsbaai word ook oopgestel.

**'n Bruin operasanger** wat aan die Roodepoortse Eisteddfod deelneem, Patrick Cloete, word verbied om op 'n "blanke" bus van die Roodepoortse stadsraad te ry.

**'n Optog van die Conscientious Objectors' Support Group** in Kaapstad word goedgekeur deur die hooflanddros van Kaapstad, WP Theron.

**Lionel van der Nest**, wat 'n swartman buite 'n snoekerklub in Boksburg doodgeskiet het, word in die Randse Hooggeregshof deur regter G Gordon tot 'n effektiewe vyf jaar gevangenisstraf gevonnis.

**Pastoor Nicky van der Westhuizen**, 'n geloofsgeneser in die charismatiese tradisie, bevestig dat hy van sy vrou gaan skei.

**Shifty Records** eis skadevergoeding van dr Jannie Malan, moderator van die Suid-Transvaalse sinode van die NG Kerk, wat beweer het dat die Voëlvry-plaat "sataniese boodskappe" bevat as dit agteruit gespeel word. Verteenwoordigers van Shifty het saam met Malan na 'n agteruitbandopname van die plaat geluister, en hulle kon geen verskuilde boodskappe hoor nie.

### Wêreld

**Genl Manuel Ortega Noriega** van Panama weer die tweede staatsgreep binne 18 maande af. Die poging van junior offisiere in die weermag om sy bewind omver te werp, word deur regeringsgesinde soldate onderdruk.

**Ondersteuners van Swapo en die DTA** raak in Namibia in gevegte betrokke. Twee mense, een 'n ondersteuner van Swapo en een van die DTA, word vermoor. Die geweld word deur die leiers van beide partye veroordeel.

**Sen John McCain** van die Republikeinse Party sê hy was woedend om te verneem dat soldate van die VSA se Marinierskorps die slagspreuk "kill, rape, pillage, burn" in hul basiese opleiding gebruik.

**Oos-Duitsland** kondig aan dat sy burgers nie meer toegelaat sal word om sonder visums na Tsjeggo-Slowakye te reis nie, en Tsjeggo-Slowaakse polisie probeer Oos-Duitsers keer om die Wes-Duitse ambassade in Praag binne te gaan.

**Sowat 20 000** Oos-Duitsers betoog in Leipzig ten gunste van demokratiese hervormings en spreek hul steun uit vir pres Mikhail Gorbatsjof van die Sowjet-Unie se program van perestroika.

**Die Angolese** minister van buitelandse sake, Pedro Castro van Dunem, waarsku dat Kuba sy onttrekking van soldate uit Angola kan staak as die VSA voortgaan om hulp aan Unita te verskaf.

**Die Nederlandse** polisie verkoop 'n rekenaarprogram wat ontwerp is om 'n rekenaarvirus teen te werk wat op Vrydag die dertiende sal begin om duisende rekenaarprogramme uit te wis.

**Vader Hugh Bishop**, 'n Anglikaanse priester en kampvegter teen apartheid wat in 1966 deur Ian Smith uit die destydse Rhodesië gedeporteer is, sterf op 82-jarige ouderdom in London.

**Die Sowjet-regering** laat vaar planne om 'n verbod van 15 maande op stakings in te stel. Stakings in die Sowjet-Unie word nie deur wetgewing gereël nie.

# SPORT

# *Die profeet wat nie in sy eie land geëer word nie*

**Charles Ochse**

DIE Bybelse spreuk van 'n profeet wat nie in sy eie land geëer word nie, was selde so waar soos in Brian Mitchell se geval. Daardie handjievol mense wat Sondagoggend by die lughawe was, was nie 'n gepaste verwelkoming vir 'n ware wêreldkampioen nie.

Brian is maar net Suid-Afrika se grootste sportster van alle tye.

Sy prestasies is selfs groter as dié van Gary Player toe hy op sy dag wêreldgholf oorheers het.

Brian is tans die wêreldkampioen in alle gewigsafdelings van alle boksorganisasies wat sy titel die langste hou. Dit is nou reeds meer as drie jaar. Daarmee saam het hy ook die junior liggewig-titel die langste in die wêreld se boksgeskiedenis behou.

Vanselfsprekend is hy ook die Suid-Afrikaanse bokser wat verreweg die langste 'n wêreldtitel behou het. Wat sy prestasies soveel groter maak, is dat hy sy titel nege keer in sewe verskillende lande regoor die wêreld verdedig het. Hy het die bestes in hul eie agterplase gaan aanpak en oorwin.

Die Randse sportskrywers kan mos nou nie anders as om hom vir 'n rekord vierde keer Suid-Afrika se Sportman van die Jaar te maak nie. Hulle maatstaf is internasionale prestasie. Niemand is naby Brian in daardie klas nie.

Miskien is dit juis die feit dat hy nog nooit sy wêreldtitel in Suid-Afrika verdedig het nie wat maak dat die Suid-Afrikaanse publiek hom nie altyd genoeg eer nie. Daar behoort 'n rekord-skare te wees wanneer hy sy titel in November by Sun City teen Rocky Lockridge verdedig.

'n Ander rede is waarskynlik dat M-Net die beeldsaai-regte op sy gevegte het. En almal het nie M-Net nie.

**Brian is maar net SA se grootste sporster van alle tye. Sy prestasies is selfs groter as dié van Gary Player toe hy op sy dag wêreldgholf oorheers het.**

Die van ons wat laas Vrydagoggend drie-uur opgestaan het om na sy geveg in Lewiston, Maine te kyk het 'n groot boks-skouspel gesien. Hy het die rateltaai Yank, Irving Mitchell, wat wonderbaarlik in die derde ronde van die krytvloer opgestaan het, se ribbes in die sewende afgeslaan.

Irving het aan die skeidsregter beduie hy het genoeg slae verduur. Hy kan nie verder nie. En toe mos jy gehoor het hoe juig daardie Amerikaanse skare onse Brian toe.

Opvallend was dat hy vanuit die staanspoor 'n groter helde-ontvangs as hul eie man gekry het. Die Yanks het geweet hul het hier met 'n groot wêreldkampioen te doen. Met sy vuiste het Brian vir hom 'n plek in hul harte oopgeslaan.

En dit was nadat die Amerikaanse pers hom probeer bykom het omdat Brian aan 'n persman gesê het hy weet nie baie van dinge nie maar hy dink Nelson Mandela is in die tronk soos ander moordenaars.


Daarby het hy 'n ander groot nadeel gehad. Sy linkeroogbank is sommer in die eerste minuut weer oopgestamp en in die tweede ronde het hy 'n sny onder die regteroog opgedoen. Ai! Dit sal darem tragies wees as so 'n skitterblink boksloopbaan deur daardie alewige oogbanke kortgeknip moet word.

Dit het 'n Suid-Afrikaanse hart

**'Ai! Dit sal darem tragies wees as so 'n skitterblink boksloopbaan deur daardie alewige oogbanke kortgeknip moet word.'**

goed gedoen om te sien hoe bankvas die Amerikaners agter ons man staan. Waarom doen ons eie mense dit nie ook meer gereeld nie?

Terry Baron het in die Sunday Times geskryf hy hoop Brian se ondersteuners is by die lughawe want hulle mag nooit weer die kans kry om 'n waardiger kampioen te ontmoet nie.



Brian Mitchell, Suid Afrika se grootste sportheld ooit?

By 'n vorige geleentheid was daar 'n herrie omdat daar nie eens 'n lid van die Suid-Afrikaanse Boksbeheerraad op die lughawe was om hom te verwelkom nie.

Kyk net hoe het die Australiërs pas hul krieketspan wat Engeland verinneweer het, terug verwelkom by die huis. Derduisende mense het die strate volgepak om net 'n vlugtige blik van hul helde te kry.

Dis 'n ding wat my lankal pla dat ons Suid-Afrikaanse publiek eerder afbreek as opbou aan ons sporthelde. Soos nou weer met die Springbokspan. Dêmit, ons het die toetsreeks gewen.

Maar luister bietjie en jy hoor: Ja, maar teen wie het hulle nou eintlik gespeel en hulle was darem vreeslik verroes.

Ons sportskrywers hoef nie oneerlik te wees nie, maar ons kan veral by die Britte leer. In die tweede Wêreldoorlog toe Hitler vir hulle by Duinkerken in die see ingejaag het, het hulle propaganda-masjinerie die gebeure net so omgeswaai en vertel van die grootste ontrekkingsoperasie in die geskiedenis. Hulle het dit 'n heldedaad gemaak dat so baie troepe so vinnig oor die Engelse kanaal vervoer is.

Vandag doen hulle dit nog. Al kry hul sportspanne of sportsterre ook 'n afgedankste loesing skryf hulle eerder van 'n "glorious defeat".

## Die stryd om die Goue Beker: dis Naas teen die WP-groentjies

**Charles Ochse**

EN gaan daai man, Naas Botha, rugby se grootste wedstrydwenner van alle tye, dit môre weer kan doen?

Dis Curriebekereindstrydkoors, en met sulke gewigtige sake voor die deur kan g'n man op die draad bly sit nie: al word jy ook môremiddag lewendig afgeslag.

Ja, ek dink Naas kán die Curriebeker vir Noord-Transvaal teen WP behou.

Ons lees al die kenners se vooruitskouings. Die meeste meen die Bloubul-agtal gaan die knoop deurhak. Myns insiens gaan die Naas-faktor die verskil maak.

Die WP het darem self 'n lekker pak voorspelers. Maar met Naas agter die Bloues hoef hulle net vyftig persent besit van die bal te wen. Dure ondervinding het geleer teen daai man verwed jy nie 'n sent in 'n Curriebeker-eindstryd nie.

Dis 'n gebore Kapenaar wat hier skryf. Ja, ons weet WP het die Lionbeker-eindstryd teen einste Noord-Transvaal gewen. En boonop speel hulle môre op hul tuisveld voor hul fanatiese skare, maar...

Op Garth Wright na is die hele Springbokagterlyn môre in aksie. Hulle is egter so verdeel tussen die twee spanne dat Noord-Transvaal die twee in die grootste sleutelposisies het - Naas op losskakel en Johan Heunis op heelagter.

Die WP het die Springbokdriekwarte: Carel du Plessis en Kobus Burger op vleuels en die Bok-senterpaar Michael du Plessis en Faffa Knoetze. Noord-Transvaal het die Springbok-reserwe, Robert du Preez, op skrumskakel.

Hy is eintlik 'n Springbok sonder kleure want hy was vanjaar bitter naby aan die Springbokspan en die beste skrumskakel in die land.

Waar die groot verskil inkom is by die ervaring in die sleutelposisies. Teenoor Naas speel die groentjie in die WP-span, Riaan Gous.

Dis maar sy derde Curriebekerwedstryd en boonop is dit die eindstryd.

Riaan sal agterkom 'n eindstryd is baie strawwer as 'n gewone Curriebekerwedstryd. Dié eindstryd kom tweede na 'n toets. En dis waar ondervinding tel.

Soos Graeme Pollock altyd gesê het: ervaring kan jy nie in die OK Bazaars loop koop nie.

Op heelagter teenoor Johan Heunis speel Hans Scriba, voorheen 'n losskakel en ook 'n groentjie. Naas gaan hom peper en dit kan net wees dat die WP die beseerde Calla Scholtz gaan mis. Carel en Kobus sal op vleuel moet help keer daar agter.

Maar dis die losskakels wat soos oin Boy Louw gesê het die "pivot" is - die spil waarom alles draai. Daarom praat ons nie nou net van Naas se skoppe pale toe nie. Dit kan Johan Heunis net so goed doen.

Ons praat van hoe Naas 'n wedstryd dikteer. Hy 'n genie om 'n wedstryd te "lees" en op te som en dan die regte opsies op die regte tyd uit te oefen. Kyk maar net weer môre hoe dikwels staan hy daar agter vir die bal en wag. Dan het hy lankal teruggeval want hy het geweet die WP gaan skop.

Hy lees nie net sy eie span se spel korrek nie, maar hy weet ook wat die teenstaanders gaan doen. En daardie reuse buitelynskoppe van hom is genoeg om enige span moedeloos te maak.

Johan Heunis het natuurlik geen hulp daar agter nodig nie. Op verdediging is hy so solied soos Tafelberg. En op die aanval het hy 'n skitterende verstandhouding met Naas.

Dié kombinasie het op menige drieë uitgeloop. Daarteenoor is die WP bietjie kort aan ervaring.

Die groot vraag is net of Naas volkome van sy besering herstel het. As dit weer net 'n halwe Naas is, verander die prentjie natuurlik heeltemaal.

Ek verneem van die Kaapse "spioene" dat die WP 'n plan het met Naas. Daarvoor is Tiaan Strauss spesiaal flank toe geskuif om Naas te bestorm en af te sny van sy agterlyn soos Rob Louw van ouds so goed gedoen het. Maar of die plan gaan werk, sal ons môre weet.

Behalwe dat Naas 'n swaargewigpak het om hom te beskerm, is Robert du Preez 'n groot en sterk skrumskakel wat nie bang is om slae te verduur nie. Hy het 'n lang aangee ook en hy gee net die goeie, skoon balle vir Naas.

Kortom, die hart sê WP, maar die verstand sê Naas.

Die seisoen word môre op 'n hoogtepunt afgesluit maar in die afseisoen sal Suid-Afrika se rugbybase hard moet werk aan 'n aanvaarbare Curriebekerstelsel om 'n herhaling van vanjaar se struweling te voorkom.

Dis mos eenvouding nie reg om 'n seisoen met 'n stelsel te begin en dan aan die einde weer te verander nie. Deur 'n Raadsbesluit hoef die OP nou nie meer teen Wes-Transvaal uit te speel om A-liga-status nie. Albei is in die A-afdeling en Suidwes is weggelaat.

Maar die WP moes 'n halfeindstryd teen Wes-Transvaal speel. En dit het in 'n klug ontaard toe die WP die Weste met 71-9 verpletter het. Nou lyk dit of Wes-Transvaal nie in die A-afdeling hoort nie.

Daarby het die wedstryd net nadele vir die WP ingehou. Hulle het 'n risiko van besering geloop. Kobus Burger en Charlie Marais is van die veld af, maar gelukkig was dit nie ernstig nie en hulle is môre op hul pos. Dit kon erger gewees het.

Die ander groot gevaar is dat so 'n weghol-sege die WP 'n vals indruk van sy krag kan gee en hul oorgerus vir die eindstryd maak. En oorgerustheid is elke sportman se grootste vyand.

Die WP-keurders het ook niks wys geword nie want hul jongelinge, Gous en Scriba, het geen vuurdoop gehad nie want hul was nooit onder druk nie.

Nou weet mens nie hoe hulle gaan vaar onder die meedoënlose druk van 'n eindstryd nie.

Verder het die halfeindstryd al Noord-Transvaal se spioene mooi kans gege om al die WP se taktieke, bewegings en planne haarfyn te bestudeer.

As die WP môre verloor, gaan daar nog baie ongelukkigheid oor die halfeindstryd teen Wes-Transvaal wees.




Printed by Caxton Ltd

# VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 6 Oktober 1989

Onder redaksie van ANDREA VINASSA



Die legendariese regisseur Elia Kazan (80) vang die oog van 'n vrou vroeër vanjaar by die Cannes-rolprentfees

# Elia die Outsider werk weer

EEN van Hollywood se legendariese rolprentregisseurs Elia Kazan (80) is terug agter die kameras, die eerste keer in 13 jaar. Dié ou buitestaander werk aan 'n opvolg op "America, America", 'n nostalgiese fliek oor sy Griekse herkoms. Hy noem sy jongste prent "Behind The Aegean".

Kazan is veral beroemd vir klassieke prente soos "On the Waterfront" ('n brutale uitbeelding van die Amerikaanse werkersklas) en "A Streetcar Named Desire" (die Tennessee Williams-drama met Marlon Brando).

Aan die ander kant is hy berug vir die verraad van sy kamerade tydens die McCarthy-heksejag in 1952 in Amerika.

Dit was Sergei Eisenstein se "The Battleship Potemkin", wat hy op 16 gesien het, wat hom bekeer het tot die rolprentbedryf, sê Kazan.

Maar eers moes hy universiteit toe waar hy hom vasgeloop het in die WASP's (Wit Angel-Saksiese protestante) se meerderwaardigheid en die ryk meisies se minagting; waarskynlik een van die redes waarom hy later so geflankeer het onder die vroue en drie keer getroud was.

Hy het drama geswat op Yale en in 1932 by die progressiewe Group Theatre aangesluit. Van 1934 tot 1936 was hy 'n lid van die Kommunistiese Party.

Maar in 1952, gedurende senator Joseph McCarthy se heksejag teen kommuniste, het hy 'n dosyn van sy voormalige kollegas by die Group Theatre opgesê.

Kazan was onboetvaardig oor sy verraad: hy het gesê hy haat Stalinisme en het geen tyd vir die "liberale" wat swyg in die aangesig van die gruwele wat op bevel van die Sowjet-diktator gepleeg is nie.

"Ek het 'n paar jaar lank reeds die kommuniste gehaat, en nie gesien waarom ek my loopbaan moet opoffer om hulle basse te red nie," het hy gesê, en bygevoeg hy het binne 'n jaar geen gewetenswroegings meer gehad oor wat hy gedoen het nie. Hy is egter deur baie mense verwerp.

Soos die Italiaanse regisseur Lucchino Visconti, was Kazan 'n talentvolle verhoogregisseur wat hom tot die silwerdoek gewend het. Sy Broadway-produksies van die jare veertig sluit in "A Streetcar Named Desire" en Arthur Miller se "Death of a Salesman".

Sy rolprentdebuut was in 1945 met "A Tree Grows in Brooklyn". In 1947 is sy prent oor anti-Semitisme "Gentleman's Agreement" met 'n Oscar bekroon.

Sy laaste prent, "The Last Tycoon", is in 1976 voltooi. En nou werk hy weer. (AFP).



IN solidariteit met die sanger/digter Mzwakhe Mbuli (hy was reeds telkens in aanhouding en 'n handgranaat is onlangs in sy huis gegooi) borg verskeie ambassades môremiddag om twaalfuur 'n konsert by die Warehouse, Mark-Teater, Johannesburg. Die African Jazz Pioneers (regs) en Jennifer Ferguson tree ook by die konsert op.

# Hoe die sensors dink

ANDREA VINASSA

'N KOMITEE van die publikasieraad het onder die redes vir hul onvoorwaardelik goedkeuring van die prent "Cry Freedom" gesê Biko se idees is in onguns by swartmense en dat politieke en sosiale onrus vandag heeltemal anders is as in die jare sewentig. Sulke pittighede en vele ander insigte in die denkwyse van die sensors is te lees in Acag (Anti-Censorship Action Group) se boekie oor sensuur en die rolprentwese.

Deeglik saamgestel deur Joyce Ozynski, gee "Film: What the Censors Think" 'n kort sensuurgeskiedenis van sommige Suid-Afrikaanse prente of prente met Suid-Afrikaanse inhoud. Die redes vir verbannings en snitte wat aangevoer word deur die raad verskaf boeiende en insiggewende leesstof.


"Ondanks dié dig geweefde rooster van wetgewing, is dit duidelik uit die sensors se denkrigting dat hulle orals die bedreiging van Staatsgesag raaksien. In hulle versigtige redevoering toon hulle 'n sin van akute weerloosheid," sê Ozynski in die inleiding.

"Dikwels draai hul bepalings om faktore wat die inhoud van die prent oneffektief verklaar: die moontlikheid is kleiner dat vervelige prente mense sal aanhits; kamerahoeke sal die gehoor distansieer en simpatieke identifikasie verhoed; voorvalle wat 'oud' is sal 'n mindere reaksie ontlok; lang, stadige prente sal almal behalwe die heeltemal onwankelbare kyker afstoot en video het minder dramatiese impak as die silwerdoek."

Daar is 'n sterk wetlike behoefte om regverdig te wees, maar die wetgewing vloei uit 'n nasionalistiese ideologie en daarom is regverdigheid onmoontlik, sê die inleiding.

Die redes wat aangevoer is waarom "Cry Freedom" goedgekeur

## Amandla! Sir



Richard Attenborough se magsvertoon op die stel van "Cry Freedom" in Zimbabwe. Die sensors het gemeen "Cry Freedom" sou niemand laat huil nie. Die polisie het anders gedink.

is, is amper insiggewender as die redes vir ander prente se afkeuring: "Die tonele van polisiegeweld, bulldozing van 'n plakkerkamp by Crossroads en die skietvoorvalle in Soweto is afskuwelik - maar van korte duur. Hulle het emosionele krag maar sal nie regstreeks lei tot geweld nie - daar is nooit 'n oproep om geweld of revolusie nie - net konfrontasie." Daar is ook destyds aangevoer dat die prent nie juis populêre trekkrag het nie omdat die gebeure in 1977 baie openbare blootstelling geniet het.

Oor "Mapantsula" het hulle gesê: "Die Raad ontken nie dat die tonele in die werklike lewe kon plaasvind nie, maar dit is nie ons taak nie. Wat ons moet vasstel is of die tonele soos voorgestel uitdagend of opstokend is.

"Ons glo dat die verhoudinge tussen swart en wit nadelig beïnvloed sal word wanneer die polisie vir Panic by die venster vashou. Dieselfde geld wanneer die speurder sê Panic se dood kan onmiddellik gereël word."

Die publikasieraad het nie omgegee dat "Shot Down" op feeste vertoon word nie, want hulle meen dit het geen artistieke meriete nie en is uiters vervelig. "The Stick" is volgens die raad 'n prent met hoë artistieke meriete, maar "A World Apart" het 'n gebrek aan artistieke en dramatiese meriete.

"A World Apart" meen hulle is nadelig vir die veiligheid van die staat omdat dit, volgens die sensors, deurgaans die ANC propageer en die grondliggende boodskap is dat daar geen alternatief vir geweld vir die swartmens in Suid-Afrika is nie.

Mense wat die boek wil bestel, kan skryf aan: ACAG, Posbus 260425, Excom 2023.

# Tracy Chapman se tweede is hier!

TRACY CHAPMAN se tweede langspeler, "Crossroads", het klaar 'n rekord gebreek voordat dit nog in die platewinkels beskikbaar was. Haar platemaatskappy in Suid-Afrika, Tusk Records, het 'n rekord aantal plate vir die eerste verskeping daarvan na Suid-Afrika laat kom.

Dié 53 000 eksemplare, wat verlede week hier aangeland het, is selfs meer as die eerste skeepvrag na Suid-Afrika van Michael Jackson se gewilde "Bad". Nie sleg nie, né? Daar is tot op datum reeds 235 000 kopieë van me. Chapman se gelyknamige debuutplaat net in Suid-Afrika verkoop.

Kyk op bladsy 2 in Haakvas wat dink CHARLES LEONARD van haar jongste.

# Chapman duiwels eerlik oor skuldgevoel

**HITKAAS**

**Charles Leonard**

**Crossroads - Tracy Chapman (8)**

Die persoon met die opwindendste debuut van 1988 is terug en alle ore en oë is op haar gefokus: gaan sy die peil handhaaf van haar gelyknamige eersteling, is daar ontwikkeling, het sy uitverkoop aan die kapitaliste wie sy so hand, tand, tong en kitaar beveg het, klink sy nuut, of is "Crossroads" maar net 'n Tracy Chapman met ander woorde?

Ek moet dadelik sê dat Chapman my aan die begin, kort na die uitreiking van haar eerste langspeler, laat trippel en dribbel het van opgewondenheid. Haar lieflike deuntjies, haar deurdagte, dermwringende dog sensitiewe lirieke, en ongewone ryk heuningstem het bewys dat jy nie 'n poplappie met 'n soetliefbeeldjie, of 'n bladsy drie-meisie met 'n pin-upbeeld hoef te wees om kommersieël baie suksesvol te wees nie.

Wat veral verstommend en terselfdertyd verblydend was, was dat die musiekbedryf haar 'n kans gegun het. En het hulle nie die welkome, soet vrugte gepluk nie!

In elke restaurant, supermark, by elke verkeerslig uit elke motor, by elke partytjie, oor elke radiostasie het jy me. Chapman gehoor. As jy gelukkig genoeg was, het sy jou verlede jaar kaalvoet van die verhoog (én van jou voete) af in Harare met die Amnestie Internasionaal Human Rights Now-konsert betower.

Maar selfs Chivas Regal-whisky of egte Italiaanse roomys in oormaat raak te veel.

Dit is hoe ek oor Tracy Chapman begin voel het. As ek Talkin' Bout A Revolution gehoor het, wou ek begin klipgooi, of het ek ge-"seize" as ek Fast Car gehoor het. Om eerlik te wees, in 'n stadium het haar stem my selfs begin irriteer.

In elk geval, daarom het ek "Crossroads" met gemengde gevoelens half huiwerig op my draaitafel gesit.

Die plaat, wat van Maandag af op die platerakke beskikbaar is, bestaan uit tien nuwe liedjies, wat almal deur Chapman self geskryf is.

Toe ek die eerste keer na die inleiding van die titelsnit luister, het ek oombliklik geweet watter pad om te volg by dié kruispad: die welkome deja vu van toe ek verlede jaar die eerste keer na haar debuut geluister het, het my laat vergewe. Die gatvolheid van luister na haar stem het verdwyn. Chapman het weer een van die plate van die jaar gemaak.

Só, Chapman-aanhangers, gaan koop gerus die plaat. Aan die platemaatskappy, julle gaan verseker nog meer as verlede jaar se debuut verkoop.

Met dít van my hart af kan ek nou begin voorbehoude voorlê en so my vrae aan die begin probeer antwoord.

Het Chapman met "Crossroads" die peil van "Tracy Chapman" (die plaat) gehandhaaf?

Tot 'n mate is die nuutheid weg. Dit is effens herhalend en dalk verbeel ek my, maar sy het van die passie verloor.




Foto: Kevin Carter

**Tracy Chapman in Afrika**

Chapman het bekendheid en gewildheid verwerf met brandende liedjies oor onderdrukking van ras, klas en geslag. Toe sy dit die eerste maal gesing het, was sy in 'n posisie om daaroor te sing. Sy is swart, 'n vrou en was deel van die onderdrukte klas.

Haar posisie het intussen drasties verander. Sy het intussen miljoene mense betower met haar optredes by die Mandela-konsert, die Human Rights Now-konsert en blootstelling deur haar plaat.

Miljoene van dié mense het ook haar plaat gekoop en haar in 'n totaal ander materiële posisie geplaas.

Chapman het van die begin af oortuig as 'n opregte sanger. As sy van armoede, uitbuiting en rassisme gesing het, kon jy haar glo. Sy het nie maar op een of ander pienkhart-bandwagon gespring nie.

Haar benadering van dié strydpunte, wat haar nog duidelik na aan die hart lê, oortuig my nou nog meer van haar integriteit. Haar veranderde materiële posisie word weerspieël in haar lirieke. Sy wroeg duidelik en is steeds aan die kant van die underdog. Sy het ook deeglik en opnuut weer kennis gemaak met kapitalistiese uitbuiting.

Op die titelsnit som sy dit alles op met 'n interessante variasie op die musikant en die duiwel by die kruispad-tema: "All you folks think I got my price/ At which I'll sell all that is mine/ You think money rules and all else fails/ Go sell your soul and keep your shell/ I'm trying to protect what I keep inside/ All the reasons why I live my life."

Chapman weier om toe te gee, al het sy nou geld: "All you folks think you run my life/ Say I should compromise/ I say all you demons go back toe hell/ I'll save my soul myself."

Sy is nog meer direk op Material World waar sy met passie sing dit is "Just another form of slavery/ And the whole man-made white world/ Is your master."

Ek weet nie of dit moontlik is nie, maar sy is duiwels eerlik oor haar skuldgevoel.

'n Nuwe dimensie in haar lirieke is die tema van sielewroeging. Op die genoemde twee liedjies, en ook op Born To Fight ("They're tryin' to dig into my soul") en All That You Have Is Your Soul, vertel me. Chapman dat roem en geld nie noodwendig pret is nie. Dalk kan 'n mens haar glo.

Soos op haar debuut met Behind The Wall, sing sy op Subcity weer van die pyn, vernedering en uitbuiting van stedelike armoede.

Freedom Now het sy op die Amnestie Internasionaal-toer bekend gestel en is ook hier ingesluit. Dit is opgedra aan Nelson Mandela en 'n mens wonder of die SAUK dit al teen die tyd verbied het. Ons mense mag mos nie hoor dat Mandela gaan vry wees nie. Die liedjie self kan volgens my nog - veral musikaal - meer dramaties gewees het. Dit is ongelukkig nie die sterkste snit op die plaat nie.

Die res van die snitte op Crossroads is sensitiewe liefdesliedjies en This Time, met sy viool en Chapman se passievolle stem op sy treffendste, die hoogtepunt. Me. Chapman vat die leisels waar dit lyk asof Joan Armatrading dit so half laat lê het.

Ek dink Chapman het liriek-gewys ontwikkel, maar ook net-net. Regverdigheidsonthalwe moet ek byvoeg dat dit darem 'n formidabele debuut was wat sy moes troef.

Musikaalgewys het sy ook vooruitgegaan. Hoewel dit tot 'n groot mate dieselfde klink, maak 'n briljante snit soos Crossroads - met sy tradisionele roots-kitaar - 'n mens opgewonde en gee jou hoop vir die toekoms vir iets totaal nuut en rewolusionêr.

'n Mens moenie iets totaal nuut verwag as jy die plaat koop nie, hoewel dit darem nie presies klink na nog 'n "Tracy Chapman" (die plaat) nie.

Oor een ding is ek bang. Ek glo dat ek oor so 'n maand of twee met "Crossroads" sal wees waar ek met haar debuutplaat was: Gatvol en op soek na oorpluisies en groot klippe.

Die een groot vreugde wat "Crossroads" my bring het niks te doen met die musiek of die plaat.

Dit is die politieke bewusmakingsrol wat die plaat kan speel. Sy aanspreek van klasse-, rasse- en geslagsbrandpunte kan dalk net iewers 'n saadjie saai wat kan ontspruit in iets waardevols.

Só, op die viniel beskou, is Crossroads, met 'n paar voorbehoude, een van die plate van die jaar. En dit gaan nog beter verkoop as kubus!

Die platemaatskappy verdien 'n pluimpie vir die indrukwekkende verpakking. Kan dit nie maar standaard word nie. Ons arme Suid-Afrikaners word rêrig afgeskeep met goedkoop omslae en plaatdrukke. Dan vra hulle nog hoekom mense plate opneem?

**Batman - Prince (9)**

Daar is darem niks so aaklig soos wanneer jy 'n snaakse (volgens jou) petalje oorvertel en as jy klaar is jou aanhoorders met sulke "en toe?"-gesigte na jou sit en kyk nie. Die tipe van "jy moes daar gewees het"-situasies.

Dit is dikwels hoe ek oor klankbane voel. Jy moes eintlik die rolprent gesien het om die plaat te kan waardeer.

Batman vlieg gelukkig ver bo daai soort dodo-opnames.

Die wonderlike t-hemde wat nou onlangs in die vindingryke Kaapstad verskyn het, "The Purple Shall Govern"-hemde, is volgens my op meer as 'n groep persgespuite vreedsame mense wat die slagoffers van die oorywerige polisie se waterkanon was, van toepassing.

Dié klein briljante, seksueel-perverse, godsdienstige fanatikus, staan ook as die pers prins bekend. Daarom wil ek saam "viva!" skree as die mense sê "The Purple Shall Govern".

Prince verstom alweer met sy vindingryke, vars plaat. Hy neem jou met skreeuende vlerke op 'n bisarre, donker vlug met Hendrix-kitare, funky koperblaasinstrumente, hartklop mis-ritmes en 'n akrobatiese stem.

Hy doen die onbeskaamd sentimentele The Arms Of Orion saam met die een lid van sy harem, Sheena Easton. As iemand anders dit gedoen het, was dit irriterend. Dié twee laat dit sexy klink.

Sexy is die fluisterwoord op die plaat. Die klimaks is volgens my op Electric Chair. Dit is uitlokkende funk op sy skorste, uitasemste wat ek nog op viniel gehoor het.

Dansmusiek het nog nooit so intelligent geklink nie. Wag, ek jok - ek het van die pers een se ander plate vergeet.

As hy die prins is, wil ek graag die koning hoor.

Intussen: "The Purple Governs Already!"

**Plate word op 'n skaal van 0 tot 10 beoordeel.**


PAPPA REDS

787-7987/4

ONDER

*Vry en Sat*: Delia Layton

*So:* Pierre van Staden

*Di:* Colin Shamley

*Wo:* Ian McCormick

*Don:* Annie

BISTRO, KROEG EN BILJARTKAMER

Crossroads-sentrum, Hendrik Verwoerd-rylaan, Randburg

787-7987/4



Jameson's

95A COMMISSIONER ST, JHB

Vry, Sat, Son

Dins, Wo, Don

Noise Khanyile

Tel: 836-6002/838-1769



Pensioentrekkers by die township-saal op Lamontville...een van Pax Magwaza se foto's op die Staffrider-tentoonstelling.

# Kort die politiek hul kreatiwiteit in?

**STAFFRIDER-TENTOONSTELLING**

**Mark-Galery, Newtown, Johannesburg**

**Tot 28 Oktober**

**KENDELL GEERS**

STAFFRIDER se jaarlikse fototentoonstelling is vanjaar oopgegooi om skilder, beeldhou en grafiese kuns in te sluit. Hulle het ook heelparty geldpryse aan kunstenaars in die onderskeie afdelings beskikbaar gestel. Op die duur beoog hulle om die toekennings met beurse te kombineer wat die kunstenaars in staat sal stel om aan verskeie instellings te studeer. Hierdie is 'n opwindende ontwikkeling op die kulturele kalender van Suid-Afrika. Dit het die potensiaal om 'n forum te word waar jong kunstenaars hul idees kan toets en selfs geld wen.

Die afdeling vir beeldende kuns kom vanjaar redelik neutraal voor as 'n mens die revolusionêre moontlikhede van so 'n tentoonstelling in ag neem. 'n Aantal verskillende mediums word verteenwoordig, van collage tot 'n pragtige ets van Lillitha Jawahirilal.

In dié mediums lyk dit egter nie of daar veel kritiek op die mediums self is nie. Die inhoud van die werke wat baie krities is oor apartheid slaag nie, want die medium ondergrawe enige ondermynende potensiaal wat die werke moontlik kon gehad het.

Olieverf, houtskool, pastel en ander soortelyke materiaal het 'n baie lang geskiedenis in Westerse bourgeoiskultuur. Hierdie geskiedenis word blykbaar blindelings aanvaar of as neutraal gesien. Dit is moeilik om revolusionêre kuns in 'n medium te skep wat weens sy aard bourgeoisgoedkeuring waarborg.

'n Mens word herinner aan John Heartfield se foto-montage's wat hy ten tyde van Hitler se bewindsoorname gemaak het. Hulle was baie sterk en daarom effektief want die vorm was opgewasse teen die inhoud.

Emmanuel Mhlungu se "Looking at a Non-Racial Future" is 'n tekening wat sekere fotografiese collage-elemente kombineer. Dié elemente begin om die werk verder as die bloot skilderagtige te voer, maar dit moet veel verder gevoer word.

Daar is 'n algemene eenvormigheid in die kunstenaars se handtekening (of stelsel) van merke. 'n Mens kan aflei waar 'n kunstenaar opgelei is aan die soort merktekens waarvan hulle gebruik maak en dit lyk asof relatief min instellings verteenwoordig word. Aan die tekens wil dit lyk of hulle aan 'n sekere "Afrikanisme" klou. Hierdie merktekens herinner egter meer aan Picasso of Jackson Pollock as Afrika.

Suid-Afrika is 'n land van uiterstes - polities, kultureel, geografies, selfs ons klimaat - maar waar uiterstes verteenwoordig word (van die harde omstadighede van mynwerkers tot idilliese landskappe) word soortgelyke merke gebruik.


Die styl van die werke in die algemeen lyk of dit in die verlede soek vir inspirasie, by kunstenaars soos Gerard Sekoto of Pablo Picasso. Tog verwys die onderwerpe van die meeste werke na die toekoms. Terwyl 'n "Afrikanisme", wat nie vermy kan word nie omdat dit ons onmiddellike ervaring is, behou word, kan dit opwindend wees as die tegniek en medium ook uit die twintigste kom, waar die idees beslis is.

Die foto's is meer aangrypend, al is dit net weens die illusie dat dit "waar" is. Weer eens, wanneer Suid-Afrikaanse fotograwe die harde werklikheid van die Suid-Afrikaanse lewe uitbeeld, lyk dit of hulle dieselfde aanvaarde onderwerpe en komposisies kies. Die kyker kan sekerlik intellektueel geraak word deur die inhoud, maar die ooreenkoms in die behandeling van die onderwerpe wat soveel van hierdie fotograwe gemeen het, verdoof die kyker visueel deur hul herhaling.


Steve Hilton-Barber se reeks oor die Voëlvrytoer, wat die merietetoekenning gekry het in die fotografie-afdeling, staan uit omdat dit soveel van die ander foto's verskil. Dis die enigste kleurfoto's op die tentoonstelling.

Die meeste van die foto's is in die aand geneem met die gevolg dat die onderwerpe op die voorgrond met kleur deurweek is terwyl die agtergrond swart bly. Hy gebruik 'n verskeidenheid kamerategnieke, van 'n vlakby-foto van Bernoldus Niemand, stadige sluiterspoed wat die effek van beweging skep tot landskappe van weggooibierblikkies.

Dit lyk asof Suid-Afrikaanse kunstenaars so hard probeer om polities korrek te wees dat hul kreatiwiteit ernstig ingekort word.



Dié foto wat Roger Meintjes verlede jaar in 'n hostel op Guguletu geneem het, is ook op die Staffrider-tentoonstelling te sien.





*Naartjie T-hemde deur kunstenaars*

**Stuur tjek of posorder vir R24 aan:**

Bruce Gordon mnf, cc, Ou Castle-brouery, Beachweg 6A, Woodstock, Kaapstad, 7925

VUL NAAM EN ADRES ASB DUIDELIK IN:

NAAM ____________________

ADRES ____________________

____________________

KODE ____________________

TELEFOON ____________________

**SLEGS R24!**

ETE EN DRINKE



Oor kookboeke 3

# 'n Lui hoender van die Keiser

EK belowe plegtig - o maar dis moeilik om sulke beloftes te hou - dat ek nooit ooit weer ons volk se "voorste" kookboek, Kook en Geniet, sal bespreek nie.

Vandag wil ek 'n uitstekende alternatief vir hierdie tragiese boek bespreek - wat óók spesiaal vir die huisvrou geskryf is. Die resepte is oor die algemeen eenvoudig, en aftreksels ("stocks") wat voor die tyd gekook moet word, kom nie in die prentjie nie. Die ingewikkeldhede is dus tot 'n minimum beperk.

Ek is oortuig daarvan dat mens 'n uitstekende bistro-tipe restaurant kan oopmaak deur net die resepte in hierdie boek te gebruik. Want sien, dié boek is deur 'n meester, en nie deur 'n amateur geskryf nie. Hierdie meester is Paul Bocuse ("Die Keiser"), waarskynlik die grootste lewende sjef in die wêreld.

Bocuse besef jy kan nie elke dag hoë restaurantkos eet nie. Daar moet ook die gesonde, eenvoudige maar lekker kos wees wat mens dag na dag kan eet.

Hy besef natuurlik ook dat goeie Franse huiskos deur Amerikaanse kos bedreig word. Toe ek 'n paar jaar gelede in Parys was, was ek nogal verbaas om te sien dat MacDonalds van hamburger-faam elke dag tjok-en-blok volgesit het, en van die betere restaurante net 'n paar kliënte gehad het.

Die lang arms van Amerikaanse kitskos strek oral, selfs in die hart van Frankryk in.

Dié boek se naam is French Home Cooking, en is wel beskikbaar (anders as Hildagonda Duckitt se boeke). Daar is 'n goeie voorraad van dié boek by Exclusive Books in Hyde Park in Johannesburg beskikbaar, en ek hoop by alle ander takke in Suid-Afrika.

Gaan koop asseblief die boek en leer kook by 'n meester. Dis nie goedkoop nie, omtrent R40, maar as jy hom deurgekook het, sal jy 'n uithalerkok wees. Waarom uit slegte boeke kook, as jy uit goeie boeke kan kook?

Bocuse se meesterwerk, The Cuisine of Paul Bocuse, is baie dikker en baie duurder, maar meer toeganklik as wat baie mense dink. 'n Huisvrou sal waarskynlik 60-70 persent van die resepte kan kook.

My vriend Jak begin my al weer 'n harde tyd gee omdat ek te min resepte in my rubriek verskaf. Nou gaan ek vir julle 'n resep gee wat ek vir Jak gekook het. Ons het een aand 'n glasie wyn of wat gedrink en Jak het 'n hoender en 'n paar groentes gehad, en ek was lui, en toe kook ek hierdie maklike resep.

Gekookte hoender met groente

*'n mediumgrootte hoender*
*4 klein preie*
*2-3 selderystingels*
*bouquet garni, wat bestaan uit 1-2 takkies vars tiemie, 'n kwart louriërblaar en 6 takkies pietersielie wat alles saamgebind is*
*6 mediumgroot wortels, geskil en in die lengte in helftes gesny*
*2 mediumgroot uie, geskil (druk 'n halwe naeltjie in een)*
*3 klein rapies, geskil en in helftes gesny*
*1 tamatie, geskil (in kookwater gedompel en die skil afgetrek)*
*mediumgrowwe sout*
*3 peperkorrels*
*5 mediumgroot aartappels, geskil, in helftes gesny*
*ligte witwyn (opsioneel)*

Sny die punte van die vlerke en die nek af en kap dit fyn. Bind die hoender se bene en vlerke met 'n stukkie tou teen die lyf vas - as ek 'n illustreerder kry sal ek hom of haar laat tekeninge maak hiervan - en plaas die hoender saam met die gekapte nek en vlerke in die pot.

Bind die seldery en preie saam, en voeg dit saam met die bouquet garni, wortels, uie, rape en tamatie in die pot. Vul die pot met koue water en 'n derde bottel ligte witwyn om die hoender heeltemal te bedek.

Voeg die peperkorrels en 'n bietjie sout by, en verhit tot kookpunt bo-op die stoof. Skep die skuim af, bedek en druk in 'n oond van 150 grade Celsius (omtrent 325 grade Fahrenheit?) en vergeet omtrent 'n uur daarvan. Voeg die aartappels by en wag totdat dit net sag is.

Haal uit. Bedien die vloeistof as 'n soppie met 'n paar snye bruin roosterbrood. Gooi die bouquet garni weg en haal die kuiken uit die pot. Sny die hoender op, plaas op 'n warm bord en omring met die groente. Bedien met lekker Franse mosterd en agurkies, en mediumgrowwe sout in 'n potjie.

Die geheim is dat die vleis en die groente nie moet papkook nie. Dis nie 'n bredie nie. Die groente moet nog redelik ferm wees, en alles moet blink en lig wees.

Mens hoef jou nie heeltemal by die resep te hou nie. As jy nie preie het nie, gebruik byvoorbeeld net uie. Wortels en aartappels is noodsaaklik, dink ek. So ook vars kruie.

'n Eenvoudige, stylvolle, heerlike hoendertjie, en vra maar vir Jak.

Ns. Bocuse leer jou ook konfyt kook en "eggnog" maak.

KOOS COETZEE

# Yeoville se goue garnale

**Delfini, Hunterstraat, Yeoville**

GERUIME tyd gelede het ek gekla oor die gebrek aan goeie restaurante in Yeoville en omgewing. Waarom het Mellville bv. 'n oormaat restaurants, en arme Yeoville moet aan die agterspeen drink. Die omgewing van Yeoville raak al hoe meer gegoed - Observatory en Lower Houghton is ook naby - maar Yeoville moet met 'n Steers en 'n Mama's tevrede wees.

Daar is baie geld in Yeoville. Daar is 'n klomp nagklubs wat jou ore van jou kop vir 'n dop vra, en waar baie mense laatnag dronk, honger en bankrot uitstap. Daar moet dus ruimte wees vir 'n hele paar restaurants.

Theo Heffer het my op 'n keer gebel en gesê ek moet by Delfini Restaurant in Hunterstraat, Yeo-ville, gaan eet. Dis 'n Griekse restaurant en die kos is goed, het hy gesê.

Ek wil nie Theo se kossmaak in twyfel trek nie, maar my ondervinding was anders. Miskien is daar 'n nuwe bestuur. Miskien was die sjef die aand siek, of miskien is daar 'n ander sjef.

Ek en my gesellin het 'n Griekse slaai bestel om mee te begin. Die groente in die slaai was redelik vars, maar daar was geen olyfolie in die slaaisous nie. Daar was 'n oormaat droë kruie in die slaaisous, en geen vars kruie nie. Daar was ook te veel peper in die slaaisous.

Heel bo-aan die spyskaart vir hoofgeregte was daar ses, net ses, geroosterde garnale vir, wag vir die prys, R32.50. Ek vind dit ietwat van 'n grap, as dit nie soveel van 'n "rip-off" is nie.

Om die waarheid te sê, ek vind dit ietwat obseen. Hulle kan so groot wees as hulle wil, maar die vraag wat by my opgekom het was: "Is hierdie garnale deur die Munt in goud vir die restaurant gegiet?"

(As jy goedkoop goeie garnale wil eet, gaan maar gerus na The Prawn in Hillbrow, waaroor ek reeds geskryf het. Ek het gesien Jani Allen, wat intussen Londen toe versit het, het heel snedig oor dié plek geskryf nadat sy 'n onderhoud daar met André Letoit en Johannes Kerkorrel gevoer het.

Sy het kakkerlakke daar gesoek en ek weet nie wat nog nie. Kafees, want dit is wat die plek is, is seker nie deftig genoeg gewees vir haar en Eugene van die Wit Aarde nie. Miskien was hulle nie daar nie omdat daar nie boerewors op die spyskaart is nie.)

Ewenwel, ons moet weer by Delfini uitkom. Die ander hoofgeregte se pryse is nie uitspattig nie, R15-16 rand. Ek het skaapvleis bestel, en gehoop ek kry die Griekse skaapvleis wat ek dikwels by Sloppy Sam in Seepunt geëet het.

Die oubaas aan wie die oorspronklike Sloppy Sam behoort het, het vir my gesê hy oondbraai die vleis eers en stowe dit dan baie stadig in witwyn, suurlemoensap en vars kruie. Dit was heerlik, soos murg, en het van die bene afgeval.

Ongelukkig was Delfini se vleis nie so goed nie. Dit was oorweldigend suur, en ek vermoed dat goedkoop sintetiese asyn in die plek van suurlemoensap gebruik is. Ag nee wat.

My vriendin het seekat bestel, wat heel droog was. Die roomspinasie was grys en glad nie groen nie. Miskien weet die sjef nie hoe om spinasie gaar te maak nie, of miskien het dit van die vorige dag oorgestaan.

Van halfnege die aand was die musiek so hard dat 'n gesprek skaars moontlik was.

Probeer die restaurant met die klubs meeding? Baie van die klubs se musiek is sagter.

Dis nogal 'n trendy plek, maar die cuisine is nie baie hogere nie.

KOOS COETZEE

# Spoeg uit daai wyn!

KOOS vertel daar was 'n tyd wat wynproe op die Wes-Kaaplandse wynroetes verniet was. Dit was bloot 'n geval van by die landgoede en wynplase opdaag, in die kelder insak en begin proe.

Dit was nou, vertel Koos, voor die dae toe Matie-studente op groot skaal daarvan misbruik gemaak het en mens vir dié heerlikheid moes begin betaal. Koos, homself 'n oud-Matie en liefhebber van die druiwevrug, was natuurlik een van die groot sondaars.

Vandag moet mens by meeste van die landgoede 'n proeglasie koop en kan dan aan bykans die hele reeks van die wynmaker proe. Dis steeds die maklikste, goedkoopste én lekkerste manier om wyn te leer ken.

Maar pasop, mense, dis 'n gevaarlike storie dié! Dis baie maklik om baie vinnig getrek te raak en die eintlike doel van die proe heeltemal te mis.

Soos wat met my en vriendin Mariëtte gebeur het toe ons onlangs 'n draai deur die wynroets gemaak het.

Dit was 'n skoon en vars lenteoggend in die Boland. In die wingerde het die druiwetrosse begin swel en die heuwels en berge was lowergroen na die goeie winterreëns.

"Ek ruik die wyn in die lug," het Mariëtte gesê toe ons by Simonsig se witgekalkte poort indraai.

In die proesaal met sy ou Kaaps-Hollandse meubels het die voggies gevloei. Ons het nie tyd gemors nie en sommer met 'n '84 Shiraz afgeskop. Ek en Mariëtte het die robynrooi wyn in ons monde rondgedraai.

'n Pragtige harmonie tussen hout en wyn en met 'n tipiese Shirazrooksmaak, het ons besluit, die wyn uitgespoeg en die vormpie ingevul.

Die Pinot Noir het ons ook uitgespoeg, die Adelberg nie. Toe ons by die Gewürztraminer kom, het ons nie meer die vormpie ingevul nie en bloot "Lekker, lekker" gesê en 'n tweede glasie gaan inskink.

Die doodsteek het gekom toe wynmaker Frans Malan 'n proesessie hou waar hy self die wyn verduidelik het. Ons het niks uitgespoeg nie.

Van Simonsig is ons na Hartenberg, waar ons niks uitgespoeg het nie en die hele reeks sommer vinnig kafgedraf het, en toe na daai wonderlike, mosbegroeide kelder van Delheim waar ons middagete geëet en twee bottels wyn - 'n Shiraz en Weisser Riesling - uitgedrink het.


Om 'n lang storie kort te maak: ek en Mariëtte het besluit dat die tyd nou reg was vir 'n glasie Muskadel. Maar nie Stellenbosch se soetwyn nie, o nee, Robertson s'n! Robertson toe is dit toe, na die soetes van Rietvallei, Mont Blois en Rooiberg. Ons neem die N1 Johannesburg toe, ry amper die afdraaipad Robertson toe mis maar kry dit uiteindelik weens die goedhartigheid van 'n voetganger.

Miskien moet ek my storie hier los. Want hoe op dees aarde ek en Mariëtte in Swellendam uitgekom het, weet ek nie. Ons is dwarsdeur Robertson verby al die wynkelders en kom 'n honderd kilometer verder in Swellendam uit. Al wat ek onthou, is dat ons halfpad na Swellendam baie bang vir die afgronde geword het.

Ek is natuurlik steeds spyt dat ek daai heerlike soetes van Robertson misgeloop het. Ek sal eendag weer die wynroete aanpak, maar dié keer spoeg ek uit!

JACQUES PAUW


GASTEHUIS
Stellenbosch



'n Huislike en gasvrye atmosfeer
Tradisionele disse
Billike tariewe
Bed en ontbyt vanaf R50 per persoon

Dorpstraat 110
Stellenbosch
(02231) 3555



Onthou...
Koala Blu Restaurant
bedien besonderse kos uit Suidoos-Asië
Bel vir Eric om uit te vind van die wonderlike jazz Sondagaande:
482-2477/8



HARRIDANS RESTAURANT
JANET TELIAN
JACQUI CRAIG
By die Mark-teater
Breëstraat, Newtown
Tel: 838-6960

# Moffiefliek vir jou ma



Matthew Broderick as Alan en Harvey Fierstein as Arnold

**TORCH SONG TRILOGY**

**Met Harvey Fierstein, Anne Bancroft, Matthew Broderick, Brian Kerwin en Karen Young**

**Regie: Paul Bogart**

ANDREA VINASSA

DIE dramaturg Harvey Fierstein se grootste struikelblok is Harvey Fierstein die akteur. Die leepoogskrywer van "Torch Song Trilogy", die eerste prent oor homoseksuele wat jy by jou ma kan aanbeveel, het 'n lelike streep sentimentaliteit weg en dit word vererger deur Fierstein se soetsappige toneelspel.

Ek kan sê hy is vals en onoortuigend, want hy is nie hier om my te bliksem nie, maar ek dink tog ek het 'n saak.

Die toneelstuk is 'n paar jaar gelede by die Mark-Teater op die planke gebring met Danny Keogh in die hoofrol. Keogh se growwe "manlike" aanslag het die inherente soetsappigheid verdun.

Fierstein trek sulke simpel gesigte, asof hy op 'n verhoog is en hy is bang niemand kan sy gesigsuitdrukkings sien nie. Ongelukkig speel die regisseur lekker saam. Die prent is vol close-ups.

'n Resensent van New York noem dit "sentimentele ondergrawing"... ek weet nie soveel van ondergrawing nie. Maar miskien is dié weersin wat ek in soetsappigheid het bloot omdat Fierstein se openhartigheid te diep tref?

Fierstein speel 'n fopdosser ("female impersonator") in New York wat smartlappe sing in 'n kroeg. Dis die ou cliché van die grapmaker wat eintlik eensaam is en hunker na 'n betekenisvolle verhouding.

Arnold se eerste betekenisvolle verhouding is met 'n vervelige onderwyser wat sy "straight" beeld na buite ten alle koste wil behou.

Dan kom Matthew Broderick aan en speel almal onder die tafel in.

Hy speel Alan, die tweede man met wie Arnold 'n betekenisvolle verhouding het en sy dood - hy word doodgeslaan deur 'n homofobiese bende - is vir my die betekenisvolste deel van die prent.

Die prent roer sake wat gemeen is in die heteroseksuele en homoseksuele wêreld: monogame verhoudings, die gesin en getrouheid binne 'n huwelik. Dinge wat deur baie (heteroseksuele en homoseksuele) mense beskou word as konserwatiewe aspirasies word hier opgehemel.

(Die New Yorkse resensent sê die regses het die gesin 'n slegte naam gegee en dat die gesinslewe 'n interessante uitdaging is.)

Die prent is 'n reaksie op die seksuele anargie van die sewentigs en Fierstein probeer sy allerbeste om sy kommersiële gehoor 'n vermaaklike ervaring te gee. Moffies kan ook vir hulleself lag. Daai soort ding.

Tuis en by die werk volg Arnold die vroulike stereotipes van die ou "torch song"-sangeresse na: hy rig homself op as die prooi en die slagoffer van mans en die lewe.

"Drag" is nog 'n interessante verskynsel: as vrou voel ek soms in die gesig gevat deur die groteske voorstellings van vroue. Die selfkastyding wat fopdossers deurmaak om hulle soos "vroue" te laat lyk, gaan my verstand te bowe. Dit is fassinerend dat die hoëhakskoene, stywe borsrokke, lae grimering, swaar haarstukke, vals oogwimpers en ander middele wat vroue deur die eeue heen gebruik het om in te skakel by manlike fantasieë deur die "drag queens" aanvaar word.

Die feministiese opvatting dat vroue meedoen aan hulle eie verdrukking, geld dalk ook hier.

Die New Yorkse resensent sê "drag" was tien jare gelede polities verdag, maar vandag is dit radikaal. Ek weet darem nie wat is so radikaal aan mans wat die skrikwekkende gedrag waarvan vroue hulle bevry het, nou so geredelik omhels nie. Hoekom wil hulle meer ly as wat nodig is? Is dit nie net weer 'n toegewing aan die begeertes van die macho-mans nie?

"Torch Song Trilogy" roer ook probleme van identiteit en assimilasie binne 'n heteroseksuele gemeenskap en die "hoe sê ek my ma en pa"-kwessie aan.

Die ontstuimige tonele tussen Arnold en sy ma sal vir elke ma se kind herkenbaar wees. Dit is veral gerusstellend om te verneem dat baie ouers nie hul kinders se lewenskeuses goedkeur nie.

Die voorstelling van homoseksuele as "queers" en buitestaanders is nogal ouderwets. Daar is vir my te veel selfbejammering in die benadering.

Diegene wat meen ek is reaksionêr en homofobies moet maar self gaan kyk.

O, die prent is deurentyd snaaks, vermaaklik en vol pittige waarnemings oor die mensdom.

# Hoekom dra gesonde pret dan 'n pruik?




EK het geweet hier kom skoon gesonde pret. Innes en Franna wat meisies in 'n swembad natspat. Kupido wat agter 'n reuse glimlag uit sing. Twee oulike ouens in truie met kabelkar-motiewe al langs Seepunt se promenade. Twee Staffordshire Boelterriers in een program (is hulle nie vurskrukluke oulike honde nie? Het julle daai een gesien wat vir windhonde weghardloop?).

En toe 'n gratis advertensie vir Bles se nuwe plaat wat, soos gewoonlik, gaan "oor die liefde en die dinge wat regting in die land gebeur".

Vir die Bles-koppe wat dalk nog nie weet nie: Bles was mos so vreeslik gepla met verkoues.

Toe sê 'n vriend nee hy moet fietsry. Wat hy toe ook doen, en nou, soos Bles met immer 'n vonkel in die oog sê: "het ek baie beter beheer oor my stem en kan ek my note baie skoner sing."

Hy gaan binnekort Suidkus toe ry met sy fiets en 'n paar medefietsers. So as 'n plastiekroos jou voorruit tref op pad Durbs toe, spits 'n oor vir 'n paar skoon note.

Terloops, as Bles 'n beskermheer is van Teletreffers, hoekom is daar so baie pruike op die program (nee ek bedoel nie Steve Hofmeyr se kapsel moet deur die Kommissie van Ondersoek ondersoek word nie.)

## Het hulle jou tuin bemors?

M-Net se mense het my verlede week gebel om te vra of die ouens wat die dekodeerder - en 'n opvangmas - kom insit het, oukei was. Of hulle vriendelik was, die tuin bemors het en my gewys het hoe werk die kindersensuur.

Dit het my diep laat dink, want die SAUK het my nog nooit gebel nie. Ek weet in fact van baie mense wat die SAUK bel, en nooit antwoorde kry nie.

Ek het 'n soort van 'n antwoord gekry toe die SAUK in die naweek die maltrap prent Airplane wys. Dit het my selfs dele van Flying High, die lugwaardindrama, laat geniet. (Daar is 'n waardevolle les vir ons almal in Flying High: mooi meisies kan ontsettend vervelig wees.)

Die essensie van Airplane se verhaal was natuurlik die teenoorgestelde: dat mense te besig is met hul eie menswees om die groot tegnologie wat hulle veronderstel is om te beheer, behoorlik te beheer.

Ja-nee, so min of meer iets soos die SAUK.

(Daar was 'n onvergeetlike stukkie dialoog in Airplane.

"Nervous?" vra die tannie terwyl die rampspoedige vliegtuig deur die wolke dreun.

"Yes" sê die ou.

"First time?" vra die tannie.

"No, I've been nervous lots of times.")

## Fantastical happy

Jy kan blykbaar M-Net aan jou eie stel sensureer (think globally, act locally?) en dan kan jou kinders nie gruwelike programme kyk soos die opium-, naakte seks- en seerowerverhaal van Saterdagaand nie.

Die mooi Chinese meisie is die Skotse smokkelaar se slaaf, en hy kan haar selfbeeld net red as hy maak of hy kwaad is, en haar een of twee op die agterwêreld piets.

Shame en dan sê sy nog: "I make you fantastical happy".

## Likili Likilies

Menslievende advertensie van die maand is All Sorts se Karibiese fantasie: A likili likilies.

VICTOR MUNNIK


VWB?
Wat is
VWB?



VWB is die mees opwindende gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse literêre wêreld in 'n baie lang tyd.

Maar VWB is nie net vir literatore met toffieneuse, vervelige akademici en vaal, bysiende bibliotekaresses nie.

VWB is vir almal wat graag lees. Oor die letterkunde, poësie, die geskiedenis, tuinmaak, mense, gesondheid, natuurbewaring en ekologie, kinders grootmaak, die ekonomie, politiek, kos - alles waaroor boeke geskryf word.
En oor die mense wat dit geskryf het.

VWB is Vrye Weekblad Boeke, 'n kwartaallikse bylae wat die eerste keer op 13 Oktober verskyn.

VWB gaan 'n fees wees.



dié week by die
MARK-TEATER

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm. Sa: 5.30nm & 9.15nm
A WALK IN THE WOODS
Regie deur Leonard Schach
Met Michael Atkinson en Michael McGovern. Ma tot Vry: 8nm. Sat: 6nm en 9nm.

UPSTAIRS-TEATER
BURN THIS - Regie deur Clare Stopford. 'n Skitterende, snaakse toneelstuk oor die liefde
Ma tot Vry: 8nm, Sa 5.45nm & 9nm

DIE LAAGER
SO WHERE TO - deur die Sibikwa-spelers.
Ma tot Sa: 8.15nm. Sat: 6.15nm & 9.15nm

WAREHOUSE BY DIE MARK
LAKUTSHON 'ILANGA - Deur Mothobi Motloatse. Di tot Vry: 8nm. Sat: 5.30nm & 9.15nm. Son: 6nm

KIPPIES BY DIE MARK
Di tot So: 8.30nm
McCoy Mrubata's Brotherhood

MARKGALERYE
Groot Galery
Staffrider se jaarlikse toekenningsuitstalling vir skilder en beeldhouwerk en fotografie

Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9.00 vm tot 4.00 nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9.00 vm tot 4.00 nm.
Sondae by die Mary Fitzsgeraldplein van 9.00 vm tot 4.00 nm.

## FILM

*Vervolg van bladsy 7*



**Jessica Lange in "Far North"**

afstootlikste weergawes van 'n plaaslike soort 'candid camera'-produksie bedoel vir die inry-aanhangers van die land.

GLEAMING THE CUBE - 'n Tienerfliek oor 'n outjie met nie net skaatsplanke op die brein nie, maar ook WRAAK! Met Christian Slater.

THE KARATE KID PART III - Asof die eerste twee nie genoeg was nie. Die mannetjie is terug, hierdie keer om regtig sy GROOTSTE uitdaging aan te pak. Met Ralph Macchio en Pat Morita.

THE DREAM TEAM - Michael Keaton is een van vier malletjies wat kattekwaad aanjaag in die dorp. 'n Sreeusnaakse komedie.

ONAFHANKLIKE ROLPRENTTEATERS

KAAPSTAD

LABIA - Oranjestraat 68:

Franse Filmfees

JOHANNESBURG

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. A CLOCKWORK ORANGE wys vanaand en volgende week tot Woensdag. Donderdag begin THE KITCHEN TOTO, 'n aangrypende storie van 'n seuntjie wat tydens die bevrydingstryd in Kenia die slagoffer word van wit en swart geweld.



**Christian Slater in "Gleaming the Cube"**

**Gidse saamgestel deur Debbie Amos**

## DIE WEEK SE TV

### VRYDAG 6 OKTOBER

**TV1**
7.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Santa Barbara
4.25 Fast Forward
4.55 Arty Facts
5.05 Rockbottom and Company
5.25 Children's Bible
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 Airwolf IV
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Simon en Simon
9.50 Spies en Plessie
10.45 Ná die belofte - Die ware verhaal van Elmer Jackson, 'n toegewyde gesinsman wat na die skielike dood van sy vrou alleen vir sy vier seuns moet sorg. Met Mark Harmon.
12.15 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.04 The Dirty Dozen: The Deadly Mission - Met Telly Savalas.
10.47 MASH
11.14 Concert on the Beach

**M-NET**
10.30 Tough Guys
2.30 Telygames
3.00 Jumpin' Jack Flash
5.00 Hot Hits
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Robert Guillaume Show
Intekenare
7.00 Stir Crazy
9.00 Exposed - kyk onder hoogtepunte
10.40 Fietsry
11.25 Foxes

### SATERDAG 7

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 TopSport
1.00 Sakkie en Thomas
1.05 Amigo en Vriende
1.10 Spesiale Agent TR Sloane
2.00 Topsport
6.00 Nuus
6.15 Teletreffers
7.05 J J Starbuck
8.00 News
8.35 Magnum
9.30 Red Elephants (deel 1) - kyk onder hoogtepunte
10.50 The Golden Girls
11.20 Flying High
12.10 Epilogue

**TV4**
6.03 Redd Foxx
6.30 Learning the Ropes
9.03 Murphy Brown
9.30 Baby Boom
9.57 Hotel
10.49 Frank's Place
11.20 TJ Hooker

**M-NET**
12.00 Sokker
1.30 Motorsport
2.00 Boks
3.00 Tennis
5.00 Golf
Oop Tyd
6.00 Houston Nights
Intekenare
7.00 Johnny Dangerously - kyk onder hoogtepunte
9.00 Supermodel of the Year 1989
10.30 Fietsry
11.15 Boks
12.15 Hot Hits

### SONDAG 8

**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Once Upon a Time... Life
2.30 Bybelvasvra
3.00 Breakthru SA
3.20 Cousteau's Rediscovery of the World
4.30 Collage
5.20 The Deacon Street Deer
6.10 50/50
6.50 Kruis en Kroniek
8.00 Network
9.00 My Liewe Vriend
10.20 Impetus
10.50 Insight

**TV4**
6.03 Kupid
9.04 North and South
9.53 227
10.20 Sing Country
10.50 Topsport

**M-NET**
7.30 Indiese diens begin
10.30 Portugese diens begin
Intekenare
1.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
2.00 Storybreak
2.30 Dusty
3.00 Dragonslayer
4.40 Perdewedrenne
Oop Tyd
6.00 Falcon Crest
Intekenare
7.00 Carte Blanche
8.00 Wildlife on One
8.30 The Best of Europe
9.00 Octopussy - kyk onder hoogtepunte
11.00 Fietsry
11.45 Steel Justice

### MAANDAG 9

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Santa Barbara
4.25 Webster
4.55 Sylvanian Families
5.10 Pumpkin Patch
5.25 Bible Story
5.30 Bravestarr
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 Goldengirl
8.00 Netwerk
9.00 Dirk Hoffman
10.00 Topsport
11.00 Die vlieërs - Die eerste van 'n kort reeks oor die lief en leed van twee jongmense met verskillende agtergronde.
12.05 Oordenking

**TV4**
6.03 Small Wonder
6.30 Topsport
9.03 Head of Class
9.30 Dynasty
10.23 Wiseguy
11.15 The Forum Presents: Randy Nowman - Part 1

**M-NET**
10.30 Cotton Club
2.30 Telygames
3.00 Tai-Pan
5.00 Hills End
5.30 The Smurfs
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Perfect Strangers
Intekenare
7.00 Sweet Dreams
9.00 Operation Thunderbolt - kyk onder hoogtepunte
11.00 11 Harrowhouse

### DINSDAG 10

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Die Vyfde Jaargety
5.00 Rompelstompelstories
5.10 Wielie Walie
5.30 Roep van die visarend - 'n Heruitsending van die reeks oor die Manyengeti-privaatwildreservaat se nuwe wildbewaarder en sy seun.
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.00 Oorlewing
7.30 Vleuels
8.00 Network
9.00 Dallas
10.00 Topsport
11.00 Open University
11.55 Evening Prayer

**TV4**
6.03 Me and Mom
9.04 The Fighter - 'n Viëtnam-veteraan en sy pa bevind hulself in 'n penarie toe die meule waar hulle werk, toemaak. Met Gregory Harrison en Pat Hingle.
10.48 She's the Sheriff
11.13 Gunsmoke
12.06 S.W.A.T.

**M-NET**
10.30 Animalypics
11.50 Storybreak
12.30 Masters of the Universe
2.15 60 Minutes
2.30 Telygames
3.00 Johnny Dangerously
4.35 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.00 My Little Pony
5.30 Starcom
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Valerie
Intekenare
7.00 Supercarrier
8.35 West 57th
9.00 Sokker
10.00 Carte Blanche
11.00 Exposed

### WOENSDAG 11

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
5.00 Sylvanian Families
5.10 ZAPMAG
5.25 Bible Story
5.30 Garfield and Friends
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Starting from Scratch
8.00 Netwerk
9.05 Oos-Wes
9.35 Diagonal Street
10.00 TopSport
11.00 Die ma-plotters
11.30 Die storie agter die storie
11.55 Oordenking

**TV4**
6.03 Easy Street
6.30 Topsport
9.04 The Colbys
9.58 Fontanes
11.35 9 to 5

**M-NET**
10.30 Foxes
2.30 Telygames
3.00 Tennis
5.00 The Diplodos
5.30 The Adventures of the Galaxy Rangers
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Dear John
Intekenare
7.00 Eddie and the Cruisers
8.30 Bon Voyage
9.00 Foxes - kyk onder hoogtepunte
9.00 Deal of the Century
10.40 Golf
11.00 Cotton Club

### DONDERDAG 12

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Die Vyfde Jaargety
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.00 Honeyball se Toere
8.00 Network
9.00 War and Remembrance
10.00 Topsport
11.00 People vs Jean Harris - kyk onder hoogtepunte
1.25 Face to Face

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A la Carte
9.04 21 Jump Street
9.58 Movie Focus
10.32 Night Court
11.00 Misdaad in Miami
11.52 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
10.30 Exposed
2.30 Telygames
3.00 Golf
4.45 Tennis
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Wonder Years
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 Tennis
9.00 The Defiant Ones - kyk onder hoogtepunte
10.35 Golf
11.00 Johnny Dangerously

### Hoogtepunte

# Velkleur is wat dit is: oppervlakkig

THE DEFIANT ONES wat Donderdagaand op M-Net wys, is 'n drama waarin twee gevangenis - een swart en een wit - daarin slaag om uit die trok waarin hulle vervoer word, te ontsnap. Met die sherif en sy manskappe kort op hulle hakke, leer hulle mekaar beter ken en besef gou dat velkleur net is wat dit is - oppervlakkig. Met Robert Urich en Carl Weathers.

Vir hope politieke intrige, geweld en histerie, moenie OPERATION THUNDERBOLT wat Maandagaand op M-net wys, misloop nie. Die gewaagde reddingspoging van 104 gyselaars wat in 1976 by die Lughawe Entebbe deur Israeliese kommando's aangehou is, word uitgebeeld. Klaus Kinski, Sybil Danning en Yehoram Gaon speel die hoofrolle.

Oom James is terug (gaap) en hierdie keer in OCTOPUSSY wat Sondagaand op M-Net vertoon word. In hierdie dértiende aksie-avontuur word 007 deur die pragtige Maud Adams bygestaan om die planne van 'n Russiese boef in die wiele te ry. Ook met Steven Berkoff en Louis Jourdan.

Die lieflike Natassja Kinski kan vanaand in die riller EXPOSED gesien word en sy speel teenoor die net so lieflike Rudolf Nureyev. 'n Model word in die gevaarlike wêreld van terrorisme ingetrek deur haar minnaar en 'n terroris (Harvey Keitel).

Op TV1 Donderdagaand kan die dramatiese PEOPLE VS JEAN HARRIS op TV1 gesien word. Jean Harris wat haar minaar van 14 jaar - die bekende skrywer, dr. Herman Tarnower, van "The Scarsdale Diet" - doodgeskiet het, se lang en emosionele verhoor het die publiek en die media op hete kole gehad. Ellen Burstyn vertolk die hoofrol en Richard Dysart en Peter Coyote kan ook in die fliek gesien word.

Die eerste gedeelte van RED ELEPHANTS, die verhaal van die jag op wilddiewe in 'n land in Afrika, is Saterdagaand op TV1 te sien. Aan die hoof van die organisasie wat jag maak op die diewe staan kaptein Kimani Adipo (Sydney Chama) en van die ander lede is onder andere 'n veearts (Silvia Janisch) en 'n dokter (Winston Gama). Die tweede en laaste deel is volgende Saterdag aan die beurt.

In JOHNNY DANGEROUSLY wat Saterdagaand op M-Net wys kan Batman (Michael Keaton) in 'n ander soort aksie gesien word. Hier is hy 'n brandarm jong man wat besluit om die misdadige element in sy karakter verder te voer wanneer sy ma 'n operasie nodig het.



**Jonathan Frakes en Mary Crosby in die TV4 reeks "North and South".**

## Die keiser se lui hoender - 4